'N PENOLOGIESE STUDIE RAKENDE RESTITUSIE AS 'N BEVEL AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD

deur

CHRISTINA ELIZABETH VAN DEN BERG

voorgelê luidens die vereistes vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

PENOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF C H CILLIERS

NOVEMBER 1996

Opgedra aan alle slagoffers van misdaad

Restitution contains the best features of punishment (deterrence, justice) and of clinical treatment (recognition of psychological basis of behaviour; returning good for evil). It is a form of psychological exercise, building muscles of the self, developing a healthy ego.

'n Amerikaanse Sielkundige

VOORWOORD

Aan die volgende persone my opregte en innige dank:

My Hemelse Vader vir Sy groot genade en liefde aan my bewys tydens die skrywe van hierdie proefskrif

Professor Charl Cilliers vir sy uiters bekwame leiding en vriendskap

Francois vir sy finansiële bystand en ondersteuning. Sonder jou aanmoediging en die ruimte wat jy aan my gebied het om myself te ontwikkel, sou ek nie instaat gewees het om hierdie akademiese hoogtepunt te bereik nie. 'n Besondere woord van dank en waardering gaan aan jou.

Aan my kinders Pieter en Míranda, 'n baie innige woord van dank vir julle belangstelling, geduld en al die liefde wat ek van julle ontvang

My ouers by wie ek reeds vroeg in my lewe 'n honger na kennis geleer het. Dit het my egter ook geleer dat soos die mens se kennis vermeerder, so moet ook jou deernis vir die mense om jou vermeerder wat in baie gevalle slagoffers is van omstandighede

'n Woord van dank gaan aan Marie de Kock vir haar taalkundige versorging van hierdie proefskrif

Aan my susters Ansa en Marie asook my familie vir hul volgehoue belangstelling en aanmoediging deur die jare, 'n woord van opregte dank

Aan God al die eer.
Christa van den Berg

OPSOMMING

Hierdie proefskrif is 'n poging om vanuit 'n Penologiese perspektief 'n teoreties-prinsipiële uiteensetting te gee betreffende restitusie aan die slagoffer van misdaad. Die doel van hierdie studie was om deur navorsing tot insig en kennis te kom betreffende die vraagstuk rondom slagoffervergoeding en meer spesifiek restitusie as slagoffervergoeding.

Die proefskrif behels 'n beskrywing van slagoffervergoeding vanaf die vroegste tye wat as die historiese ontwikkeling van slagoffervergoeding gesien kan word tot en met die tydsvlak waarin die strafreg hom nou bevind. Restitusiestelsels van Brittanje, die Verenigde State van Amerika en vyf Europese lande is bespreek. Die Republiek van Suid Afrika beskik nie oor 'n kompensasie of restitusiestelsel om slagoffers te vergoed nie en daarom is slegs die status wat die slagoffer in die strafproses beklee, bespreek.

Gedurende die bestudering van die onderskeie lande se restitusiestelsels kon selfs binne die Europese Unie, geen eenstemmige beleid gevind word ten opsigte van die omvang van restitusie aan die misdaadslagoffer nie. In al die lande wat bestudeer is was die doelstellings waarom restitusie ingestel is egter dieslfde naamlik dat die tradisionele strafmetodes waaronder gevangenisstraf en ondertoesigstelling gefaal het in hul pogings om die slagoffer van misdaad te akkommodeer.

Navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat gesien teen die swak posisie wat die slagoffer van misdaad in Suid-Afrika beklee, die instelling van 'n restitusiestelsel 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Die stelsel moet funksioneer vanuit die ondertoesigstellingsdepartement met as ondertoesigstellings-beamptes as invorderaars van restitusie wat ook as bemiddelaars kan optree. Aanbevelings is ook gedoen vir die implimentering van 'n sentrale slagoffervergoedingsfonds.

Sleutelwoorde:

Restitusie; Kompensasie; Penologie; Slagoffer; Oortreder; Misdaad; Straf.

ABSTRACT

This desertion is an attempt to present, from a Penological perspective, a theoretical fundamental exposition regarding restitution to the victim of crime. The purpose of this study was to, through research, gain insight and knowledge with regard to the question of victim compensation and more specific - restitution as victim compensation.

The dissertation comprises a description of victim compensation from the earliest of times, which can be seen as the historical development of victim compensation, until the time period that criminal law finds itself in today. Restitution systems of Britain, the United States of America and five European countries are discussed. The Republic of South Africa does not possess a Compensation or restitution system to compensate victims and therefore only the status of the victim in the criminal process is discussed.

During the study of different countries's restitution systems there could, not even in the European Union, agreement be found with regard to the extent of restitution to the victim of crime. In all of the countries studied, the purposes why restitution were emplaced were the same, namely that the traditional punishment process, where under imprisonment and under supervision, failed in their attempts to accommodate the victim of crime.

Research came to the conclusion that, taken against the bad position that the victim of crime in South Africa holds, the emplacement of a restitution system have become a necessity. The system should function from the under supervisory department with the supervisory officials as collectors of restitution and which could also act as mediators. Recommendations are done for the implementation of a central victim compensation fund.

Keywords:

Restitution; Compensation; Penology; Victim; Offender; Crime; Punishment.

INHOUDSOPGAWE

Lys van Tabelle

HOOFSTUK 1

DIE ONDERSOEK

1.1 INHOUD EN ALGEMENE STREKKING VAN DIE ONDERSOEK

Onderlinge verskille in die afbakening van die navorsingsprojek is die gevolg van die eksplisiete of implisiete individuele aannames van verskillende navorsers oor wat bestudeer moet word en wat as sodanig irrelevant is.

Metodologie beteken volgens Mouton (1992:16) niks anders nie as die logika onderliggend aan die implementering van wetenskaplike metodes in die bestudering van die werklikheid.

Wetenskaplike navorsing is volgens hierdie omskrywing dus in wese 'n **besluitnemingsproses**. Kaufman (Mouton 1992:16) skryf daarom ook tereg in hierdie verband dat

> " *Research metodology is the theory of correct scientific decissions* ".

Hierdie proefskrif is daarom 'n poging om 'n teoreties-

prinsipiële uiteensetting te gee van die vergoeding aan die slagoffer van misdaad en word vanuit 'n bepaalde gesigspunt benader, naamlik die Penologiese perspektief.

Aangesien vergoeding aan die slagoffer 'n wye ondersoekveld verteenwoordig, was dit vir navorser nodig om die ondersoek af te baken op 'n beginsel wat prakties uitvoerbaar is. Smith (1971:5) merk hieroor as volg op:

> *" Die individuele ondersoeker is nie by magte om 'n vraagstuk in sy volle omvang en in al sy fasette te ontleed nie. Daarom is dit noodsaaklik dat die gebied sodanig afgebaken word dat die taak prakties uitvoerbaar is ".*

1.2 **AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEK**

Die afbakening het meegebring dat die inhoud van die navorsingsverslag in agt hoofstukke ingedeel word. Hierdie afbakening het egter groter verantwoordelikheid vir die navorser meegebring omdat die verslag nog steeds 'n logies geordende geheelbeeld van die term **restitusie** vir die doel van hierdie navorsing moes laat ontplooi.

In **Hoofstuk 1** word die doel, inhoud, begripsomskrywing, insameling van gegewens en keuse van die ondersoek behandel. Die doel met hierdie hoofstuk is om aan die leser daarvan so vinnig en deeglik as moontlik 'n beeld te gee van die probleem wat

nagevors is en op watter wyse die navorsing uitgevoer is. Na hierdie kommunikasie tussen navorser en leser, volg die disseminasie van die inligting wat tot afleidinge en aanbevelings aanleiding gee.

Hoofstuk 2 word gewy aan 'n bespreking oor die rasionaal waarom navorser dit nodig gevind en van belang geag het om 'n proefskrif te voltooi oor die situasie waarbinne die slagoffer van misdaad binne- en buite die strafreg verkeer.

In **Hoofstuk 3** word die historiese en ontwikkelings geskiedenis van die posisie van die slagoffer in die hele straf- en regsproses bespreek. Die status wat die slagoffer vanaf die vroegste jare tot op hede beklee het word van nader beskou.

Hoofstuk 4 waar restitusie aan die slagoffers van misdaad in Brittanje van nader beskou word was 'n logiese inleiding tot 'n bespreking van restitusieprogramme in verskeie lande daar Brittanje as 'n leier op die gebied van vergoeding aan die misdaadslagoffer beskou word.

In **Hoofstuk 5** word restitusie in Europa van nader beskou. Restitusiestelsels in die volgende lande wat almal lidlande van die Raad van Europa (Council of Europe) is, word nagevors:- Nederland, Duitsland, Frankryk, Spanje en Griekeland.

Hoofstuk 6 handel oor vergoedings- en rehabilitasiemodelle in die Verenigde State van Amerika. Sisteme en restitusiemodelle

soos wat dit in verskeie state funksioneer, word hier onder die loep geneem.

In **Hoofstuk 7** word gekyk na die Suid-Afrikaanse situasie betreffende restitusie aan die slagoffer van misdaad.

Hoofstuk 8 bevat 'n verslag van bevindings en gevolgtrekkinge waartoe navorser gekom het betreffende vergoeding aan die slagoffer van misdaad asook aanbevelings in hierdie verband.

Vir die navorser is dit wenslik om op hoogte te wees met relevante literatuur wat deur ander navorsers versamel is omtrent die probleem wat nagevors word. Sodoende verkry navorser nie slegs 'n insae in die bevindinge, gevolgtrekkinge, aannames en resultate van verskeie navorsers nie, maar stel dit navorser ook instaat om aan die einde van die proefskrif, eie bevindings en resultate met diè van ander navorsers te vergelyk en tot 'n beter begrip van die mens in sy totaliteit en in die besonder van sy menswees te kom.

1.3 BESLUITNEMINGSTAPPE IN DIE NAVORSINGSPROSES

Van die navorser word verwag om rasionele navorsingsbesluite te kan neem. Hiermee beoog die navorser om die **hoe** van geesteswetenskaplike navoarsing uit te lig sodat dit as 'n rigtingwyser kan dien van **hoe** wetenskaplike navorsing beplan, gestruktureer en uitgevoer moet word ten einde aan die streng wette van die wetenskap te kan voldoen.

Mouton (1992:25) lig vyf tipiese stappe uit wat relevant is in hierdie besluitnemingsproses naamlik:

* die keuse van 'n navorsingsontwerp of navorsingstema

* formulering van die navorsingsprobleem

* konseptualisering en operasionalisering

* data-insameling/inwin van inligting

* analise en interpretasie van data/inligting.

Volglens Neser (1980:40) beïnvloed die volgender drie faktore die keuse van 'n ondersoek:

* die noodsaaklikheid en wenslikheid van so 'n ondersoek

* die beskikbaarheid van gegewens

* die navorser se belangstelling.

1.3.1 **Die noodsaaklikheid en wenslikheid van die ondersoek**

Die vraag of die ondersoek noodsaaklik en wenslik is om te onderneem, spreek die metodologie veral op drie punte toe:

* eerstens, of die ondersoek wel 'n bydrae kan lewer tot die kriminologiese vakwetenskap in die algemeen en die penologie in die besonder

* tweedens, of die ondersoekveld aktueel is en nuwe lig op die huidige problematiek rondom restitusie werp

* derdens, of die ondersoek suksesvol in die praktyk toegepas kan word en selfs verdere navorsing moontlik maak.

Wat die eerste oorweging betref, moes die navorser besin oor die teoreties-prinsipiële grondslae waarop restitusie toegeken word aan die slagoffer van misdaad asook die ontwikkeling, probleme en funksionering wat in die buiteland ondervind word met betrekking tot restitusiestelsels. Suid-Afrikaanse literatuur oor die onderwerp van vergoeding aan die slagoffer van misdaad is uiters beperk en verteenwoordig meestal net 'n weergawe van literatuur wat oorsee die lig gesien het.

Betreffende die aktualiteit van die onderwerp, bestaan daar geen twyfel by navorser dat die tyd inderdaad ryp is vir so 'n navorsing nie. Die Republiek van Suid-Afrika is een van die min ontwikkelde lande wat nie oor 'n restitusiestelsel in sy wetgewing en restitusiemodelle in die praktyk beskik nie. Omdat die slagoffer van misdaad wêreldwyd sy regmatige plek in die strafreg begin inneem, is dit net logies dat so 'n ondersoek op

teoreties-prinsipiële grondslag geregverdig kan word.

1.3.2 **Beskikbaarheid van gegewens**

Vir die praktiese uitvoerbaarheid van 'n ondersoek is dit 'n vereiste dat daar genoegsame gegewens beskikbaar is ten einde die ondersoek te rugsteun. Die doel van wetenskapsbeoefening is daarom ook om kennis te bekom en bestaande kennis uit te brei. Hierdie kennis moet egter toeganklik wees vir ander wetenskaplikes asook diegene wat hierdie kennis in die praktyk moet toepas.

Die literatuur wat navorser bestudeer het, was met enkele uitsonderings na, hoofsaaklik oorsese publikasies wat as 'n groot leemte gevind is in die ondersoek. Ten einde aanbevelings te kon maak rakende die funksionering van 'n restitusiestelsel aan die misdaadslagoffer in die Republiek van Suid-Afrika, was navorser dus net op buitelandse publikasies aangewese aangesien restitusieprogramme nog nie as 'n werklikheid in Suid-Afrika funksioneer nie.

Verdere bykomende inligting is bekom deur aan verskeie Ambassades besoek te bring of 'n skrywe te rig ten einde meer te wete te kom oor restitusiestelsels van die lande wat hulle verteenwoordig.

1.3.3 **Belangstelling van die navorser**

Mouton (1992:36) stel dit treffend wanneer hy beweer dat

navorsing om 'n verskeidenheid van redes onderneem kan word, maar dat die beweegredes dikwels slegs geleë is in die blote nuuskierigheid en verwondering oor 'n interessante verskynsel.

Nuuskierigheid en verwondering oor die lot van die slagoffer van misdaad kan ook as beweegrede aangegee word waarom navorser hierdie studie onderneem. Hierdie nuuskierigheid en verwondering moet egter gelyk gestel word aan navorser se akademiese opleiding, 'n belangstelling in die penologie in die algemeen en in die besonder 'n soeke na 'n oplossing vir die probleme van slagoffervergoeding.

Dat die regsplegende proses ingeweef is in die strafverskynsel word beliggaam in die vakgebied van die Penologie wat weer aan navorser die spesialiseringsgebied van restitusie aan die slagoffer van misdaad as 'n belangstellingsveld geopen het.

1.4 **DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK**

Kennis van en insig rondom slagoffervergoeding word gedoen ten einde hierdie insig en kennis te kan toepas.

Die doel van elke ondersoek is om tot die hoogste kennis en insig te kom betreffende die vraagstuk wat ondersoek word. Dit gaan dus in 'n beskrywende ondersoek nie bloot om die beskrywing van 'n spesifieke verskynsel nie, maar om tot verdieping en insig te kom.

De Groot (1961:1) beskryf hierdie soeke na kennis so:

> " *Wetenskapsbeoefening is 'n besonder manier waarop die mens die werklikheid verken, daarby aanpas en die eienaardighede van die werklikheid leer hanteer* ".

Die mens wat in alle fasette van die lewe sentraal staan is ook die sentrale konsep in die vakgebied van die Penologie. Vir die Penoloog om lewenservaring op te doen en insae te hê in die probleme waarmee die slagoffer van misdaad moet worstel, is dit nodig om insig en begrip te hê oor hierdie verbandhoudende werklikheid.

De Wet, Monteith, Steyn en Venter (1981:4-6) lig drie kategorieë uit waarbinne wetenskapsbeoefening van ander aktiwiteite van die mens onderskei kan word:

* Die eerste kenmerk wat wetenskaplike kennis van alledaagse kennis onderskei, is die sistematiese aard daarvan wat impliseer dat:

  * *aangaande die aard van die probleem wat ondersoek word, daar helderheid moet wees*

  * *die versameling van relevante inligting, op 'n verantwoordelike en gekontroleerde wyse moet geskied*

* *aannames met betrekking tot die probleem wat bespreek word, duidelik moet wees*

* *die analise van die gegewens sinvol en sistematies moet verloop*

* *dat veralgemenings en gevolgtrekkings binne die bekende verwysingsraamwerk van kennis moet strek.*

* Die tweede kenmerk van wetenskaplike kennis is dat dit 'n verband tussen faktore, situasie en veranderlikes moet aantoon, wat daarop neerkom dat deur vergelyking, klassifikasie en veralgemenings die navorser 'n sistematiese samehang tussen gegewens kan stel

* Die derde kenmerk van wetenskaplike kennis is dat dit gekontroleerd moet wees, wat impliseer dat hierdie kennis seker en geverifieerd moet wees, aangesien die hele wetenskaplike benadering daarop gerig is om die grootste moontlike graad van sekerheid daar te stel.

Die doel van hierdie ondersoek is dus in die eerste instansie om, betreffende die vraagstuk wat bestudeer word, tot kennis en insig te kom.

In die tweede instansie het navorser ten doel om die hele problematiek wat uitkring rondom vergoeding aan die slagoffer van misdaad in Penologiese perspektief te plaas.

In die huidige tendens staan die slagoffer in die herstelfase, wat beteken dat die leedtoevoeging wat die slagoffer moet ontbeer in die vorm van lyding en skade die belangstelling en simpatie van wetstoepassers en hulporganisasies wakker gemaak het.

Navorser het daarna getrag om in die lig van hierdie herstelfase waarbinne die slagoffer verkeer navorsing te onderneem om die lewensvatbaarheid van 'n restitusiestelsel in die Suid-Afrikaanse regsplegingsisteem te ondersoek aangesien daar 'n groot leemte **aan** en 'n nog groter behoefte **vir** so 'n stelsel bestaan.

Dit is nie navorser se doel met hierdie proefskrif om 'n restitusiestels so gou as moontlik op die Suid-Afrikaanse wetboek te kry nie, maar hierdie navorsing het juis ten doel om wetgewers se belangstelling sò te prikkel dat dit as stimulus kan dien om die slagoffer sy regmatige plek in die son en in die strafstelsel te gun.

In die derde instansie het die navorser ten doel om die verkreë kennis tot die beskikking van die student in die Penologie te stel en om restitusie wat 'n nuwe begrip is aan die leser bekend te stel.

1.5 **INSAMELING VAN GEGEWENS**

Alvorens daar oorgegaan kon word tot die insameling van gegewens, was dit vir navorser nodig om 'n navorsingsontwerp op te stel wat ten doel het die strukturering van die navorsingsprojek op so'n wyse dat die uiteindelike navorsingsbevindinge daardeur verhoog kan word.

Die navorsingsontwerp word deur Selltiz et al. (1965:50) as volg gedefinieer:

> " *A research design is the arrangement of conditions for collecting and analysis of data in a manner that aims to combine relevance to the research purpose with economy in procedure* ".

Na die samestelling van 'n navorsingsontwerp was navorser se eerste taak om 'n voorlopige literatuurstudie te onderneem ten einde 'n raamwerk te bekom betreffende navorsing wat reeds oor hierdie onderwerp gedoen is en dus daardeur uitstaande bronne te kon selekteer.

Hierdie voorlopige ondersoek het aan navorser die geleentheid gegee om 'n tentatiewe raamwerk op te stel sodat bronne geselekteer kon word tot dít wat relevant is vir die navorsing.

Die doel met die samestelling van die literatuurstudie was:

* om vanuit 'n wetenskaplike oogpunt te kyk na die beste vorme en metodes van ondersoek wat gebruik kan word

* om navorser se eie navorsingsbevindinge met diè van ander navorsers te vergelyk ten einde die eie beter te verstaan en weer te gee

* om ruimte te laat vir sowel die individuele as die groepsbenadering in navorsingstegnieke

* om in die besonder navorser se bestaande perspektief uit te brei deur die perspektiewe van ander navorsingsbevindinge wat rondom die probleem van vergoeding aan die slagoffer van misdaad sentreer uit te lig

* om die trefkrag en aktualiteit van navorsing oor die vergoeding aan slagoffers van misdaad te peil

* om teen die einde van die literatuurstudie tot die slotsom te kom dat die doel met die opstel van enige literatuurstudie moet wees om eerder te strewe na doelwitbereiking as na die blote

versameling van gegewens.

Uit die voorlopige literatuurstudie het navorser gevind dat bronne oor hierdie onderwerp baie beperk was, hoofsaaklik vanweë die feit dat dit 'n betreklik nuwe rigting binne die regsplegingstelsel is.

Ten einde hierdie gebrek aan literatuur aan te vul, het navorser aan verskeie organisasies in die buiteland geskryf (sien Bylae i) en ook besoeke aan Ambassades in Kaapstad van verteenwoordigende lande gebring (sien Bylae ii). Inligting wat bekom is deur skrywe aan Suid-Afrikaanse instansies, (sien Bylae iii) was teleurstellend en het nie werklik nuwe lig op die onderwerp gebring nie.

Uit die aard van die navorsingsprobleem was navorser dus genoodsaak om hoofsaaklik van buitelandse literatuur gebruik te maak. Inligting wat deur middel van die literatuurstudie en gesprekke met persone versamel is, is noukeurig bestudeer, aantekeninge is gemaak en gesistematiseer en waar nodig, is verdere skrywes gerig.

Die betroubaarheid van gegewens wat versamel word, berus volgens Neser (1980:12) op:

> " *Die keuring van bronne volgens die wetenskaplike status van die skrywes; die objektiwiteit van*

die navorser en die metode om inhoud van bronne te vergelyk en deur middel van onderhoude te toets ".

By die insameling van gegewens moes navorser egter oor die grens van Penologie as vakwetenskap beweeg en is bronne hoofsaaklik vir agtergrondinligting ook van die kriminologie, strafreg, sosiologie en sielkunde bekom. Hierdie bronne is egter terwille van die suiwerheid van die Penologie as wetenskap waarin hierdie navorsing gedoen word, so onopsigtelik as moontlik in die gegewens ingewerk.

Hoewel 'n vergelykende studie nie onderneem is nie, het navorser restitusiebeginsels en stelsels van verskeie lande bespreek, ten einde oor 'n moontlike restitusiestelsel vir die Republiek van Suid-Afrika te besin.

1.6 **BEGRENSING VAN DIE ONDERSOEK**

Die gekonsentreerde aard van die navorsing wat onderneem is, vra groot vindingrykheid aan die kant van die navorser. Die geweldige hoeveelheid inligting wat vir doeleindes van so 'n proefskrif versamel word, kan egter nie alles voorgelê word nie en daarom moet noukeurige selektering plaasvind tot dít wat noodsaaklik, doeltreffend en relevant is.

1.6.1 **Tydsbegrensing**

Navorser het eerstens met Hoofstuk 2 van die proefskrif begin wat handel oor die rasionaal waarom daar gesoek moet word na 'n alternatiewe strafvorm. Hierdie nuwe strafvorm moes meer doeltreffend wees as bestaande strafvorme wat nie aan die vereistes van vergoeding aan die slagoffer van misdaad, straftoemeting sowel as rehabilitasie van die oortreder voldoen nie.

Ten einde 'n rasionaal te kon stel was dit egter vir navorser nodig om vanaf die "moderne tydsvlak" waarin die strafreg tans staan terug te stap in die geskiedenis van straftoemeting tot by die "primitiewe tydsvlak" soos wat gevind word in Hoofstuk 3. Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 moet dus as aanvullend tot mekaar gesien word in hierdie hele probleem rondom slagoffervergoeding ook omdat dit die leser laat dink oor die eie waardesisteem, die eie norme van wat reg en verkeerd is.

Navorser het Maart 1992 met die navorsing begin en gepoog om alle relevante inligting tot aan die einde van 1995 te bekom. Omrede kompensasie aan die misdaadslagoffer tot en met 1975 die literatuur oorheers het, moes navorser met 'n relatief "jong" literatuurlys aangaande restitusie aan die slagoffer begin.

1.6.2 **Geografiese begrensing**

In navorser se poging om 'n model te vind waarop restitusie in

die Republiek van Suid-Afrika geskoei kon word, het navorser 'n kontinentale indeling van die wêreld gemaak.

Heel aan die begin van die navorsing het dit egter duidelik geword dat slegs Brittanje, Europa en Noord-Amerika werklik oor restitusiestelsels beskik wat in hierdie proefskrif opgeneem kon word. Navorser het derhalwe besluit om uit hierdie kontinentale begrensing die volgende lande as verteenwoordigend van die term "ontwikkelde lande" te ondersoek:

* Die Verenigde Koninkryk
* Die Verenigde State van Amerika
* Nederland
* Die Federale Republiek van Duitsland
* Frankryk
* Spanje
* Griekeland

1.7 **BEGRIPSOMSKRYWING**

In die wetenskap bestaan daar gewoonlik twee soorte begrippe wat omskryf word:

* **bekende begrippe** wat vir die doeleindes van die navorsing 'n bepaalde betekenis het en gepaard daarmee, daardie begrippe wat die kern van die navorsing vorm en terwille van duidelikheid en insig weer aan die leser omskryf moet word

* **nuwe begrippe** wat tot dusver onbekend is.

Vir doeleindes van hierdie navorsing word die volgende begrippe bespreek:

1.7.1 BEKENDE BEGRIPPE

* **Misdaad/oortreding,** wat as sinonieme begrippe verstaan word en dui op 'n wederregtelike menslike gedraging wat met skuld gepaard gaan en deur die owerhede op straf verbied word

* **Regsplegingstelsel** - 'n Kanaal wat deur die wet daartoe gestel is ten einde regverdigheid en stabiliteit aan elke individu te verseker

* **Slagoffer** - Volgens Van der Westhuizen (1981:111) is die slagoffer 'n persoon wat vanweë die wederregtelike doen en late van 'n ander persoon of persone kwaadwillig ontneem word van eie besit (lewe, liggaam, goed, eer en sekuriteit) en wat geregtig is daarop om die oortreder te laat vervolg

* **Vergoeding** - Cilliers (1984:16) tipeer vergoeding as die verskaffing van een of ander bepaalde voordeel of diens aan die

benadeelde persoon deur middel van restitusie deur die oortreder of kompensasie deur die staat.

1.7.2 **NUWE BEGRIPPE**

* **Restitusie** kan gesien word as 'n soort "verbintenis of verhouding" wat tussen slagoffer en oortreder bestaan in die sin dat die slagoffer vergoeding van die oortreder kan eis en die oortreder aan die ander kant verbind is deur 'n restitusie bevel om hierdie vergoeding aan die slagoffer te betaal

* **Kompensasie** het ten doel om vanuit 'n staatsfonds slagoffers van misdaad te kompenseer.

1.8 **PROBLEME EN GEBREKE VERBONDE AAN DIE ONDERSOEK**

Soos die geval met alle navorsing, het ook hierdie navorsing nie probleme en struikelblokke vrygespring nie.

Navorsing stel hoë eise aan die karakter en persoon van die navorser omdat **betrokkenheid** by die navorsing eerstens impliseer dat dít wat nagevors word, vir die navorser so van belang moet wees dat losmaking by hierdie betrokkenheid van die navorsing nie

moontlik is alvorens die laaste woord geskryf is nie. Aan die ander kand is **objektiwiteit** 'n voorvereiste vir die wetenskap wat daarna trag dat persoonlike vooroordele geen rol by besluitneming moet speel nie. Om hierdie probleem te oorbrug, het navorser probeer om op "objektiewe wyse" by die interpretasie van gegewens, besinning en beredenering, "betrokkenheid" by die menswaardigheid van die slagoffer te voeg.

Een van die belangrikste probleme wat navorser ondervind het, is soos reeds genoem, die feit dat daar geen of baie min Suid-Afrikaanse literatuur oor hierdie onderwerp beskikbaar was nie.

'n Tweede probleem wat ondervind was, was dat veral wat die Europese stelsels aanbetref, navorsing in vreemde tale beskikbaar was. Hoewel sommige inligting deur Ambassade personeel vertaal is wat navorser baie waardeer het, het waardevolle inligting tog deur hierdie gebrek aan taalkomunikasie verlore gegaan. Ondanks hierdie probleme was daar genoeg inligting beskikbaar om doeltreffende navorsing oor vergoeding aan die slagoffer van misdaad te kon doen.

HOOFSTUK 2

RASIONAAL VIR DIE INSTELLING VAN RESTITUSIE

2.1 INLEIDING

Soos duidelik blyk uit hoofstuk 1 sentreer hierdie studie rondom die restitusie aan die slagoffer van misdaad.

Aangesien die slagoffer van misdaad tereg as die verlore seun van die regsplegingstelsel getipeer kan word, moet die vraag pertinent gestel word waar die misdaadslagoffer in die konstellasie van slagoffers staan. Met ander woorde, vir die doelstellings van slagoffervergoeding in die algemeen en restitusie in die besonder, moet onderskei word tussen slagoffers van natuurrampe en ongelukke en slagoffers van misdaad. Slegs laasgenoemde kategorie word vir restitusiedoeleindes uitgesonder. Meiners (1978:1) stel dit dat ..." *only actions made criminal by the law and of serious consequence to the victim, such as murder, rape, assault, and arson, are under consideration* ". Die dood of beserings moet dus voortspruit uit 'n handeling wat volgens die wet verbied word en die benadeelde moet as 'n onskuldige slagoffer getipeer kan word.

Dus om die misdaadslagoffer bo die ander twee kategorieë te bevoordeel, moet daar 'n besondere rasionaal bestaan.

2.2 **WAAROM WORD 'N RASIONAAL GESOEK**

Alvorens die wetgewer 'n uitbreiding of vernuwing in die bestaande strafregstelsel oorweeg, moet daar eers deeglik besin word oor die rasionaal vir die skepping van so 'n stelsel.

In hierdie soeke na die rasionaal moet dit in hoofsaak sentreer oor waarom dit nodig is om 'n nuwe stelsel in te stel en nie oor die funksionering van die stelsel nie.

Die rasionaal vir die vraag rondom die waarom, bring onmiddellik verdere vrae na vore:

* is die bestaande strafvorme, opsies en alternatiewe nie voldoende nie en indien nie

* watter gebreke bestaan by die bestaande strafvorme, opsies en alternatiewe beskikkingsmoontlikhede.

Indien hierdie vrae beantwoord is oor waarom die bestaande strafmetodes onvoldoende blyk te wees en 'n nuwe stelsel ingestel behoort te word, moet daar onmiddellik 'n rede (rasionaal) gegee kan word oor waarom 'n alternatiewe strafvorm of vonnisopsie beter aan die behoeftes sal voldoen as die bestaande.

Die rede vir die skepping van verdere ontwikkeling binne die strafregsplegingstelsel, asook die *ratio* van die wet moet dus eksplisiet uitgespel word. Eckhard (in Steyn, 1974:27) wys daarop dat die ratio van die wet dít is waaruit blyk waarom die wet uitgevaardig is.

Wat betref die ratio van die wet, verklaar Steyn (1974:28) :

> " *Maar die ratio van die wet en die bedoeling van die wetgewer hang so nou saam - wat die ratio nie dek nie, kan nouliks bedoel gewees het .... As die ratio van die wet wegval, val die wet self ook weg* ".

Met die publikasie gedurende 1951 van die gerespekteerde werk, " *Arms of the Law* " deur Margery Fry, en haar daaropvolgende artikel in 1963 (sien 3.11 van die proefskrif), (wat tot die totstandkoming van die eerste twee slagoffervergoedingskemas in 1964 in Brittanje en New Zealand gelei het), het daar verskillende rasionale vir die totstandkoming van slagoffervergoedingstelsels na vore getree.

Twee denkrigtings vir hierdie rasionale het na vore getree, naamlik:

* diegene wat argumenteer dat die staat 'n verant-woordelikheid teenoor die misdaadslagoffer het - dit wil sê 'n regsplig om die slagoffer te

vergoed

* diegene wat argumenteer dat die staat slegs 'n morele plig teenoor die misdaadslagoffer het.

2.2.1 **Die Regsplig van die Staat**

Die regsplig van die Staat is tradisioneel daarin geleë dat misdaad bekamp en voorkom moet word. Vir hierdie doeleindes maak die Staat van die polisie as die uitvoerende gesag gebruik.

Die argument lui dat die regsplig van die Staat nie begin en eindig by die bekamping en voorkoming van misdaad nie, maar dat die regsplig wat op die staat rus in werklikheid moet eindig in die vergoeding van die misdaadslagoffer deur die Staat.

Wolfgang (1965:5) wys daarop dat as gevolg van die impak wat rassisme, materialisme, repressie en wetgewing op die bestaan van die mens het, misdaad onafwendbaar is. Die volgende vier argumente dien as stimulus vir die argument:

* Dit is juis hierdie sienswyse van Wolfgang wat as eerste argument onderskryf word deur voorstanders van die regspligbenadering van die Staat teenoor die misdaadslagoffer, naamlik dat die Staat misdadigers skep en daarom 'n regsplig het om slagoffers te vergoed.

Wolfgang (1965:21) verklaar verder:

" *Violence is mostly a learned response. If in everyday life, men witness the display of violence in an abundance of styles, it takes on a banality which will encourage him to accept its use by others, and to employ it himself .... Violence is a means of seeking power and may be defined as an act of despair committed when the door is closed to alternatives resolutions.... It is the dominant society's responsibility to offer alternatives for expression, provide reasonable access to the thrones of power, permit grievances to be known, and execute the provisions of our Constitution whith dispatch.... Where reason is ruined and collective violence is viable, the social system has failed to provide the kind of participatory democracy we basically extol* ".

Navorser kan nie met hierdie argument van Wolfgang saamstem nie. Ondanks die waarheid van Wolfgang se stelling (wat ook deur Sutherland (1970:81-82) se differensiële assosiasieteorie onderskryf word, naamlik dat misdadige gedrag aangeleerde gedrag is), voel navorser dat die vrye wilskeuses van die mens om te kies tussen reg en verkeerd buite rekening gelaat word. Die Staat beheer nie die denke en handeling van sy onderdane nie, en om te verklaar dat die regsplig van die Staat tot

slagoffervergoeding voortspruit uit die feit dat die Staat ruimte skep vir misdaad, word deur navorser as rasionaal verwerp.

* Die tweede argument van voorstanders van die regsplig benadering is dat die Staat misdaadslagoffers moet kompenseer, omdat die Staat misdaad skep

  Margery Fry (Cilliers, 1984:319-320) verklaar in hierdie verband dat die Staat, deur die ontneming van die reg aan die gemeenskap om vuurwapens vrylik te gebruik, ten opsigte van selfbeskerming, misdaad vir die oortreder moontlik maak.

Navorser stem nie saam met hierdie argument van Fry as rasionaal vir slagoffervergoeding nie, aangesien die volgende vraag beantwoord moet word:

> *Sal die onvoorwaardelige voorsiening van vuurwapens aan die gemeenskap, misdaad voorkom?*

Soos duidelik blyk uit veral die huidige Suid-Afrikaanse misdaadsituasie, is die antwoord op hierdie vraag, 'n duidelike nee. In 'n land wat daagliks geweld belewe sou dit dwaas wees om geweld met geweld te beantwoord, en lê die oplossing eerder daarin om die oorsake van die misdaad te bepaal en doeltreffende maatreëls vir die bekamping van misdaad daar te stel.

* Die derde argument lui as volg: Aangesien die Staat in

die proses van misdaadvoorkoming misluk het, bestaan daar 'n regsplig teenoor die slagoffer betreffende kompensasie en slagoffervergoeding.

Burns (1980:113) wys daarop dat die begrip van " bemoeienes " (concept of intermedling) die ongeskrewe maatskaplike kontrak tussen die Staat en sy onderdane die beste as volg verklaar:

> " *It is argued that assumption by the state of the burden of protecting its citizens, raises a duty to reimburse those persons whom it has failed to protect, because he who undertakes a task is liable to the person who reasonably relies on its proper performance* ".

Navorser wil in hierdie proefskrif juis argumenteer hoe daar deur slagoffervergoeding in die algemeen en die toepassing van restitusie in die besonder as doelmotief van straf en dus misdaadvoorkoming, die Staat van sy regsplig onthef word. Dit kom dus daarop neer dat die Staat 'n morele plig het indien die oortreder nie by magte is om restitusie aan die slagoffer te laat toekom nie.

* Die laaste argument van voorstanders van die regsplig-benadering van die Staat ten opsigte van misdaadslag-offervergoeding, lui dat die Staat 'n regsplig het om

slagoffers te vergoed aangesien die Staat restitusie deur die oortreder onmoontlik maak.

Volgens Cilliers (1985:18) kom die strekking van hierdie argument daarop neer dat die Staat die misdadiger onbekwaam maak deur hom te verhinder om geld te verdien waarmee restitusie gemaak kan word.

Navorser stem met hierdie argument saam veral omdat gevangesetting die oortreder verhinder om restitusie te maak aan die slagoffer. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die Staat nie alleen verantwoordelik is nie aangesien dit 'n bekende feit is dat nie alle oortreders finansieel instaat is om hul slagoffers te vergoed nie al word hulle nie deur die oplegging van gevangesetting deur die Staat daarvan weerhou nie.

Ten einde die status quo te herstel ten opsigte van die posisie van die misdaadslagoffer, word bepaalde aanbevelings in hierdie verband in hoofstuk 8 van die proefskrif gemaak waardeur bogenoemde beginsels kan realiseer.

2.2.2 **Die Morele plig van die Staat**

Die Britse vergoedingsgtelsel (sien Hfs. 4 van die proefskrif) stel dit as rasionaal dat kompensasie deur middel van *ex gratia* - betalings gedoen moet word omdat die regering nie die blaam vir alle misdade kan neem nie.

Wat hieruit duidelik na vore tree, is dat vanweë die morele verpligting van die Staat teenoor die misdaadslagoffer asook teenoor die gemeenskap waarvan hierdie slagoffer 'n lid is, dit net regverdig is dat die slagoffer vergoed moet word uit die " gemeenskapsfonds " naamlik die sentralebelastingsfonds.

Dat die morele plig van die Staat die welsynsbeginsel insluit, vind uitdrukking in die mening van Chappel (Sallman, 1978:203):

> " *Really, little would seem to be achieved by searching for some abstruse legal or social peg upon which to hang a crime compensation scheme. The most satisfactory justification for such a scheme is a purely pragmatic one - that on humanitarian grounds the state should provide assistance to victims of crimes of violence just as it helps the victims of other forms of misfortune* ".

Die morele plig-benadering wat as argument dien vir staatskompensasieskemas, kan deur navorser onderskryf word omdat die oortreder dikwels nie by magte is om deur middel van restitusie die slagoffer te vergoed nie. Staatskompensasie skemas (soos beskryf in 4.11 van hierdie proefskrif) vergoed die slagoffer waarna die oortreder na behoefte, betalings aan die fonds maak.

Enige navorser wat 'n rasionaal vir 'n nuwe of alternatiewe objek

wil stel, moet in staat wees om sowel die oorspronklike as die alternatiewe objek teenoor mekaar te stel sodat die rasionaal vir die nuwe objek beter toegelig kan word.

Wanneer daar gekyk word na die rasionaal van gevangenisstraf (oorspronklike objek) en restitusie (alternatiewe objek), is daar geen gemenedeler waarvolgens 'n vergelyk getref kan word nie. Daar is wel redes waarom daar probeer moet word om gevangenisstraf te vermy. In hierdie vermyding kan restitusie 'n rol speel soos blyk uit die volgende drie vrae.

2.3 **DRIE KERNVRAE ROMDOM DIE RASIONAAL VIR RESTITUSIE**

Indien daar gekyk word na strategieë wat aangewend word ten einde alternatiewe strawwe vir gevangesetting daar te stel, moet die volgende vrae beantwoord kan word:

* Hoekom is gevangenisstraf nie 'n geskikte strafvorm nie? - Met ander woorde, die gevolge wat gevangenisstraf inhou

* Wat is die konteks waarop hierdie alternatiewe strafvorm staan? Met ander woorde wat is die veronderstelling waarop hierdie alternatiewe strafvorm gebaseer word

* Tot watter mate kan van Restitusie as

alternatiewe strafvorm gebruik gemaak word, en in hoe 'n mate voldoen dit aan die strafoogmerke van vergelding, afskrikking, beskerming van die gemeenskap en rehabilitasie van die oortreder?.

2.4 **GEVOLGE VAN GEVANGENISSTRAF**

Ten einde die eerste vraag naamlik hoekom gevangenisstraf nie 'n geskikte strafvorm is nie te kan beantwoord, moet daar gekyk word na die primêre- sowel as sekondêre gevolge van gevangenisstraf as strafvorm.

2.4.1 **Primêre gevolge**

Die primêre gevolge van gevangenisstraf verwys na die rol van die oortreder in die gevangenis en die negatiewe uitwerking van gevangesetting op hom as mens.

2.4.1.1 Die Gevangenisomgewing

Die negatiewe gevolge van gevangenisstraf word volgens Avery (1989:38) verkry uit die " andersheid " van die gevangenisomgewing in teenstelling met die " normale " samelewing soos buite die mure van die gevangenis.

Die " andersheid " van die gevangenisomgewing is geleë in die volgende:

* **Verlies aan vryheid**

Seker die mees traumatiese aspek van gevangesetting is die verlies aan vryheid.

Waar die oortreder in die " normale " samelewing binne die perke van bepaalde reëls en regulasies vry was om keusevryheid uit te oefen, word hy nou deur streng gevangenisreëls en regulasies (volgens Neser et al (1993:188)) deur dieselfde gevangenisgesag binne dieselfde fisiese omgewing bestuur en beheer.

* **Verlies aan sosiale verhoudinge**

Die waarde van positiewe sosiale interaksie of verhoudinge in die lewe van die mens kan nie gering geskat word nie. In die meeste gevalle verleen dit die ondersteuningsmeganisme wat nodig is om die probleme van elke dag suksesvol te kan hanteer.

Gevangesetting bring egter mee dat die oortreder emosioneel van hierdie ondersteuningsmeganisme verwyder word wat frustrerend en pynlik moet wees. Dit is veral so omdat die oortreder terselfdertyd die negatiewe interaksie met medegevangenes moet hanteer sonder die positiewe ondersteuningsmeganisme wat deel vorm van die breë samelewing buite die gevangenismure. Hierdie verlies bring mee dat die oortreder van sy vriende en kennisse verwyderd raak en slegs aangewese is op die geselskap van sy medegevangenes wat uiteraard negatiewe gevolge vir die oortreder se ontwikkeling kan inhou.

Neser et al (1993:191) wys daarop dat die gevangenis die oortreder ook van sy verhoudinge met die teenoorgestelde geslag ontneem wat seksuele frustrasie tot gevolg kan hê. In baie gevalle kan hierdie gedwonge afsondering aanleiding gee tot vrywillige of gedwonge homoseksuele verhoudinge binne die gevangenis. Homoseksualiteit stel die gevangene verder bloot aan die HIV-virus asook geweldige skuldgevoelens wat 'n negatiewe psigologiese invloed op hul reeds swak selfbeeld openbaar.

* **Verlies aan beheer**

Die gevangene is nie by magte om wat sy daaglikse dagpatroon aanbetref, self besluite te neem of keuses uit te oefen nie. Hy moet sy wil noodwendig onderwerp aan diegene wat vir sy veilige bewaking aanspreeklik gehou word en sien homself dikwels as slegs 'n " speelding aan 'n toutjie ".

* **Verlies aan gerief en besittings**

Slegs die mees basiese behoeftes van die oortreder word in die gevangenis aangespreek. (Neser et al, 1993:191). Hierdie verlies aan gerief en besittings het tot gevolg dat die oortreder ook van sy materiële sekuriteit gestroop word, wat as 'n negatiewe aanslag teen die individu ervaar word.

2.4.1.2 Verlies van 'n beroep

Gevangesetting bring noodwendig mee dat die oortreder sy werk

verloor wat groot finansiële verliese en ontberinge vir sy familie meebring. Hoofregter A.v.d.S Centlivres is baie duidelik in hierdie verband:

> " *One of the great problems of penology is that punishment of the offender often falls more heavily upon his family than upon himself, as imprisonment results in the family being deprived of its breadwinner* ".
> (Penal Reform News. No. 44:2)

Gevangesetting bring verder mee dat in die meeste gevalle dit vir die oortreder onmoontlik is om na sy vorige beroep terug te keer of om selfs 'n nuwe beroep te kan beoefen. Hierdie werkloosheid wat die oud-gevangene in die gesig staar, is opsigself 'n ryk teelaarde vir verdere misdaad en dien as degradering van die oortreder se menswaardigheid.

2.4.1.3 Negatiewe beïnvloeding

Aangesien die gevangene afgesny is van die gemeenskap waaruit hy kom en aangewese is op slegs die gevangenisomgewing, bestaan die gevaar van negatiewe beïnvloeding. (Avery, 1989:40)
Die gevangene wat omring is deur persone wat anti-sosiale gedragsnormes onderskryf, mag afhangende van die mate waartoe hierdie individu beïnvloedbaar is vir hierdie negatiewe handelinge, inderdaad verdere kriminaliteit by die individu

ontlok. (Neser, 1980:234)

Vir die jeugdige en eerste oortreder kan gevangesetting in die teenwoordigheid van geharde misdadigers geen positiewe ervaring inhou nie. As gevolg van die negatiewe gedragspatrone wat op hierdie wyse aangeleer kan word, kan die bostaande kategorieë oortreders gekonfronteer word met verdere negatiewe sosiale gedrag.

2.4.1.4 Stigma en etikettering

Glaser (1970:707) beskryf etikettering as volg:

> " *labeling consist of criminalization procedures by which a community seeks out its law violators, stigmatizes them, and assigns them to the position of a pariah* ".

Stigmatisering en etikettering dui dus op die doelbewuste morele verwerping van die oortreder deur die gemeenskap wat volgens Petersen & Thomas (Neser et al, 1993:190) deel vorm van die psigiese lyding en straf van die oortreder.

Die oud-gevangene staar dus sonder twyfel etikettering van 'n onsimpatieke publiek in die gesig na sy vrylating en kan in sommige gevalle nooit van die stigma wat daar aan gevangenisstraf kleef, ontsnap nie.

2.4.1.5 Verbrokkeling van die gesinslewe

Verbrokkeling van die gesinslewe kan die gesin van die gevangene op twee wyses benadeel. Eerstens kan daar vanweë die afwesigheid van die ouerfiguur as gevolg van gevangesetting, emosionele verwaarlosing by die kinders intree wat weer tot ernstige persoonlike en sosiale probleme kan lei.

Tweedens raak gevangesetting ook die huwelik van die gevangene.

Wat die verhouding tussen man en vrou aanbetref, skryf Trimbos (Avery, 1989:40) as volg:

> " *The greatest evil of imprisonment, viz. the removal of every responsibility .... is best illustrated by the utter helplessness of the prisoner with regard to his marriage and sexual life* ".

2.4.1.6 Herintegrasieprobleme

Die oud-gevangene ondervind na sy ontslag probleme met sy herintegrasie in die samelewing.

Avery (1987:133) wys daarop dat indien die oud-gevangene na sy ontslag nie so gou as moontlik kan aanpas in 'n " vrye samelewing " nie, sy gebrek aan aanpassing tot residivisme kan lei.

Tans word verskeie organisasies, soos NIMRO betrek wat hulp van

onskatbare waarde verleen deurdat gepoog word om die gevangene se familie, kollegas, kerk en onmiddellike bure voor die gevangene se ontslag van raad en hulp te voorsien. Dit word eerstens gedoen om die etiket wat om die nek van die oortreder gehang word, deur begrip in die gemeenskap te vervang en tweedens om deur bogenoemde agente die oortreder se herintegrasie in die samelewing te vergemaklik.

2.4.2 **Sekondêre gevolge**

Sekondêre gevolge wys na die impak wat gevangenisstraf op die Staat het.

2.4.2.1 Oorvol gevangenisse

Oorvol gevangenisse plaas groot druk op owerhede om òf meer gevangenisse op te rig, òf om ander maniere te vind om die oortreder te straf.

Die voor-die-hand-liggendste rede vir die groeiende misdaadprobleem sou wees om òf bestaande gevangenisse te vergroot òf om nuwe gevangenisse op te rig. Navorser kan egter nie met hierdie idee saamstem nie. Die oprigting van nuwe gevangenisse of die vergroting van bestaande gevangenisse sal nie die misdaadprobleem oplos nie aangesien gevangesetting in baie gevalle net die tydelike verwydering van die persoon uit die gemeenskap beteken. Dikwels word 'n ongerehabiliteerde, meer misdaad-geharde persoon weer aan die gemeenskap blootgestel.

Die probleem lê eerder in die vind van alternatiewe strafvorme wat gemeenskapsgebaseerd is en waarvan restitusie een is waar die klem juis gelê word op die produsering van 'n beter produk as wat ontvang is.

Oorbevolking in gevangenisse versteur die delikate balans wat moet bestaan tussen oortreder en bewaarder. Indien hierdie balans versteur word, hou dit 'n veiligheidsrisiko vir die veilige bewaking van gevangenis asook die veiligheid van personeel in.

May, (1983:7) laat hom as volg uit oor die gevaar wat gevangenisonrus as 'n gevolg van oorbevolking inhou:

> " *Die gevolge van oorbevolking is nie net geleë op die fisiese vlak nie, maar is veral geleë op die psigiese vlak deurdat oorbevolking aanleiding kan gee tot interpersoonlike spanningstoestande en konflik. Dit is die teelaarde vir gevangenisonluste en -konflik* ".

Die vraag wat hier pertinent gevra moet word, is in hoe 'n mate die argument vandag geld:

- wat was die effek van oorbevolking in 1981?

- in hoe 'n mate het dit verander sedert

daardie tyd?

Ten einde hierdie twee vrae te beantwoord, moet daar gekyk word na die volgende twee tabelle:

TABEL 1

DAAGLIKSE GEMIDDELDE GEVANGENISBEVOLKING

1980/81	100533
81/82	87539
82/83	101302
83/84	107174
84/85	108955
85/86	111401
86/87	114098
87/88	111481
88/89	111557
89/90	110194
90/91	101775
91/92	102268
93/94	113227
94/95	111273

TABEL 2

DAAGLIKSE GEMIDDELDE TEENOOR DIE BESKIKBARE AKKOMODASIE

Jaar	Daaglikse gemiddelde gevangenis bevolking.	Beskikbare akkomodasie	Persentasie besetting
1946	25796	25830	99,8%
1951	29275	26073	112,3%
1962	62769	42823	146,6%
1969/70	90555	55062	164,5%
1973/74	98851	61023	162,0%
1983/84	107174	75550	141,9%
1993/94	113227	87256	129,8%
1994/95	111273	95865	116,0%
1996 (30/3/96)	116587	94797	123,0%

In 'n vergelyking van die daaglikse gemiddelde gevangenisbevolking (tabel 1), teenoor die beskikbare akkomodasie (tabel 2), blyk die volgende:

* die effek van oorbevolking in 1981 was 100533, teenoor die 116587 van 1995 tot 1996. Die aantal persone in gevangeninsse is dus 16,054% meer as wat die geval was in 1981

* die oprigting van meer gevangenisse sedert 1981 wat 'n jaarlikse styging (sien tabel 2) meegebring het in die beskikbare akkomodasie, het egter nie meegebring dat oorbevolking in gevangenisse gedaal het nie

* wat die persentasie besetting aanbetref, blyk dit dat gevangenisse in 1996, 23% oorvol is (116587) in verhouding tot die beskikbare akkomodasie van 94797.

2.4.2.2 Koste faktor

Onder die koste faktor word verstaan die koste verbonde aan akkommodasie aan die gevangene, asook die instandhouding van geboue.

Die koste per dag per gevangene het vanaf R 5.78 vir die 1982-83 boekjaar, gestyg na R 10.29 vir die 1986-87 boekjaaar, en vir die 1995-96 boekjaar beloop die koste reeds R 45.00. (Inligting verkry vanaf Departement Korrektiewe dienste.) Dit is dus duidelik dat gevangesetting 'n geweldige finansiêle las op die skouers van die Staat, sowel as die belastingbetaler plaas.

Bogenoemde gevolge van gevangenisstraf wat bespreek is, behoort dit aan die leser duidelik te stel dat die gevangenis beslis nie die geskikste plek is om veral die eerste- en jeugoortreder te akkommodeer nie.

Die nadelige invloed van die gevangenisomgewing raak nie net die persoon van die gevangene self nie, maar het ook tot gevolg dat rehabilitasiemoontlikhede uiters beperk is binne die gevangenisopset self wat weer tot residivisme aanleiding kan gee. Die gemeenskap word dus slegs vir die tydperk beskerm waartydens die oortreder in die gevangenis sy straf uitdien.

Daar behoort by die leser op hierdie stadium geen onsekerheid te wees oor die feit dat die oorspronklike objek (gevangenisstraf) nie voldoen aan die vereistes wat daar aan 'n strafsanksie gestel word nie en dat dit dringend noodsaaklik geword het dat die Staat as wetgewende gesag moet kyk na alternatiewe objekte wat gemeenskapsgebaseerd is (Restitusie).

2.5 **DOELSTELLINGS VAN RESTITUSIE**

Ten einde die vraag te kan beantwoord oor wat die konteks of veronderstelling is waarop hierdie alternatiewe strafvorm (restitusie) staan word daar onmiddellik verwys na die drie basiese doelstellings van Restitusie naamlik:

* **'n reparasie- of vergoedingsdoel**

* **'n korrektiewe doel**

* **om oorlading van die regsplegingstelsel te vermy**

2.5.1 'n Reparasie of vergoedingsdoel

Die reparasie- of vergoedingsdoelwit van Restitusie bied aan die slagoffer:

> " *The opportunity to claim all relevant losses incured through crime* ". (McGillis, 1986:66)

Die oortreder word self baie min direk gekonfronteer met die menslike faktore van kriminele gedrag en die uitwerking wat hierdie gedrag op die slagoffer het. Die slagoffer word in die meeste gevalle nie deur die oortreder gesien as 'n medemens met menslike gevoelens en behoeftes nie, maar eerder as 'n gesiglose en identiteitlose voorwerp wat maar van sy besittings en waardigheid beroof kan word.

Volgens Umbreit, (1991:165) help die staat se beregtingsmeganisme indirek hierdie houding van die oortreder teenoor die slagoffer aan, aangesien die oortreder in die meeste gevalle gestraf word met die uitsluitlike doel om verdere misdaad vir die tydperk wanneer die strafsanksie in werking is te vorkom, en nie soseer om die persoonlike karakter van kriminele gedrag aan te spreek nie.

McDonald (Duckworth, 1980:227) beskryf die gevoelens van die slagoffer as volg:

> " *The victim is being heiled as the forgotten*

man in the administration of justice. The demeaning, neglectful, and unjust treatment which the victim now receives has suddenly caught the attention of researchers, reformers and public officials ".

Die sogenaamde herstellings geregtigheid (restoration justice) het egter 'n klemverskuiwing laat plaasvind in hierdie proses van straftoemeting. Die belangrikste beginsels wat " restoration justice " ten grondslag lê is:

- *misdaad word gesien as 'n inbreuk wat een persoon op die lewe van 'n ander persoon maak en nie soseer 'n inbreuk teen die gesag van die staat nie*

- *restitusie word gesien as 'n inherente regverdige en natuurlike wyse waarop na die behoeftes omgesien word van die slagoffer, oortreder en gemeenskap*

- *dialoog en onderhandeling staan sentraal binne die beginsels van herstellings geregtigheid en kan gesien word as 'n belangrike skakel van Restitusie en bring mee dat die belangrike vertrekpunt vir Penoloë die voorkoming van verdere probleme in die toekoms moet wees, eerder as om suiwer die blaam van 'n gedane oortreding vas te stel*

- *streng en onmenslike strafvorme word as minder belangrik beskou*

- *herstellings geregtigheid bied aan die slagoffer van misdaad en die oortreder die geleentheid om deur middel van wetenskaplike mediasie tot 'n vergelyk te kom ten opsigte van die misdaad, die gevolge daarvan en restitusie.*
  (Umbreit, 1991:165, en Duckworth, 1980:227)

Slagoffers word as gevolg van die doelstellings van restitusie teruggeplaas in hul regmatige plek in die hele regsplegingstelsel en word deur middel van die Restitusiemodel gesien as hooffigure eerder as hulpelose toeskouers omdat hul status as benadeelde party primêre aandag kry.

2.5.2 **'n Korrektiewe doelwit**

Vir enige strafvorm om 'n korrektiewe doelwit daar te kan stel, moet dit volgens Armstrong (Sudipta, 1990:32) instaat wees

> *" To promote an increased sense of responsibility and accountability, thereby redusing recidivism ".*

'n Vonnis tot Restitusie verleen aan die howe 'n unieke geleentheid om met oortreders " sake te doen ". Konserwatiewe en liberale uitgangspunte kan deur Restitusie as 'n strafbevel gekombineer en geharmonieer word tot 'n sinvolle geheel.

Dit kan teweeggebring word omdat Restitusie sowel strawwend as rehabilitatief van aard is deurdat oortreders deur Restitusie gedwing word om verantwoordelikheid vir hulle gedrag te aanvaar.

Galaway en Hudson (1980:117) voel dat een van die doelwitte of veronderstellings van Restitusie juis daarin geleë is dat dit die oortreder tot 'n besliste beter besef bring dat hy as mens iets beteken, wat dus gevoelens van skuld versag wat weer kan lei tot 'n daling in jeugmisdaad of kriminele gedrag.

William Glaser se realiteitsteorie word as geskik beskou om aan te toon dat Restitusie, ondanks Kriminoloë en Penoloë se aanspraak dat dit in die eerste instansie ingestel is om die slagoffer te akkommodeer, ook deur navorser beskou word as 'n eerste om die slagoffer van hulp te voorsien, maar veral dat dit as strafvorm uitstaan bo ander strafvorme in die sin dat dit 'n eerste is wat die oortreder persoonlike verantwoordelikheid leer wat dus as 'n korrektiewe strafsanksie beskou kan word.

Glaser (1965:13) definieer verantwoordelikheid....

> " *as the ability to fulfill one's needs, and to do so in a way that does not deprive others of the ability to fulfill their needs* ".

Die grondslag van Glaser se toerie is daarin geleë dat persoonlike verantwoordelikheid vir gedrag aanvaar moet word

sonder verskoning vir daardie gedrag. Dit bring mee dat daar eers sprake van rehabilitasie en heling kan wees wanneer 'n individu by die punt kom waar hy aanvaar dat hy verantwoording moet doen vir sy dade. (Glaser, 1965:13)

Restitusie as strafsanksie fokus op die eenvoudige en basiese realiteit - naamlik die oortreder se verpligting om die slagoffer te vergoed. Hierdie vergoeding wat die oortreder aan die slagoffer moet doen, wakker 'n " sukses identiteit " by die oortreder aan omdat hy in sy eie oë, verantwoordelike gedrag openbaar.

'n Gevoel dat hy as mens iets beteken en dat hy verantwoordelikheid kan aanvaar vir sy dade lê opgesluit in die twee basiese psigologiese behoeftes van die mens:

> " **the need to love and be loved**
> **and**
> **the need to feel worthwile**
> **to oneself and to others ".**
> (Carney, 1980:127).

Hierdie oortuiging help die oortreder om hom los te maak van sy eie klein selfgesentreerde egosentriese bestaan. In antwoord hierop stap hy uit die proses van Restitusie as 'n meer volwasse persoon met 'n beter selfbeeld en 'n verantwoordelikheidsbesef.

2.5.3 **Om oorlading van die regsplegingsisteem te vermy**

Restitusie as geskikte alternatief vir gevangesetting is aanneemlik vir diegene wat pleit vir strenger strafsanksies sowel as vir diegene wat voel dat gevangesetting net reeds bestaande misdaadprobleme kan vererger. Restitusie word beskou as 'n strenger strafsanksie as ondertoesigstelling, maar meer mensliker en 'n sagter strafvorm as gevangesetting en daarom kan dit opereer as 'n intermediêre sanksiefasiliteit.
(Hudson & Galaway, 1989:3)

Die tradisionele antwoord op die vraag hoe jeugoortreders gehanteer moet word, is op die " *parens parentriae* " filosofie gebaseer. Volgens hierdie filosofie moet die jeugdiges wat gefouteer het, beskerm en gerehabiliteer word eerder as om hierdie jeugdiges deel te laat word van die harde werklikheid van die kriminele sisteem. (President's Commision (Evans & Koederitz, 1983:1)

Dit is egter juis hierdie dominante aard van die rehabilitasiegedagte wat veroorsaak het dat Restitusie in beginsel in die verlede wel aanvaar is in die jeugberegtings filosofie maar in die praktyk nie ten uitvoer gebring is nie.
(Schichor & Binder, 1982:46)

Nuwe alternatiewe moes gesoek word wat hierdie probleem op twee vlakke kan aanspreek: Eerstens moes die alternatief 'n vermindering van die gevangenispopulasie teweegbring en tweedens moes dit die veiligheid van die gemeenskap waarborg en terselfdertyd die oortreder straf en as afskrikmiddel dien. Baie

ander vorme van gemeenskapsdiensstrawwe kon nie aan hierdie vereistes voldoen nie.

Alhoewel daar 'n wye verskeidenheid programme ontwikkel is wat gebruik maak van die rehabilitasiegedagte, het hierdie programme in die meeste gevalle gefaal omdat dit nagelaat het om die probleem rondom oorbelading in die strafstelsel en vergoeding aan die slagoffer aan te spreek.

Die doel van Restitusieprogramme om oorlading van die regsplegingsisteem te voorkom, vind gewoonlik plaas deur van afwending op 'n voor-gevangesettings grondslag gebruik te maak. Die rasionaal hieragter is dat, deur minder ernstige gevalle te filtreer, daar meer aandag aan die werklik ernstige gevalle gegee kan word. Verskeie Restitusieprogramme opereer daarom as 'n alternatief vir gevangesetting ten einde oorbevolking in gevangenisse te voorkom. (Galaway & Hudson, 1980:117)

Voorstanders van Restitusie verklaar dat, deurdat Restitusie help om die gevallelading in die regsplegingsproses te verminder, sowel as om oorbevolking van gevangenisse te help verhoed, Restitusie nie alleen net die *utilitaristiese balans* tussen oortreder en slagoffer herstel nie, maar dat dit ook die *morele balans* herstel deurdat die oortreder deel word van die ondervindinge en gevoelens van die breër gemeenskap waaruit hy kom. (Staples, 1986:179-180)

Waar dit dus blyk dat tradisionele strafmetodes gefaal het om die

probleem van oorlading van die regsplegingsproses en oorvol gevangenisse aan te spreek en te akkommodeer, Restitusie as strafsanksie 'n werklike impak kan lewer op 'n regverdige strafstelsel, waardeur die oortreder, slagoffer en gemeenskap bevoordeel word deur 'n Restitusiebevel.

2.6 **RESTITUSIE AS DOELMOTIEF VAN STRAF**

Gedragsvoorskrifte is deur die Staat ingestel ten einde homself en sy onderdane en die breë gemeenskap te beskerm, maar ook om as rigtingwysers te dien vir homself en die gemeenskap hoe om op te tree.

Gedragsvoorskrifte bevat altyd 'n element van strafbedreiging vir diegene wat hulle nie by die gedragsvoorskrifte hou nie. Diegene wat ten spyte van hul bekendheid van wette en straf hulself nie binne hierdie raamwerk van wetsgehoorsaamheid hou nie, moet gestraf word.

Hierdie strafoogmerke is by alle strafvorme dieselfde, naamlik: *vergelding, afskrikking, beskerming van die gemeenskap en hervorming of rehabilitasie van die oortreder.* Om die laaste vraag te kan beantwoord oor die mate waartoe van Restitusie as alternatiewe strafvorm gebruik gemaak kan word, moet daar dus gekyk word in hoe 'n mate Restitusie aan die vereistes van hierdie strafoogmerke voldoen:

2.6.1 **Vergelding**

Die vergeldingsteorie gaan van die standpunt uit dat die mens 'n vrye verantwoordelike rentmeester van sy eie handelinge is wat gestraf moet word vir misdrywe. (Carney, 1980:5)

Vergelding verskil van wraak (sien 3.2) in die sin dat waar wraak gerig was teen die oortreder as persoon, vergelding dui op straf wat die gevolg is van 'n gebeurtenis wat in die verlede gebeur het en wat teen die wet was - naamlik 'n misdaad.

Die vergeldingsaspek van Restitusie kan nie geïgnoreer word nie. McAnary (Siegel, 1979:141) ondersteun hierdie standpunt as volg:

> " *Looking at a retributive-based sentencing system and the virtues it endorses, my general intuition is that restitution as a practice would fit in quite well. In fact, the fit is so nearly exact that the reinvention of the victim in criminal justice and the return of retribution as the primary explanation of why we punish appear to be manifestation of the same social movement* ".

McAnary regverdig sy ontleding van Restitusie deur die volgende vergeldingsvoordele van Restitusie uit te wys as:

* die beklemtoning van geregtigheid aan die slagoffer

* die noodsaaklikheid om die moreel verkeerdheid van kriminele handelinge bekend te maak

* die beklemtoning van kriminele verantwoordelikheid vir onregmatige handelinge

* die opvatting dat elke oortreder in gelyke mate aanspreeklik is om restitusiebetalings te maak.
(Siegel, 1979:141)

Restitusie wat as oogmerk het straf vir die handeling van die oortreder, sowel as die rehabilitasiemoontlikhede wat opgesluit is in die groter bewuswording van 'n eie verantwoordelikheidsin na die suksesvolle uitvoering van 'n restitusiebevel, voldoen dus aan die vereistes wat die teorie van vergelding aan 'n strafvorm stel.

2.6.2 **Afskrikking**

Afskrikking as doelmotief kan op twee maniere vertolk word; naamlik **individuele afskrikking** en **algehele afskrikking.**

Individuele afskrikking is daarop gemik om by die individu wat 'n misdryf begaan het, deur die straf wat hom opgelê word, verdere misdaad te verhoed. (Reid, 1981:42)

Algemene afskrikking daarenteen het ten doel om die gemeenskap af te skrik om 'n soortgelyke misdaad te pleeg as diè waarvoor die oortreder gestraf is. (Carney, 1980:10)

Afskrikking as doelmotief is dus gegrond op die idee dat die misdadiger gestraf word ten einde homself, sowel as ander potensiële oortreders van misdaad te weerhou. Die normale mens sal in die algemeen altyd die onaangename probeer vermy.

Die vraag of restitusie voldoen aan die strafmotief van afskrikking, kan moontlik op die mees elementêrste wyse beantwoord word:

> *Misdaad is eenvoudig, omdat dit vir die*
> *oortreder goedkoop is;*
> *en dit is goedkoop, omdat die staat en*
> *die gemeenskap dit 'n goedkoop handeling*
> *gemaak het.*

Omdat daar meer van die oortreder verwag word ten opsigte van skadevergoeding waarvoor hyself aanspreeklikheid moet aanvaar, is misdaad in die geval van Restitusie nie 'n goedkoop handeling vir die oortreder nie en kan die afskrikwaarde van hierdie skadevergoeding die oortreder sowel as potensiële oortreders van

verdere misdaad weerhou.

Kellogg, (1982:15) verklaar in hierdie verband dat die oorgrote meerderheid misdade nooit gepleeg sou wees, indien die oortreders van die moontlikheid bewus was dat hulle die slagoffers ten volle vir die misdryf moes vergoed nie.

Omdat Restitusie die oortreder as mens aanraak in die sin dat hy van homself moet gee in die vorm van finansiële bystand of hulp aan die slagoffer, kan dit as 'n geskikte afskrikmiddel gesien word veral in die moderne tydvlak waar onbetrokkenheid 'n lewenswyse geword het en die ekonomiese sektor 'n laagtepunt bereik het.

Evans en Koederitz (1983:1) maak die stelling dat Restitusie deur diegene wat gemoeid is met straftoemeting, gesien word as die *mees logiese, belowendste en effektiefste manier om die doelwit van straf deur afskrikking te bereik.*

2.6.3 **Beskerming van die gemeenskap**

Omdat beskerming van die gemeenskap so 'n logiese en primêre gevolg van die rede of doelwit van straf is, kon navorser nie baie literatuur in hierdie verband bekom nie.

Beskerming van die gemeenskap kan moontlik die beste verduidelik word deur dit te koppel aan die strafoogmerke van afskrikking en rehabilitasie.

2.6.3.1 Beskerming deur afskrikking.

Soos verduidelik is onder 2.6.2 is die hoofdoel van afskrikking om die oortreder, deur die straf wat hom opgelê word, van 'n soortgelyke of verdere misdaad weg te keer en aan die ander kant om potensiële oortreders, deur die straf wat die oortreder ontvang het, sodanig af te skrik dat misdaad weerhou word. Indien hierdie afskrikking effektief is, word verdere misdaad voorkom en die gemeenskap word dus as gevolg van die afskrikwaarde van Restitusie beskerm.

2.6.3.2 Beskerming deur rehabilitasie

Galaway (Austin & Krisberg, 1982:378) se argument ten gunste van Restitusie, kan gesien word as 'n aanspraak dat misdaad die gevolg is van die vervreemding of onvermoë van die oortreder tot betekenisvolle deelname in die gemeenskap. Restitusie beweeg die oortreder daartoe om die ordelike saamleef van persone wat hy deur sy misdaad versteur het, te herstel deur betekenisvolle deelname in die verlies en trauma van die slagoffer as gevolg van die misdaad.

Deur die bevel tot die maak van Restitusie, kan die oortreder uit eie beweging, vanweë sy beter selfbeeld wat opgebou is deur die suksesvolle afhandeling van Restitusie, of as gevolg van terapeutiese hulp wat hy ontvang het as deel van 'n Restitusieprogram, suksesvol in die samelewing funksioneer wat

direkte beskerming aan die gemeenskap bied.

2.6.4 **Hervorming of rehabilitasie van die oortreder**

Hervorming of rehabilitasie as strafoogmerk, dui op die heroriëntasie en heropvoeding van die oortreder ten opsigte van sy innerlike self wat ten doel het selfverbetering, selfbeheer, selfopheffing asook die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die eie gedrag.

Een van die grootste besprekingspunte oor Restitusie as strafsanksie, gaan sekerlik daaroor of Restitusie 'n invloed op die rehabilitasie van die oortreder sal hê. Garafalo, (Edelhertz, 1975:21) verwys na Restitusie as die *beginsel van afdwingbare vergoeding*. Hy verklaar voorts dat afdwingbare vergoeding aan die slagoffer minder destruktief op die oortreder inwerk as byvoorbeeld gevangesetting.

B.F. Skinner se leer-teoretiese benadering betreffende die gedrag van die mens, verklaar basies dat gedrag suksesvol beheer kan word deur die daarstelling van betekenisvolle gebeurlikhede en doelwitte en dat gedrag derhalwe deur die stimuli wat daarop volg, beheer kan word. (Becker, 1988:114, & Meyer et al. 1988:197)

Skinner se teorie kan vanuit Penologiese perspektief, die beste verklaar word aan die hand van die persoon wat 'n misdaad gepleeg het:

* Indien so 'n persoon **gevangesetting** ondergaan, is sy hoofdoel om so spoedig moontlik ontslaan te word, met weinig die gedagte dat hy hom moet rehabiliteer

* Indien die persoon **ondertoesigstelling** as straf uitdien, kan die rehabilitasiegedagte tydelik vir hom primêr wees, maar kan egter ook net 'n middel tot 'n doel wees naamlik om deur sy gedrag sy straf " gelig " te kry

* **Restitusie** aan die ander kant kan as positiewe sitmilu, vanweë die verantwoordelikheidssin wat die oortreder aanleer deur die slagoffer te vergoed, sy gedrag beheer en verander tot positiewe gedrag en werk dus daardeur rehabilitasie in die hand.

Penoloë waaronder Eglash (Edelhertz, 1975:21) wys op die potensiële rehabilitasiewaarde van restitusie as strafvorm en gebruik die term kreatiewe restitusie wat uit vyf essensiële elemente opgebou is.

* *'n aktiewe poging om die oortreder tot hulp te wees ten opsigte van sy rehabilitasie*

* *'n aktiwiteit wat sosiaal-konstruktiewe gevolge bewerkstellig*

* *hierdie sosiaal-konstruktiewe gevolge hou verband met die misdaad wat gepleeg is*

* *daar bestaan 'n verwantskap tussen die oortreding en Restitusie wat vergoedend en herstellend is*

* *'n situasie word geskep wat beter is as voor die misdaad gepleeg is.*

Kreatiewe restitusie onderstreep *sosiale verantwoordelikheid* wat die oortreder die geleentheid bied om die slagoffer te herstel tot sy vroeë toestand voor die misdaad teen hom gepleeg is, en daarom het restitusie in geheel 'n groter impak op die oortreder as wat ander strafvorme by magte is om te doen.

2.7 REGVERDIGING VAN RESTITUSIE AS STRAFSANKSIE

Enige strafmodel moet regverdigingsgronde hê vir sy bestaan, anders blyk dit net 'n illusie te wees wat soos 'n kleurryke seepbel, die omstanders vir net 'n kort tydjie met sy glans verryk om daarna in die niet te verdwyn. Restitusie as strafmodel beskik oor die volgende regverdigingsgronde:

2.7.1 Geskiktheid

Restitusie is 'n geskikte alternatief vir tradisionele

strafmetodes en dan veral ook ten opsigte van gevangenisstraf omdat restitusie die primêre- sowel as die sekondêre negatiewe gevolge van gevangenisstraf uitskakel.

Restitusie verskil ook van ander tradisionele strafmetodes deurdat dit nie alleen as 'n bevel deur die howe opgelê word nie, maar ook in beperkende mate van bemiddeling tussen slagoffer en oortreder gebruik kan maak, met 'n bevoegde persoon wat as bemiddelaar optree. Verder kan Restitusie as geskikte alternatief ook in polisiedepartemente deur verantwoordelike offisiere met die nodige kennis van hierdie strafvorm aangewend word.

Restitusie as strafvorm word as geskik beskou in die verwysing van oortreders na 'n geskikte restitusieprogram, waar terapeutiese insette gelewer kan word ten opsigte van die rehabilitasie van die oortreder. Hierdie programme bied ook opleidings- en werksgeleenthede wat die oortreder instaat stel om sy slagoffer te vergoed en as hoofdoel het om residivisme te voorkom.

2.7.2 **Uitsprake van die Howe**

Die howe is nie meer gebind in hul uitspraak tot die tradisionele strafvorme nie en kan inderdaad wye diskresie aan die dag lê in die hantering van die jeugdige- en die geringe oortreder. Dit dra daartoe by dat restitusie en verwysing na restitusieprogramme, op 'n algemene basis deur howe gelas word,

wat 'n bydrae lewer tot die effektiewe bekamping van residivisme.

2.7.3 **Afsonderlikheid**

Die funksionering van 'n sisteem kan op 'n gekoördineerde wyse sowel as op'n integrerende wyse funksioneer. Wat Restitusie betref, word betrokkenheid en uitvoering van beide sisteme gevind.

2.7.4 **Normalisering**

Die proses wat 'n negatiewe handeling verander en omskep in 'n positiewe handeling, staan bekend as normalisering.

Deur die vergoeding wat die oortreder aan die slagoffer moet doen, word die vroeë toestand herstel voor die misdaad gepleeg is, en normalisering vind dus plaas.

2.7.5 **Kriteria vir Restitusie**

Wanneer Restitusie as straf opgelê word, word die klem verskuif van die primêre fokus op die misdaad self, en word die oortreder en slagoffer as gelyke komponente van die strafreg behandel.

2.7.6 **Verdraagsaamheid van die Gemeenskap**

Enige strafsanksie wat werklik 'n impak wil maak, benodig 'n gemeenskap wat alreeds gewillig en verdraagsaam is om hierdie

oortreders te akkommodeer.

Restitusie bied inderdaad 'n uitstekende geleentheid aan die gemeenskap om sy verdraagsaamheid teenoor die oortreder, en bereidwilligheid om hom te akkommodeer ten toon te stel - omrede die gemeenskap duidelike bewyse het dat die oortreder deur die vergoedingspakket wat hy die slagoffer aanbied, wel 'n sinvolle bydrae tot die gemeenskapslewe gemaak het.

2.7.7 **Absorberingsmeganismes**

Die verwysing van meer oortreders na Restitusieprogramme, maak gemeenskapsagente bewus van dít wat met Restitusie beoog word, naamlik om deur hierdie Restitusieprogramme - wat ook as behandelingsprogramme opereer, die gevolge van die misdaad te absorbeer en daardeur 'n beter persoon weer terug te gee aan die samelewing.

Ter wille van 'n beter begrip aan die leser oor die funksionering van Restitusie in die verskillende lande wat in hierdie proefskrif bespreek gaan word, is dit nodig om Restitusievorme asook stadiums van Restitusie in die regspleging as agtergrondkennis aan die leser weer te gee.

2.8 **VORME WAT RESTITUSIE KAN AANNEEM**

Die twee bronne (Killinger, G.G. & Cromwell, P.F., 1978:80-81;

asook Siegel, L., 1979:136), is die toonaangewende bronne en alle hedendaagse restitusiestelsels funksioneer op hierdie wyse.

Vier vorme van Restitusie wat ten doel het om **straf** aan die *oortreder* en **vergoeding** aan die *slagoffer* aan te spreek, word uitgewys:

* Tipe 1: Restitusie bevat 'n finansiële vergoeding wat deur die oortreder direk aan die slagoffer betaal word.

  Hierdie vorm van Restitusie word die meeste van gebruik gemaak in veral die Verenigde State van Amerika. (Sien hoofstuk 6)

* Tipe 2: Restitusie het betrekking op die finansiële betaling deur die oortreder aan 'n gemeenskapsagent.

  Hierdie vorm van Restitusie word nie so baie gebruik in die Verenigde State van Amerika nie, maar word wel algemeen gebruik in Europa. (Sien hoofstuk 5)

  Tipe 2 Restitusie, verskil van 'n boete in die sin dat die ontvanger van Restitusie 'n welsynsorganisasie is. Hierdie vorm van

Restitusie word gemaak indien:

- die slagoffer versoek dat die vergoeding na 'n welsynsorganisasie moet gaan

- indien die slagoffer onbekend is, of verkies om nie verder betrokke te raak by die Restitusieskema nie

- indien die slagoffer nie 'n verlies ervaar het as gevolg van die misdryf nie.

* Tipe 3: Restitusie vereis dat vergoeding in die vorm van persoonlike diens aan die slagoffer sal geskied.

* Tipe 4: Restitusie word gedoen indien daar van die oortreder vereis word om 'n diens aan die gemeenskap te lewer.

2.9 STADIUMS IN DIE REGSPLEGING WANNEER RESTITUSIE NA VORE TREE

Daar is verskillende stadiums binne die regsplegingsproses waar Restitusie die stelsel kan betree:

2.9.1 **Privaatrestitusie**

Privaatrestitusie vind plaas wanneer die oortreder en die slagoffer 'n saak onderling skik sonder om die polisie of 'n bemiddelaar aangaande die oortreding te verwittig.

Edelhertz, (1975:28) spreek hom sterk teen privaatrestitusie uit waar die saak nie onder die aandag van die polisie gebring word nie. Twee redes hiervoor word genoem:

* Eerstens is daar volgens genoemde skrywer weinig wat enige Restitusiemodel kan aanbied, indien volle besonderhede van die misdryf nie bekend is nie

* Tweedens kan privaatrestitusie lei tot 'n moontlikheid van afpersing dat die saak nie onder die aandag van die polisie gebring sal word, indien Restitusie aan die slagoffer gemaak word.

Ondersoeker steun hierdie standpunt oor privaatrestitusie maar sal tog wel wil sien dat daar meriete uitsonderings gemaak word.

As voorbeeld kan genoem word die skolier wat homself wederregtelik skuldig maak aan die diefstal van 'n ander skolier se besittings. In so 'n geval van 'n eerste oortreding, behoort die saak nie onder die aandag van die polisie te kom nie omdat die gevolge hiervan die oortreder as persoon onnoembare skade kan

berokken. In hierdie geval sal restitusie tussen oortreder en slagoffer met die bemiddeling van 'n onderwyser voldoende straf aan die oortreder en vergoeding aan die slagoffer uitmaak.

'n Vorm van privaatrestitusie waar Edelhertz (1975:30) sy eie sienswyse meer buigsaam maak is in die geval waar privaatrestitusie op die spoedige afhandeling van die saak en die goeie trou tussen partye gegrond is. Hierdie vorm van Restitusie is byvoorbeeld in die geval waar ouers derdeparty skadevergoeding betaal vir 'n oortreding deur hul kind begaan. Die saak word dus tussen belanghebbende partye geskik sonder die kennis of inmenging van die polisie.

2.9.2 **Restitusie op die vlak van polisiebemiddeling**

Op die vlak van polisiebemiddeling is afwending in die algemeen en restitusie in die besonder standaard prosedures veral in gevalle waar jeugdiges betrokke is. Restitusie op hierdie vlak neem gewoonlik die vorm aan van regstellende aksies en word om hierdie rede gebruik binne die afwendingsproses. (Herrington, 1975:30)

Polisiebeamptes kan gedurende hierdie vlak van bemiddeling 'n oortreder wat van 'n kriminele aktiwiteit verdink word,
" kontak " en 'n ooreenkoms met die oortreder sluit dat gesteelde goedere aan die slagoffer terugbesorg word of dat dienste aangebied moet word. (Edelhertz, 1975:30)

Ondanks die feit dat daar nie baie literatuur oor hierdie vorm van restitusie bestaan nie, is dit ook 'n redelike algemene gebruik vir minder ernstige oortredings dat die oortreder nie inhegtenis geneem word nie, maar 'n diens aan die slagoffer moet lewer.

Die voordele verbonde aan Restitusie deur die polisie is duidelik. Deurdat daar vinnig tot 'n vergelyk gekom kan word tussen die twee partye deur middel van bemiddeling, hoef die betrokke partye nie in die hof te verskyn, met gevolglike onkostes vir die oortreder en slagoffer nie, en hoef die oortreder ook nie die regsplegingsproses te deurloop wat stigmatiserend sowel as etiketterend vir hom as persoon is nie.

Ongelukkig is daar ook duidelike nadele verbonde aan hierdie vlak of vorm van Restitusie. Die diskresionêre magte wat verleen word, het die polisie nòg opleiding, nòg ondervinding van. In hierdie diskresionêre magte kan ongelukkig elemente van dwang en geweld opgesluit lê wat moontlik deur die polisie misbruik kan word.

2.9.3 **As voorwaarde vir ondertoesigstelling**

Restitusie as voorwaarde vir ondertoesigstelling, geskied binne die raamwerk van 'n opgeskorte vonnis.

Die spesifieke voorwaardes kan die volgende insluit:

* *die herstel van verlies gely aan die slagoffer*

* *persoonlike verskoning aan die slagoffer*

* *'n finansiële bydrae aan 'n gemeenskapsorganisasie.*

Restitusie wat op hierdie vlak toegepas word, word gesien as " *therapeutic elements in court supervision* " en word daarom ingeskakel by 'n bevel tot ondertoesigstelling.
(Killinger & Cromwell, 1978:78)

2.9.4 **Restitusie op die vlak van informele hofberegting**

Restitusie vind nie altyd buite die medewete en inmenging van die regsplegingstelsel plaas nie.

In onderhoude wat gevoer is met verskeie landdroste in die Skiereiland van Kaapstad, het dit geblyk dat vanweë die hoë lading minder ernstige misdade wat landdroshowe moet hanteer, die landdros byvoorbeeld 'n ooreenkoms met die oortreder aangaan dat in ruil vir sy vrylating en ten einde verdere regstappe te voorkom, die oortreder die saak met die slagoffer moet skik.

2.9.5 **As deel van 'n gemeenskapsgebaseerde rehabilitasieprojek**

'n Prototipe van hierdie vorm van restitusie, is die Amerikaanse "Gemeenskapsbystands-Voorkomings Restitusiemodel ". (sien 6.13.7)

Oortreders wat aan diefstal skuldig bevind word, word deur hierdie program die geleentheid gebied om werk te verrig en so hul slagoffers finansieel te vergoed, en vermy dus gevangesetting. Hierdie program het daartoe gelei dat strafhowe dwarsoor Amerika, hierdie idee aangeneem het veral waar die jeugdige en eerste oortreder wat geringe misdrywe begaan het, in gedrang was. (Lawrens, 1990:98)

Die doelstelling van die Restitusie- of gemeenskapsentrum verdien steun omdat die oortreder deur werksverrigting, 'n finansiële bydrae aan die slagoffer maak. Die klem verskuif dus in hierdie geval van blote gemeenskapsdiens na finansiële vergoeding met fondse wat die oortreder self verdien.

2.10 **SAMEVATTING**

Restitusie as strafsanksie soos bespreek in hierdie hoofstuk, verdien sy regmatige plek in die regsplegingstelsel en navorser voorspel dat dit 'n steeds groter rol in die toekoms gaan vervul. Die redes vir hierdie siening is:

* Dit is die enigste strafvorm wat die eiesoortige behoeftes van die slagoffer aanspreek en die hele regsproses met nuwe oë laat kyk na die slagoffer as benadeelde party in hierdie hele proses van misdaad.

* Restitusie bied 'n uitstekende geleentheid om

oorlading van die regsplegingstelsel en oorvol gevangenisse te akkommodeer sodat hierdie instansies hul aandag aan die werklik gevaarlike oortreder en ernstige misdaad kan toespits.

* Restitusie is die enigste strafvorm wat daarop aanspraak maak, dat die oortreder nie alleen gestraf is nie, maar verantwoordelikheid teenoor sy dade en ook teenoor sy medemens aangeleer het.

Teen hierdie agtergrond gesien, voldoen die konsep van Restitusie aan die filosofiese vereistes wat teoretici aan die regspleging stel - naamlik dat regverdigheid en geregtigheid 'n onlosmaaklike deel moet uitmaak van elke gemeenskap en dat billikheid en onpartydigheid as demokratiese proses op die slagoffer sowel as oortreder binne die raamwerk van Restitusie toegepas kan word. Dit bied 'n stimulus in die ontwikkeling van sosiale verantwoordelikheid teenoor diegene wat gemoeid is met die pleeg van misdaad sowel as diegene wat 'n slagoffer van misdaad is.

HOOFSTUK 3

DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD

3.1 INLEIDING

Vergoeding aan die slagoffer van misdaad is geen nuwe konsep in die proses van straftoemeting nie. Tekens van die toepassing van vergoeding aan die slagoffer van misdaad in een of ander vorm, was reeds in primitiewe gemeenskappe 'n gebruiksvorm in die proses van vonnisoplegging.

Die ontwikkelingsgeskiedenis rakende die vergoeding aan die slagoffer van misdaad, kan vir doeleindes van hierdie bespreking in drie denkrigtings ingedeel word.

Eerstens kan die ontwikkeling uiteengesit word volgens Schafer (1977:6) se bekende proepering. Schafer verdeel die geskiedenis in drie stadia, naamlik

- *die goue era van die slagoffer, waar erkenning gegee is aan die rol van die slagoffer in die misdaadproses*

- *die tydperk van verval, waar die slagoffer op die agtergrond geplaas is ten einde die oortreder prominent in die strafregspleging te plaas en*

- *die hersteltydperk, wat deel uitmaak van die ontwikkeling in die regspleging die afgelope veertig jaar, waartydens die slagoffer sy regmatige plek in die regspleging- en strafproses kon inneem.*

Tweedens kan die ontwikkelingsgeskiedenis aan die hand van Jacobs (Hudson & Galaway, 1977:44 en Harding, 1982:7) in ses stadia verdeel word:

* *private wraak - wat in beginsel neerkom op wraak wat gerig is van een persoon (slagoffer) teen 'n ander persoon (oortreder)*

* *kollektiewe wraak - waar weerwraak nie net teen die oortreder gerig kon word nie, maar ook teen enige lid van die groep waaraan die oortreder behoort*

* *onderhandeling en vergoeding tussen slagoffer en oortreder. Diè proses vorm die vertrekpunt van die konsep van mediasie wat tussen oortreder en slagoffer plaasvind*

* *die proses waartydens 'n vooropgestelde vergoedingspakket betaal moet word aan die slagoffer van misdaad*

* *tussenkoms van regeerders en heersers wat hul persentasie aan vergoeding opgeëis het*

* *die verdwyning van restitusie uit die strafreg as gevolg van 'n algehele oorname van die regsplegingstelsel.*

Derdens kan 'n tydsbegrensing gedoen word waarvolgens die rol van die slagoffer in die proses van tydperk tot tydperk bespreek word. So 'n afbakening bring mee dat die rol van die slagoffer vanaf die primitiewe gemeenskappe tot die jongste ontwikkeling op die terrein van slagoffervergoeding, chronologies onder die loep geneem kan word. Hierdie benadering sluit baie nou aan by die indeling van Schafer maar beklemtoon die ontwikkeling gedurende elke tydperk duideliker. Die indeling van Jacobs skiet tekort in die opsig dat dit nie voorsiening maak vir die huidige tendense in slagoffervergoeding nie.

Vervolgens sal die historiese ontwikkeling van die slagoffer in die strafproses aan die hand van die derde indeling, naamlik die tydbegrensing bespreek word.

3.2 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE PRIMITIEWE GEMEENSKAPPE

In die primitiewe gemeenskappe het 'n groep outonome politieke eenhede ontstaan wat op bloedverwantskap en plaaslike eenhede gegrond was. In hierdie gemeenskappe was daar geen teken van sosiale kontrole deur 'n sentrale gesag nie. Volgens Smit

(1981:12) was die taak van hierdie eenhede allesomvattend in die sin dat hulle die reg moes verkondig en skep, wette proklameer en self slagoffer, aanklaer en regter wees. 'n Interessante feit is dat onafhanklike en selfregerende magte wat vandag deel is van soewereine state teruggevoer kan word na die funksies van hierdie primitiewe eenhede. Diskriminasie of ondermyning van een groep ten opsigte van die belange van 'n ander groep is met afkeur bejeën. Dit het neergekom op wraak en vergoeding. Afkeur in die vorm van wraak het van groep tot groep verskil en staan bekend as bloedwraak.

'n Sentrale aspek van bloedwraak in die primitiewe gemeenskappe was dat die weerwraak nie net teen die oortreder gemik is nie, maar dat enige lid van die groep ook as oortreder uitgemaak en vervolg kon word. (Schafer, 1977:8) Hierdie beginsel van weerwraak teenoor enige lid van die groep waaraan die oortreder behoort, staan as kollektiewe aanspreeklikheid bekend, en kom daarop neer dat minder klem op die verwytbare geestesgesteldheid of skuld van die dader geplaas is in gemeenskappe waar kollektiewe aanspreeklikheid gegeld het. Lede van 'n stam of groep het as 'n hegte eenheid gefunksioneer in die sin dat verantwoordelikheid van die oortreder, die verantwoordelikheid van die hele groep of stam was. Dit impliseer dat hulp en beskerming aan die oortreder verleen kan word wanneer weerwraak teen hom gedreig het.

Volgens Schafer (1977:8) is daar onderskeid getref tussen die eerste oortreder en die oortreder wat herhaaldelik konfrontasie

met 'n ander groep uitgelok het. Die oortreder wat by herhaling oortree het, is as 'n " gewoontemisdadiger " beskou en kon nie op die bystand van sy groep of stam reken indien weerwraak teen hom gedreig het nie.

Terwille van hedendaagse perspektief en om verwarring tussen vergelding en wraak te voorkom, is dit nodig om te kyk na die basiese verskille tussen wraak en vergelding, wat in 'n aanvullende verhouding tot mekaar staan. Die algemeenste onderskeidingsgronde is die volgende

Tabel 1

Die onderskeidingsgrond tussen wraak en vergelding

Wraak	***Vergelding***
1. *Vergelding word hier ten doel gestel deurdat die oortreder vir sy misdaad moet betaal*	1. *Daar word op straf gekonsentreer en nie op wraak nie*
2. *Die hele groep word as benadeeld beskou indien een lid van die groep benadeel is*	2. *Slegs die direkte slagoffer word benadeel deur die misdaad*
3. *Kollektiewe vergelding geld deurdat tradisionele gebruike die groep dwing om die misdaad te wreek wat teen een van sy lede begaan is*	3. *Sodra die staat die oortreder straf, vind daar vergelding plaas*
4. *Die motief waarom die oortreder die misdaad gepleeg het, is irrelevant*	4. *Die oortreder se motief word in so 'n mate in ag geneem dat dit as versagtende of verswarende omstandighede by vonnisoplegging kan dien*

5. *Die groep se lojaliteit is net beperk tot lede van die groep self, daarom sal 'n misdaad begaan teenoor lede van 'n ander groep nie buite groepsverband gewreek word nie*	5. *Die staat as verteenwoordiger vir die gemeenskap is verantwoordelik vir die straf van die oortreder*
6. *Die groep word verantwoordelik gehou vir die dade van elk van sy lede*	6. *Vergelding funksioneer volgens die deterministiese siening - naamlik dat slegs die oortreder self verantwoordelik is vir sy dade*
7. *Die lede van die gesin of groep is verantwoordelik vir die oplê van straf. Straf is dus subjektief*	7. *Straf word opgelê deur die staat as objektiewe agent*
8. *Wraak is gebaseer op die les talionis of die "oog vir 'n oog" - beginsel. Van die standpunt word uitgegaan dat die oortreder in dieselfde mate moet ly as die slagoffer*	8. *Vergelding lê slegs klem op straftoemeting. Die mate van straf hoef nie die erns van die misdaad te ewenaar nie*
9. *Wraak lei tot weerwraak*	9. *Deurdat die staat die oortreder straf, word die gemeenskap versoen en die status quo gehandhaaf*

Ses beginsels lê bloedwraak ten grondslag:

* *bloedwraak as oogmerk is nie daarop gerig om die oortreder te straf nie maar om die onreg te vergeld en wraak te neem*

* *groepsverantwoordelikheid was die spil wat die groep bymekaar gehou het omdat die hele groep en nie net die oortreder vir die misdaad verantwoordelik gehou is*

* *die oortreding is beskou as 'n kollektiewe aanspreeklikheid teenoor die hele groep en is dus nie as interpersoonlik beskou nie*

* *voorafbeplanning van die daad of nalatigheid aan die kant van die oortreder, sowel as die motief waarom die misdaad gepleeg is, was nie ter sake nie*

* *onreg gepleeg teenoor lede van 'n ander groep is nie beskou as die verantwoordelikheid van die groep nie*

* *'n verpligting het op alle lede van die groep gerus om 'n onreg teenoor lede van die groep te beantwoord met kollektiewe wraak; in teenstelling waar weerwraak gerig kon word teenoor enige lid van die ander groep waaraan die oortreder behoort.*

Volgens Barnes & Teeters (1959:287), is die beginsel van " *lex taliones* " - 'n oog om 'n oog en 'n tand om 'n tand, by die proses van bloedwraak letterlik ten uitvoer gebring. Hierdie beginsel van " *lex taliones* " wat ook in die Mosaïese wette voorkom, kan die beste verwoord word aan die hand van Levitikus

24 verse 20-21. (Bybel:1983:140)

> " *As iemand 'n medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word: as hy iemand se been gebreek het, moet sy been ook gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het, moet sy oog ook beskadig word, as hy iemand se tand uitgeslaan het, moet sy tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word, wat hy aan sy medemens gedoen het* ".

Wraak teenoor die verontregte groep het in die meeste gevalle tot weerwraak gelei wat in die vroegste primitiewe gemeenskappe tot 'n nimmer eindigende sirkel van bloedvergieting gelei het. Barnes en Teeters (1959:228) maak die stelling dat 'n verhoging in beskawingspeil meegebring het dat bloedwraak in hewigheid afgeneem het. 'n Klemverskuiwing in straf het plaasgevind. Dit impliseer dat die sanksie vanaf die familie na die staat gewentel is. Hierdie reg wat die staat verkry het om te straf, is prakties ten uitvoer gebring in die oplegging van strafvorme soos vergoeding aan die slagoffer in die algemeen en restitusie in die besonder.

3.3 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE KODE VAN HAMMOERABI

Die Kode van die Babiloniese Koning, Hammoerabi, is een van die vroegste geskrewe oorblyfsels van antieke strafbeleidrigtings. Hiervolgens is daar gepoog om ideologiese en sosiale

doelstellings deur middel van intensiewe, noukeurige en tegniese prosedures te bereik. (Lamborn, 1973:446)

Die Kode is 'n handboek van wette met instruksies aan polisieamptenare, regters en getuies betreffende sake soos regte en pligte van eggenote, vrouens en kinders. Regulasies is ook in die Kode aangespreek met betrekking tot die vasstelling van lone en pryse, asook 'n gedragskode van professionele en besigheidspersone en 'n presiese uiteensetting met betrekking tot 'n bepaalde verpligting. 'n Handeling wat nie goedkeuring weggedra het nie, asook die presiese straf wat toegepas moet word, word ook deur die Kode beskryf. Hierdie Kode kan met reg gesien word as 'n historiese mylpaal of vertrekpunt omdat dit nie tydsgebonde is nie, maar hede, verlede en toekoms bymekaar bring. (Korn, 1959:375)

Hammoerabi verklaar sy sinvolle doelstellings as volg:

> " *to cause justice to prevail in the land,*
> *to destroy the wicked and evil,*
> *to prevent the strong from oppressing the weak,*
> *to go forth like the sun...*
> *... to enlighten the land and,*
> *to further the welfare of the people* ".
>
> (Korn, 1959:375)

In die funksionering van die Kode, word die volgende verklaar ten opsigte van betaling en vergoeding aan 'n slagoffer van misdaad:

" *if a robber has not been caugh... the city and governor in whose territory and district the robbery was committed, shall replace for him his lost property* ".

(Edelhertz, 1975:2)

Die Kode verklaar verder dat:

" *if it was a life that was lost, the city and governor shall pay one mina of silver to his heirs* ".

(Edelhertz, 1975:2)

Die doelstellings van die Kode van Hammoerabi, was vir die gemeenskap van waarde omdat:

* dit versterking van die gesag van die staat beteken het. Die afskaffing van eie optrede sowel as bloedwraak, is gerig op die versterking van die mag van die koning en omvat 'n ingryping deur die staat in feitlik elke faset van die gemeenskapslewe. Hierdie beheer van die staat oor die gedrag van individue berus op 'n sisteem van strawwe wat toegepas kan word deur die staat indien neergelegde regulasies nie nagekom is nie (Harper in Korn & McCorkle, 1959:375)

* dit beskerming aan swakkeres teen sterkeres beteken het. Volgens Korn & McCorkle (1959:376) het enige persoon wat

'n swakkere of 'n ondergeskikte verontreg het, hom aan besliste straf blootgestel

* dit die verhouding tussen oortreder en slagoffer herstel het. Babiloniërs het nie net 'n afkeer gehad jeens die daad wat gepleeg is nie, maar het 'n ewe sterk afkeer teen die dader gehad. Hiervolgens moes die verkeerde daad uitgewis en sake herstel word soos dit daar uitgesien het voordat die misdaad gepleeg is. Indien die vroeë toestand nie herstel kan word nie, byvoorbeeld waar 'n lewe geneem is, moes die oortreder gedwing word om dieselfde verlies en pyn as die slagoffer te ly. (Cilliers, 1984:22)

Die oog-om-'n oog doktrine is aangepas om sosiale klasseverskille of ooreenkomste te akkommodeer. Byvoorbeeld as 'n man die oog van 'n gelyke sou uitslaan moes sy oog ook uitgeslaan word, maar as hy dieselfde oortreding teenoor 'n ondergeskikte sou pleeg, moes hy slegs 'n boete betaal. (Reid, 1979:587)

Schafer (1977:10) is die mening toegedaan dat daar nie 'n balans in die Kode van Hammoerabi was ten opsigte van siviele en kriminele bepalings nie. Die beginsel van kollektiewe aanspreeklikheid is dus nog behou en toegepas.

Hoewel die Kode as uiters wreed met betrekking tot die voorskrifte van die strafvorme wat toegepas moes word, bestempel kan word, was daar tog 'n voordeel aan verbonde in die sin dat

histories gesien dit die eerste geskrewe beleidsrigting was ten opsigte van die strafproses wat ooit gepubliseer was.

3.4 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN MOSES

Kronologies op die tydperk van Hammoerabi, volg die Mosaïese tydperk met 'n regskode wat minder klem gelê het op sosiale beheer. Korn & McCorkle (1959:379-380) wys daarop dat, anders as in die tydperk van Hammoerabi waar 'n religieuse oortreding gesien is as 'n staats- of sekulêre oortreding, die tydperk van Moses gekenmerk was deur 'n strafkode wat hoofsaaklik gemik was op misdade teen godsdienstige fasette.

Bogenoemde skrywers (1959:380) wys dan ook op die doel van hierdie strafvorme, naamlik om die slagoffer te vergoed en terug te keer na die toestand voor die misdaad gepleeg is - 'n toestand waardeur die "*status quo*" herstel kon word.

Eksodus 21 verse 22-25 (Bybel, 1983:140) is 'n voorbeeld waar die slagoffer van misdaad vergoed word vir die misdryf wat teen hom gepleeg is:

> " *Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die*

boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê. As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet, 'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond en 'n kneusplek vir 'n kneusplek ".

Waar 'n diefstal gepleeg is, verklaar die Wette van Moses in Eksodus 22 verse 2-4(a): (Bybel, 1983:91)

" Waar 'n man 'n bees of 'n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap. As die gesteelde goed lewend in sy besit gevind word, moet hy dit dubbel vergoed, of dit nou beeste, donkies of skape is. 'n Dief moet ten volle vir sy diefstal vergoed. As hy niks besit nie, moet hy vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word ".

Volgens Herrington (1986:156), het die Wette van Moses bepaal dat viervoudige vergoeding in die vorm van restitusie vir gesteelde skape betaal moet word en 'n vyfvoudige vergoeding vir 'n os wat nog van diens kon wees. Hieruit blyk dit dat restitusie in sy suiwerste vorm toegepas is, omdat dit dui op 'n herstelling van die vroeë toestand voordat die misdaad gepleeg is.

Ondanks die feit dat die Mosaïese Wette op die " *lex talionis* " beginsel gebou is, is die oortreder nie sonder meer gestraf nie

en is versagtende faktore in aanmerking geneem - byvoorbeeld in die geval waar die oortreder per abuis 'n ander persoon doodgeslaan het. In gevalle waar versagtende omstandighede gegeld het, is die oortreder na die sogenaamde *vry stede* verwys waarheen 'n oortreder kon vlug wat nog nie sy saak voor 'n bevoegde vergadering gelê het nie - sodoende kon hy ontkom aan die wraak van die slagoffer se bloedverwante. (Bybel, 1983: Num:34:9-14)

In Deuternomium 19 vers 5 (Bybel, 1983:209) word hierdie omstandighede verduidelik:

> " *Wanneer iemand byvoorbeeld saam met sy buurman na 'n bos toe gaan om hout te kap en hy swaai die byl in sy hand om 'n boom te kap, en die byl skram weg van die boom af en tref die buurman sodat hy sterf, mag so 'n persoon na een van die drie (asiel) stede toe vlug om te bly lewe* ".

'n Algemene gebruik was dat oortreders in hierdie asielstede moes bly tot na die dood van die hoëpriester waarna 'n oortreder hom kon loskoop deur restitusie aan die slagoffer van die misdaad te betaal. (Bybel, 1983. Num 35 vers 32)

Mosaïese wetgewing is sedert die vroegste tye 'n belangrike onderwerp van bespreking vir beide Teoloë as Penoloë. Eerstens omdat baie van die wette van Moses daarop gemik was om 'n diens aan die slagoffer te verleen (wat die studiegebied van die

Penologie aanraak), en aan die ander kant het dit dekking aan die Teologiese veld verleen omdat hierdie wette die mag van die Kerklike owerhede verseker het wat die Kerk pertinent midde in die samelewing geplaas het.

3.5 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE ROMEINSE REG

Die geskiedenis van die Romeinse reg kan breedweg binne die volgende drie tydperke ingedeel word:

* Vroeë Romeinse Reg:- 753v.C. tot middel van die derde eeu voor Christus. Die laasgenoemde datum is veral 'n kenmerk van die begin van die Romeinse ryk buite Italië

* Klassieke Romeinse Reg:- 250v.C. - 284 n.C. Hierdie tydperk vergestalt die beëindiging van die Romeinse Republiek in 27 v.C. en die Klassieke Reg of die " goue eeu " van die Romeinse Reg wat met die tydperk van die Prinsipaat of monargiese regerings saamgeval het

* Na Klassieke Reg:- 284n.C. - 565 n.C. Hierdie tydperk staan bekend as die tydperk van die Dominaat of absolute monargie.

Gedurende die Romeinse Ryk is 'n regstelsel ingestel wat oor 'n formele kode van siviele en kriminele prosedures beskik het. Die

rede hiervoor is dat die Romeine groot waarde aan regsgeleerdheid geheg het. Dat die strawwe besonder swaar was gedurende hierdie tydperk blyk uit die Wet van die Twaalf Tafels. Herrington, (1986: 156) maak in hierdie verband melding van die feit dat die Wet op die Twaalf Tafels bepaal het dat 'n dief dubbel die waarde van gesteelde goedere aan die slagoffer moes betaal.

'n Tweeledige indeling van wandade word in die Wet van die Twaalf Tafels aangetref, naamlik die wandade teen die privaat persoon en die wat gerig is teen die gemeenskap. Brandstigting, diefstal van openbare goed en diefstal van tempelgoed is onder andere beskou as misdade teen die gemeenskap en was gewoonlik strafbaar met die dood. Wat betref wandade teen 'n privaat persoon het die reg van weerwraak nie meer gegeld nie en al aanspraak waarop die slagoffer geregtig was, was 'n soengeld of boete. (De Wet & Swanepoel, 1975: 3-4)

Hosten, Edwards, Nathan en Bosman (1990:492) maak melding van die feit dat die Twaalf Tafels betaling van vasgestelde boetes vir misdade teen die persoon ingesluit het wat bekend gestaan het as *iniuria*. Dit het neergekom op fisiese krenking van die persoon. Mettertyd het die praetoriese edik voorsiening gemaak vir 'n uniforme remedie, wat beskikbaar was vir 'n wye verskeidenheid van skendings van 'n persoon se persoonlikheidsregte - nie alleen fisiese skendings nie maar ook beledigende gedrag en ander dade en woorde wat die slagoffer se goeie naam kan aantas. (Hosten & Edwards, 1990:492)

Bogemelde skrywers (1990:493) wys verder daarop dat indien 'n skuldenaar onder die Wet van die Twaalf Tafels nie by magte is om sy boete te vereffen nie, sy liggaam in stukke gesny en in verhouding onder die skuldeisers verdeel word.

Ondanks die feit dat die heerskappy van die Romeinse Reg die langste tot op hede is, verklaar Taft & Engeland, (1956:287)

> " *The Romans, pre-eminent in matter legal, nevertheless contributed little of interest for the penologist of today* ".

3.6 **VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE GERMAANSE INVALLERS**

Nomadiese Germaanse stamme uit Noordoos- Europa, het Wes-Europa gedurende die twaalfde eeu binnegeval met die uitsluitlike doel om te roof en te plunder. Nie alleen het die Germane oor beter wapens as die Romeine beskik nie, maar het ook geblyk beter plunderaars te wees. (Terreblanche, 1990:20-23)

Hierdie inval deur die Germane en die daaropvolgende val van die Romeinse Ryk, het tot gevolg gehad dat die Germaanse regstelsel op die voorgrond getree het. Hierdie regstelsel kon egter nie naastenby met die van die Romeinse Ryk vergelyk word nie, veral omdat die Germane se gewoontes in wese nog barbaars was. 'n Negatiewe aspek was veral die stelsel van private aanklaers wat gevolg is.

Smit, (1981:17) wys daarop dat vergoeding aan die slagoffer in die Germaanse Regstelsel daaruit bestaan het dat die sosiale en maatskaplike status van die slagoffer, soos byvoorbeeld geslag, status in die samelewing, erns van misdaad en ouderdom in berekening gebring is by die bepalings van straf.

Indien die oortreder nie by magte was om die slagoffer te vergoed nie, het die Germaanse wette bepaal dat die oortreder verban word uit die groep en het terselfdertyd beskerming, asook lidmaatskap van die groep verloor. (Cilliers, 1984:26)

Dit is egter nie net die Romeinse Ryk wat deur die Germane binnegeval is nie, maar ook groot dele van Brittanje het onder die invallers deurgeloop. Die gevolg hiervan was dat die Germaanse regstelsel op inwoners van Brittanje afgedwing is. Hierdie regstelsel het voorsiening daarvoor gemaak dat die oortreder gedwing was om soos Herrington, (1986:156) dit stel " *buy back the peace he had broken* " deur middel van 'n som geld aan die familie van die slagoffer, of in die vorm van 'n " bot" te betaal. Hierdie " bot " is bereken op grond van die werklike waarde van die gesteelde goedere, of indien die werklike waarde nie bereken kon word nie, is 'n bedrag deur die wet vasgestel.

Koning Alfred se *Books of Law* (Cilliers, 1984:27), het baie aandag aan vergoeding aan die slagoffer en veral aan vergoeding vir liggaamlike beserings gegee. Volgens hierdie wette was vergoeding aan die slagoffer soos volg:

* *verlies van of besering aan 'n voortand - 8 sjielings*

* *verlies van of besering aan 'n agtertand - 4 sjielings*

* *verlies van of besering aan 'n oor - 30 sjielings*

* *verlies van of besering aan 'n neus - 60 sjielings*

Daar is egter nie net aandag gegee aan liggaamlike beserings of verlies nie, maar ook die oortredings wat die morele waardes van die gemeenskap aangetas het:

> " *A man who lay with a maiden belonging to the king had to pay 50 shillings, but if she were a grindling slave the compensation was halved. Compensation for laying with a nobleman's sewing maid was assessed still lower at 12 shillinngs* ".
>
> (Hibbert, 1968:3)

Oppenheimer in Schafer (1977:13), wys daarop dat die staat geleidelik 'n aanspraak vir homself as 'n derdeparty in hierdie vergoedingspakket bewerkstellig het in die vorm van 'n kommissie wat die staat sou toekom vir dienste gelewer vir vervolging en skuldigbevinding van die oortreder.

Die Verdrag van Verdun kan allerweë beskou word as die einde van die " era van die slagoffer" omdat volgens Hosten et al (1979:160), neigings tot feodalisme wat reeds sedert die sewende

eeu in Europa opgemerk is, nou prominent na vore getree het en plek gemaak is vir die betaling van boetes aan die staat instede van aan die slagoffer.

3.7 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE FEODALISME

'n Donker tydperk in die geskiedenis is ingelei met die totstandkoming van die Feodale Tydperk en daarmee saam die spreekwoordelike " *Donker Middeleeue* ".

Boldt, (1986:98), wys daarop dat waar 'n oortreding in die voor-feodale tydperk beskou is as 'n private aangeleentheid en geen onderskeid tussen strafregtelike en siviele restitusie getref is nie, die feodale tydperk restitusie in sy geheel vervang het met straf van owerheidsweë aan die oortreder sonder dat die slagoffer in aanmerking geneem is.

Feodalisme het volgens Hosten et al. (1979:16) die volgende kenmerke gehad:

* *Vassalliticum* - leenmanskap

  Indien 'n leenman sy dienste aan 'n heer beskikbaar gestel het, was hy geregtig om beskerming van sy heer te geniet - 'n Regsverhouding tussen heer en leenman het dus bestaan

* *Beneficium* - voorreg

> Dienste van 'n onderdaan gelewer wat die koning beïndruk het, het soms tot gevolg gehad dat die koning 'n geskenk wat 'n voorreg genoem is, aan die onderdaan wou gee.

Die opbreking van koninkryke in klein feodale gemeenskappe, elk met sy eie regstelsel en belasting, het tot misdaad en wanorde aanleiding gegee, hoofsaaklik omdat feodale here (wat veronderstel was om toe te sien dat wette gehandhaaf word) sowel handhawers as verbrekers van hierdie wette was. Die regspraak waaruit hierdie wette beslag gevind het, het daaruit bestaan dat die beslissing van die gode, in plaas van 'n onafhanklike regbank, mense veroordeel het. Die gode het van die " oordeel" gebruik gemaak om deur 'n goddelike uitspraak die aangeklaagde skuldig of onskuldig te bewys. (Korn & McCorkle, 1959:391)

Indien die haglike toestande wat in die vroeë Middeleeue gegeld het, in ag geneem word, kan die feodale stelsel volgens Terreblanche (1990:30) as 'n redelik doeltreffende stelsel beskou word omdat daar gepoog is om die gemeenskap teen aanvalle van buite te beskerm.

Dat die feodale tydperk net ingestel was om die gemeenskap te beskerm teen aanvalle van buite, blyk uit die feit dat in die klein binnekring van die gemeenskap self, strawwe teen die individuele oortreder buitengewoon hoog was soos Charles in Korn

& McCorkle, 1959:395) verklaar:

> " *Of all the curses which the inquisition brought in its train, this perhaps, was the greatest - that until the closing years of the 18th century throughout the greater part of Europe the inquisitorial process as developed for the destruction of heresy, became the customary method of dealing with all who were under accusation; that the accused was treated as one having no right, whose guilt was assumed in advance, and from whom confession was to be extorted by guild or force* ".

Van die vergoeding aan die slagoffer van misdaad het gedurende hierdie tyd nie veel gekom nie. Uit die literatuur is dit duidelik dat dit baie moeilik is om voorbeelde te vind waar die slagoffer op enige vorm van vergoeding kon reken. (Meiners (1978), Edelhertz & Geis (1974), Cilliers (1984), Harding (1982) en Rajan (1981).

Trouens Korn & Mc Corkle (1959:395) gaan so ver om te sê dat die ou toegeeflike stelsels van boetes en kompensasie van die Germane, feitlik geheel en al vervang is deur 'n juridiese bloedbad.

3.8 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK VAN DIE KLASSIEKE SKOOL

Cezare Beccaria se beroemde werk *"Essay on crimes and punishment"*, is 'n versameling werke van onder andere Montesquieu, Voltaire, Rousseau sowel as ander 18e eeuse filosowe. Wat hierdie werk so beroemd gemaak het, is die groot invloed wat dit op die straf en strafprosesreg gehad het. (Branham & Kutash, 1949:232)

Beccaria verklaar in sy " *Essay on crimes and punishment* ", dat straf as hoogste doel moet hê die daarstelling van die meeste geluk aan die grootste aantal mense. (Caldwell, 1965:172 en Reid, 1981:28-29). Beccaria onderstreep ook in sy werk die teorie van Rousseau dat die mens in wese vry en onafhanklik is, maar dat 'n deel van hierdie vryheid as offer gegee moet word, ten einde die sosiale voordele van die samelewing te geniet. (Mannheim, 1965:37)

Beccaria se bydrae het ten doel gehad om die strafmetodes van die 16de, 17de en 18de eeu wat in wreedheid onoortreflik was, te vervang met 'n strafstelsel waar die oortreder as persoon, sowel as die omstandighede rondom die misdaad, in ag geneem word. Die grondslag van die Klassieke Skool is ontleen aan Beccaria se sienswyses betreffende straf en staan daarom die volgende beginsels voor:

* *Omdat alle mense gelyk is, moet ook alle misdadigers*

in gelyke mate bereg word. Regte sowel as verpligtinge van elke individu behoort dus beveilig te word

* *'n Spesifieke straf moet volg op 'n spesifieke daad*

* *Die sosiaal-noodsaaklikheid van straf moet in verband gebring word by straftoepassing.*

(Caldwell, 1965:173)

Die grondbeginsels van die Klassieke Skool, naamlik om straf aan te pas by die misdaad, en dat **misdaad** sentraal staan in die hele strafproses en nie die **oortreder** nie, het deure geopen vir die hertoetrede van die slagoffer in die strafproses.

3.9 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK - DIE NEGENTIENDE EEU

Die slagoffer as miskende skakel in die strafregsplegingsketting, is deur Jeremy Bentham midde in die strafproses geplaas met sy verklaring dat die gemeenskap teenoor die slagoffer van misdaad, 'n definitiewe verantwoordelikheid het. (Bouring in Edelhertz & Geis, 1974:8)

Schafer (1977:23) stel dit duidelik dat die voorstanders van slagoffervergoeding en die persone wat die rol van die slagoffer in die veroordeling van die misdaad op die hart gedra het, nie

gedurende die negentiende eeu met gevoude arms gesit het nie.

So het Bourneville de Marsangy in 1847 'n plan beraam waarvolgens die oortreder aan die slagoffer, wat hy benadeel het, vergoeding moes betaal. (Sutherland & Cressey, 1966:331) Verder het Internasionale gevangenis- en strafkongresse volgens Cilliers (1984:31), 'n herstel in die regsposisie van die slagoffer voorgestaan waarvan die belangrikste kongresse die was in Stockholm (1878), Rome (1885), St.Petersburg (1890), Kristiana (1891), Parys (1895) en Brussels (1990).

Die uitsprake van M.A. Prins - 'n hoogleraar van Brussel gedurende die kongres in Kristiana - is 'n raak verwysing betreffende die rol van die slagoffer binne die regsplegingstelsel aan die einde van die vorige eeu:

> " *Die Strafgesetzgebung soll mehr als sie bisher getan hat, den Interressen des durch die Straftat Verletzten Rechnung tragen* ".
>
> (Aarts in Cilliers,1984:31)

Volgens hierdie uitspraak van Prins, behoort die strafregspleging dit ten doel te stel dat die posisie van die slagoffer weer in ere herstel moet word.

Kongresgangers kon geen ander afleiding na afloop van hierdie kongres gemaak het nie as dat:

* *die voorsiening van vergoeding aan die slagoffer steeds nie sy regmatige plek in moderne wetgewing het nie*

* *vergoedingsbevele blyk 'n geskikte alternatief te wees in die geval van geringe oortredings*

* *die inkomstes wat verkry word van gevangenes terwyl hulle in bewaring is, is 'n geskikte bron van inkomste wat vir die doel van vergoeding aangewend kan word.*

Gedurende 1895, is die " *International Prison Congress* " in Parys gehou wat bygewoon is deur bekende Penoloë soos Berenger, Bertillon, Bonneville de Marsangy, Tarde, Vidal, Krohne, Mittermaier, Prins, Garafalo, Van Hamel asook Guillaume. (Schafer, 1977:24) Die posisie van die slagoffer van misdaad in die strafproses het sterk onder die loep tydens die kongres gekom.

Gedurende genoemde kongres is tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

* *daar bestaan, soos aangespreek in die kongres in Kristiana, nog steeds 'n leemte betreffende vergoeding aan die slagoffer van misdaad*

* *dat wat bepaalde aspekte betref, wetgewing in se-*

kere lande selfs die slagoffer ten koste van die misdadiger benadeel.

Dit het tot gevolg gehad dat daar na afloop van die kongres 'n resolusie aanvaar is wat lui:

> " *The Congress believes that there is a reason to take into serious consideration the proposition which have been submitted to it with regard to allowing the injured party a portion of the earnings realized by the work of the prisoner in the course of his detention, or with regard to constituting a special fund derived from fines from which aid should be granted to the victims of penal offenses, but thinking it does not possess at present the elements which are necessary for the solution of these questions, the Congress decides to refer them to the more profound study to the next International Penal Congress* ". (Schafer, in Cilliers, 1984:32)

Bepaalde beginsels wat vervat is in hierdie resolusie vind vandag beslag in die funksionering van internasionale vergoedingstelsels. So vind die aanwending van boetevonnisse vandag beslag binne die kompensasiestelsels van etlike Amerikaanse jurisdiksies.

3.10 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD - DIE TYDPERK - DIE TWINTIGSTE EEU

Die aanbreek van die twintigste eeu het ook 'n tydperk ingelui waartydens die posisie van die vergoeding aan die misdaadslagoffer wetenskaplik en akademiese debat gestimuleer het.

Ses Internasionale gevangeniskongresse, vanaf die 1885 kongres in Rome tot en met die kongres in 1900 in Brussel, het melding gemaak van die uitgangspunte van restitusie en kompensasie aan die slagoffer van misdaad.

Voor hierdie kongresse, het gesaghebbende instansies sowel as verteenwoordigers van die kriminologiese wetenskappe, planne geformuleer vir die instelling van restitusie en kompensasie op 'n breër skaal. Ondanks pogings van persone soos Bentham, Livingston, Ferri, Garafalo, Marsangy en Prins, kon 'n werklike praktykgerigte model nie ingestel word nie. Die 1896 en 1900 kongresse in Washington en Brussels onderskeidelik, het ook gefaal in hul pogings om 'n aanvaarbare restitusiemodel ingestel te kry. (Edelhertz, 1975:7)

By die kongres in Brussels, is daar volgens Edelhertz & Geis (1974:9), dertien voordragte gelewer wat suiwer oor slagoffervergoeding gegaan het met die daaropvolgende verklaring van die kongres dat:

" *The Congress adopts again the resolution of the Congress of Paris to facilitate by reforms in procedure the legal position of the party seeking relief by civil action* ".

Gedurende die vyftigerjare van die twintigste eeu is die debat rondom restitusie en kompensasie aan slagoffers van misdaad heropen. Wat interessant is, is dat alhoewel merkwaardig vordering en hervorming in korrektiewe instellings in die 50 jaar periode gedoen is, daar min - indien enige, vordering met betrekking tot hulp aan die slagoffer van misdaad gedoen is. (Edelhertz, 1975:10) Die rede hiervoor kan moontlik geleë wees in die feit dat die redes wat vandag geld waarom restitusie toegepas moet word, in daardie 50 jaar periode irrelevant gebly het.

Redes vir die instelling van restitusiemodelle soos oorbevolkte gevangenisse en groot finansiële verpligtinge op die skouers van die owerhede, was tot so kort gelede as 45 jaar, nie werklik 'n probleem gewees nie. Die rede hiervoor kan gevind word in die steeds stygende bevolkingsgetalle, in samehang met swak ekonomiese omstandighede wat kan lei tot misdaad.

Die swaai van die pendulum het gekom in 'n groeiende aanvaarding van die konsep van gemeenskapsgebaseerde slagofferkompensasieprogramme. Dit was dan ook deur hierdie aanvaarding, dat die grondslag gelê is vir die debat rondom die instelling van vergoedingstelsels aan die slagoffers van misdaad.

Volgens Drapkin en Viano in Cilliers (1984:33), kan Benjamin Mendelsohn as een van die eerste persone beskou word wat in die twintigste eeu die aandag op die posisie van die slagoffer binne die regsplegingstelsel gevestig het. Von Hentig se baanbrekerswerk *" The Criminal and his Victim ",(1984)* kan as 'n verdere mylpaal beskou word in die ewigdurende soeke na die regmatige plek van die slagoffer in die strafproses.

Volgens Schafer en Jacobs in Duckworth (1980:229),is die hernude belangstelling in restitusie afkomstig uit twee belangrike publikasies naamlik:

* Eerstens het die Britse penoloog Margery Fry se bekende werk *" Arms of the Law "*, (1951) verskyn waarin sy direkte vergoeding van die oortreder aan die slagoffer bepleit

* Die tweede stimilus vir restitusie het uit Britse geledere gekom in die vorm van 'n Regeringswitskrif *" Penal Practice in a Changing Society "*, Hierdie witskrif verklaar:

> *" It may well be that our penal system would not only provide a more effective deterrent to crime, but would also find a greater moral value if the concept of personal reparation to the victim were added to the concept of deterrence by punishment and of reformation by training ".* (Duckworth, 1980:230)

Twaalf jaar na die verskyning van Margery Fry se eerste werk het haar artikel in 1963, in die " *Observer* ", tot gevolg gehad dat wetgewers in sowel Brittanje as New Zealand, so geïnspireer is deur pogings om 'n volwaardige vergoedingstelsel te skep, dat bogenoemde twee lande die eerstes was wat kompensasiestelsels vir misdaadslagoffers in gestel het. Die rasionaal vir die instelling van die kompensasiestelsel in die twee lande was om groter prominensie aan die slagoffer van misdaad te lewer.

Fry redeneer dat die staat verantwoordelik gehou moet word vir 'n onreg wat teen sy onderdane gepleeg is en verklaar as volg:

> " *The state must assume the obligation of ameliorating deprivation suffered by its members as part of enlightened social policy* ". (Edelhertz & Geis, 1974:10)

Die een land na die ander het na die voorbeeld van Brittanje en New Zealand, kompensasiestelsels ingestel, in so 'n mate dat die meeste beskaafde westerse lande vandag oor kompensasiestelsels beskik. Dat kompensasiestelsels relevant bly in die hedendaagse straftoemeting, blyk uit die talle kursusse en simposiums wat oor die wêreld heen oor hierdie onderwerp gehou word. Hier word veral gedink aan kursusse en simposia wat deur die Verenigde Nasies en die Internasionale Kriminologiese en Viktimologiese verenigings aangebied word.

Navorser is dan ook die mening toegedaan dat restitusie aan die slagoffer van misdaad nie net beperk sal bly tot die sogenaamde

ontwikkelde lande se strafstelsels nie, maar vanweë die voordele, ook moet, en behòòrt oor te vloei na die minder ontwikkelde lande.

3.11 **SAMEVATTING**

Die posisie van die slagoffer vanaf die vroegste tydperke tot op hede is in hierdie hoofstuk onder die vergrootglas geplaas. Die status het verskuif vanaf die vroeër tydperk, binne 'n historiese evolusie waarbinne die sosiale solidariteit, konsolidasie van sentrale gesag, asook beskerming aan die oortreder die primêre doel was, tot tans waar restitusie as konsep 'n ongedefinieerde stimulus bied in die ontwikkeling van 'n sosiale verantwoordelikheid teenoor diegene wat gemoeid is met misdaad in sy volheid. Dit geskied vanaf die persoon wat oortree het tot en met die slagoffer wat sy regmatige plek in die twintigste eeu in die regspleging ingeneem het.

HOOFSTUK 4

RESTITUSIE IN BRITTANJE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word restitusie aan die slagoffer van misdaad, soos wat dit in Brittanje toegepas word, bespreek.

New Zealand kan as rigtingwyser vir die totstandkoming van 'n Britse slagoffervergoedingskema gesien word aangesien dit die eerste Anglo-Saksiese stelsel was wat op 1 Januarie 1964, voorsiening gemaak het vir slagoffervergoeding (Meiners, 1978:9). Brittanje sluit nou aan by die New Zealandse regstelsel aangesien een van die tydperke in die ontwikkeling van die Engelse Reg, inderdaad die Angel-Saksiese tydperk was.

Na aanleiding van die instelling van die kompensasiestelsel in New Zealand, is die Criminal Injuries Compensation Board op 24 Junie 1964 in die lewe geroep in Brittanje. Brittanje is egter meer bekend om sy slagoffervergoeding uit 'n sentrale staatsfonds - waaronder die Criminal Injuries Compensation Board ook sorteer, as wat hy is om slagoffervergoeding deur middel van 'n restitusiebevel wat die oortreder aan die slagoffer betaal.

Hoewel restitusie deur die wetgewer gemagtig word, beskik Brittanje nie oor 'n nasionale restitusiestelsel nie, en word daar in hierdie hoofstuk dus meer aandag gegee aan die funksionering van restitusie volgens wetsvoorskrifte, binne 'n oorwegend kompensasiegerigte omgewing.

4.2 **DIE REGSPLEGINGSTELSEL IN BRITTANJE**

Die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord Ierland, bestaan uit Engeland, Skotland, Wallis en Noord-Ierland.
Die Engelse Reg is net van krag en gerig op Engeland en Wallis, en hoewel geografies eintlik 'n geheel met Engeland en Wallis, is die wetlike sisteem in Skotland geskoei op die Romeinse Reg wat aansienlik van diè in Engeland en Wallis verskil. Volgens van Zyl (1981:171) het Britse beïnvloeding egter die Skotse reg binnegevloei en in 'n mate beïnvloed.

In die Engelse Regsisteem word misdrywe in die volgende vier kategorieë verdeel:

* " *Summary offences* " - Hierdie oortredinge word deur die Magistraatshowe behandel. Strawwe wat opgelê word is gering van aard en wissel gewoonlik tot boetes of 'n maksimum van ses maande gevangenisstraf

* " *Either way offences* " - Sowel die Magistraatshof as die Crown Court mag strawwe oplê

* " *Offences triable only on indictment* " - Hieronder val ernstige misdade wat as sulks slegs deur die Crown Court aangehoor kan word

* " *Indictable offences* " - Hierdie misdade kan gesien word as 'n kombinasie van die " offences triable only on indictment " en die " either way offences ". Oortredinge hieronder kan dus sowel deur die Crown Court as die Magistraatshowe behandel word. (Junger, 1988: 109)

4.3 **SAMESTELLING VAN DIE ENGELSE REG**

Die Engelse Reg kan gesien word as 'n samestelling van die Common Law en Equity, en die Publieke- en Privaatreg.

4.3.1 **Common Law en Equity**

Die Engelse Gemene Reg (Common Law) se oorsprong kan teruggevoer word na die gebruike van die Angel-Saksers wat verder ontwikkel het na die Normandiese Oorwinning in 1066 asook gedurende die bewind van Henry 1, (1100-1135). Feodale Lords en die Kerk het gedurende hierdie tydperk die land geregeer. (Roskin, 1991:335-339)

Die Common Law het inderdaad saam ontwikkel en gegroei met die Engelse Regsplegingstelsel. Dit behoort vir die leser duidelik te word as daar gekyk word na die indeling volgens van Zyl

(1981:17) van die vier tydsgleuwe waartydens die Engelse Reg ontwikkel het, naamlik:

* *die tydperk van die Angel-Sakse*

* *die bloeitydperk van die Common Law wat gestrek het vanaf 1066 tot ongeveer die veertiende eeu*

* *die tydperk vanaf die veertiende tot die agtiende eeu, wat gekenmerk is deur die nou so bekende reëls van Equity en wat as aanvulling tot die Common Law gedien het*

* *die laaste tydperk vanaf die agtiende eeu tot op hede, waar wetgewing en staatsbeheer en -administrasie op die voorgrond getree het.*

Van Zyl (1981:182) wys daarop dat, ondanks die Judicature Acts se magtiging dat sowel Equity as Common Law deur die howe toegepas mag word, daar nog steeds in die praktyk 'n onderskeid gemaak is tussen hierdie twee begrippe. Die onderskeid wat regslui tussen die twee begrippe tref, kan teruggevoer word na die reëls wat deur die Equity-howe ter bevoordeling van hulself opgestel is: Alhoewel die Common Law deur Equity-howe erken is, sou Equity voorrang bo Common-Law-uitsprake geniet indien daar in beginsel nie saamgestem word nie.

Op hierdie stadium is dit miskien nodig om Equity as begrip aan die leser te omskryf:

" *Equity is that body of rules administered by our English Courts of justice which, were it not for the operation of the Judicature Acts, would be administered only by those courts which would be known as Courts of Equity* ". (Maitland in Cilliers, 1984:64)

Vandag beklee Equity die volgende plek in die Britse Regstelsel: enersyds vervul dit 'n groot administratiewe funksie in die sin dat nuwe regsbegrippe en -onderwerpe bestudeer word, en andersyds dien dit as waghond om toe te sien dat die Common Law nie misbruik maak van regte en bevoegdhede in sy onderskeie veld nie. (Privaatgesprek: Personeel Regsadvies Buro; Universiteit van Stellenbosch:1995)

Dat hierdie twee regsbegrippe nie as aparte identiteite bestaan nie, word deur van Zyl (1981:182) uitgelig as hy daarop wys dat kontraktereg, strafreg en deliktereg (torts)- wat deel is van die Common Law, hande vat met Equity omdat beginsels soos wanvoorstelling, onbehoorlike beïnvloeding en dwaling wat uit Equity ontstaan het, inskakel by die wyse waarop kontrakte op die Common Law beginsel gehanteer word.

Die howesisteem, soos tans in gebruik in Brittanje, is deur die Regsplegingswet van 1873 gevestig. Hiervolgens word 'n stelsel van Common Law-tradisies gehandhaaf wat weer verdeel is in siviele- en kriminele takke. (Roskin, 1991:346)

4.3.2 **Publiekereg en die Privaatreg**

Du Toit (1981:183) wys daarop dat, omdat daar in die Engelse Regstelsel nie onderskeid getref word tussen privaatreg en publiekereg nie, die Engelse Reg gekenmerk word deur 'n onsistematiese indeling van kategorieë waarvan die vernaamste reg diè is van kontrakte, delikte, sakereg en trust- en erfreg.

Omdat daar nie in Engeland algemene beginsels van deliktereg of die reg insake 'n onregmatige daad ontwikkel het nie, het die volgende apart-ontwikkelde delikte ontstaan:

* **oortreding** (direkte of gewelddadige skade aan 'n persoon, eiendom of grond)

* **genotsbelemmering** (die onregmatige inmenging met 'n ander se genot rakende sy eiendom)

* **nalatigheid** (wat tot gevolg het dat skade veroorsaak word)

* **verduistering** (die inmenging of miskenning van 'n ander persoon se reg op eiendom)

* **vindikatoriese aksie** (onregmatige behoud van die besit van goedere)

* **laster.** (Cilliers, 1984:65)

4.4 **AANWYSING VAN REGSLUI**

Alle regters in Brittanje word deur die Koningin, na advies met die Eerste Minister, gekies. Die Eerste Minister verkry weer sy advies op aanbevelings van die Lord Chancellor wat voorsitterskap beklee in die House of Lords. Britse regters beklee hul pos lewenslank.

Hoewel Brittanje en die Verenigde State van Amerika 'n gemeenskaplike wetlike erfenis deel, bestaan daar tog belangrike verskille tussen die twee regsisteme:

Een van die belangrikste onderskeidings is dat die Britse Kroon in Brittanje aanklaers huur om misdaad te vervolg. Daar bestaan geen professionele aanklaers wat vergelyk kan word met die Amerikaanse Distriks-prokureurs nie.

'n Ander verskil bestaan in die reëling van die wetlike professie - Amerikaanse regsgeleerdes mag enige tipe wetlike werk binne- of buite die howe aanvaar sodra hulle hul graad verwerf het terwyl in Brittanje, word alle sake van wetlike belang, behalwe om kliënte in howe te verteenwoordig, deur Britse *"Solicitors "* gehanteer. Om 'n kliënt in die Britse howe te verteenwoordig, is gereserveer vir slegs 'n handjievol regsgeleerdes wat die *" barristers "*, genoem word en gespesialiseer het in hofsaal-prosedures. (Roskin, 1991:346)

4.5 **WETGEWING**

Nuwe wetgewing in Brittanje begin gewoonlik in die House of Commons en word dan verder na die House of Lords verwys. In elk van hierdie Huise, word die wetsontwerp in drie stadiums oorweeg wat " *readings* " (voorlesings) genoem word. Die eerste van hierdie voorlesings is slegs formeel om die wetsontwerp bekend te stel. Die tweede lesing bestaan gewoonlik uit die geleentheid vir debatvoering.

Na die tweede voorlesing word die wetsontwerp in detail deur 'n komitee behandel waarna dit teruggestuur word na die House of Commons vir die verslagstadium wanneer dit gewysig kan word. Na die finale voorlesing aanvaar is, gaan die wetsontwerp na die House of Lords. Indien daar verskille ontstaan aangaande die wetsontwerp wat nie uitgestryk kan word nie, sal die uitspraak van die House of Commons van krag wees. (Privaatgesprek: Personeel Britse Ambasade, Kaapstad)

4.6 **HOWESTRUKTUUR**

Ongeveer 90% van alle misdaadverwante sake word in Brittanje deur Vrederegters verhoor en oplossings voor gevind. Vrederegters tree in Brittanje op as onbetaalde magistrate, of in sekere dorpe, as betaalde magistrate wat as gekwalifiseerde regslui dien. Die oorblywende 10% misdaadverwante sake is verteenwoordigend van die meer ernstige misdrywe wat as eerste stadium in die regsproses ook in 'n magistraatshof verhoor word.

Wetgewing in Brittanje bepaal dat 'n gearresteerde persoon binne 24 uur vanaf arrestasie, voor 'n magistraat moet verskyn. Die beslissing berus dan by die magistraat of die oortreder op borgtog vrygelaat gaan word wat deur restitusie vervang kan word, en of die oortreder in aanhouding sal bly.

Magistraatshowe het sitting in ongeveer 750 plekke in Engeland en Wallis, en as die grootte van die land in aanmerking geneem word, blyk dit dat 'n magistraatshof binne bereik van elke persoon in Engeland en Wallis is. (Privaatgesprek: Personeel Britse Ambassade, Kaapstad:1995)

Die howestruktuur self kan onderverdeel word in die volgende:

* **Magistrates Courts** - dit verteenwoordig soos reeds gemeld - die eerste kennismaking met die regsproses vir die oortreder na arrestasie. Die howe besit beperkte siviele- sowel as strafjurisdiksie

* **Country Courts** - as belangrike siviele howe, hanteer Country Courts aangeleenthede soos torts, " *breach of contract* ", asook sekere aangeleenthede rondom Equity. (van Zyl, 1981:188) Die grootste hoeveelheid van alle siviele aksies dien in Country Courts voor betaalde regslui. Die jurisdiksie van hierdie regslui word beperk deur die aard van die strafsake asook die beskikbare geld. Country Courts het in meer as 370 plekke sitting. (Privaatgesprek: Personeel Britse Ambassade,

Kaapstad:1995)

* **Die Supreme Court of Justice** - bestaan uit die Appeal Court; die High Court of Justice en die Crown Court

* **Crown Courts** - ingewikkelde strafsake word deur die Crown Courts behartig. Crown Courts tree ook op as beroepsinstansie van die Magistraatshowe. (Junger, 1988:121)

* **High Courts of Justice** - die High Courts sowel as die Crown Court beweeg tussen die groter sentra van die Britse populasie. Hoewel die Crown Court ingewikkelde strafsake hanteer, word die belangrikste en moeilikste kriminele- en siviele sake deur die High Court verhoor. Drie afdelings van die reg val binne die jurisdiksie van die High Court of Justice:

* *Die Queens Bench Division waar skadevergoedingseise hanteer word*

* *Die Chancery Division - sake rondom Equity aangeleenthede word deur hierdie afdeling verhoor*

* *Die Family Division wat familieregtelike sake hanteer.* (Inligting verkry van Britse Ambassade, Kaapstad:1995)

* **Court of Appeal** - Appèlle van beide siviele as kriminele aard van sowel die High Courts as die Crown Courts, word deur die Appèlhof aangehoor

* **House of Lords** - Die Crown Court kan in sekere gevalle van grondwetlike belang, sake vir finale appèl verwys na regters in die House of Lords

4.7 ONTWIKKELING VAN SLAGOFFERVERGOEDING IN BRITTANJE

Daar bestaan in Brittanje soos in die meeste ander lande, twee moontlikhede of wyses waarop slagoffers van misdaad vergoed kan word naamlik:

* **kompensasie** wat in sy suiwerste vorm beteken dat die slagoffer vanuit 'n sentrale staatsfonds vergoed word

* **restitusie** waar die oortreder uit eie bronne die slagoffer moet vergoed.

Uit inligting, en veral uit literatuur wat nagevors is ten einde hierdie spesifieke hoofstuk gestalte te kon gee, het navorser tot die gestaafde afleiding gekom dat restitusie in Brittanje nie losgemaak kan word van die slagoffer-kompensasiestelsel wat so hoog aangeskryf word as model vir ander kompensasiestelsels deur Cilliers nie. (1984:63)

Die Hodgson-kommitee wat in 1980 gevra is om aanbevelings oor die

gebruik van kompensasie en restitusie in Brittanje te doen (sien 4.10) beveel dan ook aan dat restitusie as " vergoedings-fonds" ingekorporeer moet word by die Criminal Injuries Compensation Board CICB)

Na aanleiding van bogemelde inligting sal die leser dus vind dat hoewel daar verskille is, kompensasie en restitusie in Brittanje baie ooreenstem, veral wat betref die omstandighede en voorwaardes waaronder vergoeding mag geskied.

4.7.1 **Die posisie van slagoffervergoeding voor 1964**

Tot en met die helfte van die agtiende eeu, is restitusie in Brittanje aangewend as 'n manier om dispute te hanteer. Schafer (Burns, 1980:6), beskryf hierdie proses in Groot Brittanje as volg:

> " *A share is claimed by the community, or overlord, or king, as a commission for its trouble in bringing about a reconciliation between the parties, or perhaps, as the price payable by the malefactor either for the opportunity which the community secures for him of redeeming his wrong by a money payment, or for the protection which it affords him, after he has satisfied the award, against further retaliation on the party of the man whom he has injured. One part of the compensation was due to the victim... the other part was due to the community or king* ".

Burns (1980:6) wys daarop dat die benadeelde (slagoffer) se reg tot restitusie al minder erken en uiteindelik vervang is deur 'n boete wat die staatskas gevul het.

Die negentiende eeu het egter 'n terugkeer gebring in slagoffer-vergoeding met die implimentering van die volgende wette:

* **Die Criminal Law Act** van 1826 het ten doel gehad...

  " *improving the administration of criminal Justice in England* ". (Williams, 1986:1)

* Artikel 28 van hierdie wet, verleen aan die hof magtiging om die balju te beveel om, waar 'n misdaad gepleeg is - 'n som geld wat beskou word as redelik en voldoende vir vergoeding aan die slagoffer te betaal

* Artikel 30 bepaal dat indien 'n man gedood word terwyl hy poog om 'n persoon wat 'n misdaad gepleeg het, gevange te neem, die balju deur die hof beveel kan word om aan die man se weduwee vergoeding te betaal. Die howe het volkome diskresie gehad in die bedrag wat aan vergoeding beveel word - 'n reël wat vandag nog geld

* **Die 1870 " Forfeiture Act "** het aan howe magtiging ver leen om na die belange van die slagoffer om te sien deur van die oortreder vergoeding te verhaal en dit dan aan

die slagoffer oor te betaal. Hierdie vergoeding het net betrekking gehad op eiendomsmisdade en die bedrag wat vergoed is mag volgens Artikel 4 van hierdie Wet nie die bedrag van £400 oorskry het nie. Die maksimumbedrag is later vasgestel op net £100

* **Die 1886 " Real Act "** wat vanuit die Polisiebegroting vergoeding aan slagoffers, wat benadeel is of skade gely het as gevolg van onwettige opstande, betaal het

* **Die 1914 " Criminal Justice Act "** het ook die belange aangespreek van die slagoffer van eiendomsmisdade. Ook hierdie slagoffers is vanuit die sentrale Polisiebegroting vergoed

* **Die 1948 " Criminal Justice Act "** wat 'n hersiening was van die 1914 Wet en wat aan magistraatshowe magtiging verleen het om restitusie te beveel van hoogstens £100. (A Report by Justice, 1961:1; Williams, 1986:1)

Dit is dus duidelik dat, voor die Criminal Injuries Compensation Board in 1964 in die lewe geroep is, slagoffers van misdaad wat fisiese beserings opgedoen het, feitlik sonder enige noemenswaardige vergoeding gelaat is.

Die Britse Juris, Margery Fry, is grootliks verantwoordelik vir die herevaluasie van die posisie van die slagoffer sedert 1948

met haar bekende artikel in 1957 in die " *Observer* " waarin sy vergoeding aan die slagoffer van misdaad bepleit.

'n Werksgroep of kommissie is in 1959 in die lewe geroep om na die voorstelle van Margery Fry te kyk en moontlike aanbevelings hieromtrent te doen. (Meiners, 1978:11) Navorsing wat die kommissie gedoen het, is in 1961 vervat in die dokument " *Compensation for Victims of Crimes of Violence* " en bevat die volgende kriteria vir vergoeding:

* *Dit moet moontlik wees dat vergoeding geregverdig kan word op gronde wat nie aanspraak maak op staatsaanspreeklikheid vir die gevolge van misdaad nie; of dit teen die persoon of teen sy eiendom gerig is nie. - Daar moet dus na ander alternatiewe soos restitusie gekyk word om staatskompensasie te vervang*

* *Daar moet 'n duidelike uiteensetting wees per definisie van die tipe misdaad waarvoor vergoeding betaal word, en diè waarvoor vergoeding nie betaal word nie*

* *Daar moet duidelik onderskei kan word tussen die verdienstelike aanspraakmaker en die onverdienstelike of oneerlike aanspraakmaker*

* *Vergoedingsbevele moet nie die werk van die straf-*

howe of die polisie benadeel nie

* *Dit moet nie onwenslike gevolge inhou vir die Nasionale versekerings- of Industriëlebeseringsskemas nie*

* *Die koste verbonde aan die administrasie van 'n vergoedingskema moet nie buitengewoon hoog wees nie.*

(Williams, 1986:3-4)

Fry se artikel het uiteindelik daartoe gelei dat die eerste misdaadslagoffer-vergoedingsprogram in die begin van 1964 in New Zealand geïmplimenteer is. (Garrett, 1989:211)
In dieselfde jaar is die weg ook gebaan vir die skepping van die eksperimentele fase van die Criminal Injuries Compensation Scheme. Die eksperimentele fase is in 1969 voltooi.
(Williams, 1986:4-5, & Edelhertz & Geis, 1974:214-215)

4.7.2 **Die posisie van slagoffervergoeding na 1964**

Hoewel restitusie as vergoeding soos blyk uit voorafgaande bespreking reeds voor 1964 toegepas is, het restitusie as strafvorm eers werklik tot sy reg gekom na 1964, toe die Criminal Justice Act van 1972 en die Criminal Courts Act van 1973 wye dekking en magtiging daaraan verleen het.

Ter wille van kontinuteit en in aansluiting met die ontwikkeling van slagoffervergoeding tot 1964, sal daar kortliks gekyk word

na die Criminal Injuries Compensation Board.

4.7.2.1 **Kompensasieraad**

Die Criminal Injuries Compensation Board is slegs die tweede vergoedingskema wat in die lewe geroep is in 'n Common Law stelsel en kan gesien word as die voorloper vir die oprigting van soortgelyke skemas in die Verenigde State van Amerika, Kanada en Australië.

Die hernude oproep tot die finansiële bystand aan die misdaadslagoffer deur middel van 'n skema wat nie net die belange van die slagoffer dien nie, maar in sy samestelling en funksionering as model kan dien vir ander kompensasieskemas, het groot byval gevind veral gesien teen die agtergrond van die retoriek van die slagofferbeweging in die laat 1960's en vroeë 1970's. Enkele raakpunte oor die samestelling en funksionering gaan net kortliks aangedui word:

* **Funksionering van die kompensasieraad**

Die kompensasieraad bestaan uit 20 lede. Miers (1990:20) wys daarop dat dit verpligtend is dat lede van die raad praktiserende advokate of prokureurs moet wees.

Die Departement van Binnelandse sake, wat ook die belange van die Polisie en Korrektiewedienste behartig, het jurisdiksie oor die raad. (Edelhertz & Geis, 1974:216)

'n Kommissie is in 1973 en weer in 1978, 1986 en 1990 aangestel om die skema te hersien met die doel om dit op 'n wetlike basis te bedryf. Dat die kompensasieskema sy ontstaan te danke het aan die simpatie met die slagoffers van misdaad, blyk uit die weergawe van die kommissie van 1986 wat die skema moes hersien:

> " *The basis of the Scheme was always been a specific and narrow one: to reflect the strong public sympathy for the innocent victim, of violent crime* ".
>
> (Duff, 1987:220;224)

* **Die Kompensasiefonds**

Die kompensasieskema word befonds deur 'n Grand-in-Aid. (Miers, 1990:18) Die geld is dus 'n direkte bydrae deur die belastingbetaler. Uitgawes soos salarisse en administratiewe kostes word uit hierdie fonds betaal.

* **Kompensasie - oorwegings**

Oorwegings vir die betaal van kompensasie vind op 'n ex gratia-grondslag plaas aan slagoffers wat liggaamlike beserings as gevolg van 'n misdaad opgedoen het.

Na 24 jaar waartydens die Kompensasieskema nie wetlike status kon kry nie, het die Criminal Justice Act in 1988 die Criminal Injuries Compensation Scheme van wetlike status voorsien. Die 1990 hersiening van die Compensation Board gee volmag aan die

Criminal Injuries Compensation Board om, soos sedert sy ontstaan geadministreer en bedryf te word. (Miers, 1990:11)

* **Aantal aansoekers**

Dat die Skema 'n sukses in Brittanje is, blyk daaruit dat in 1988-1989, die getal aansoeke om vergoeding van die skema in Engeland en Wallis toegeneem het met 36 285. Dit verteenwoordig 16,7% van die 216 100 aangemelde geweldsmisdade teen persone.

4.8 OPKOMS VAN RESTITUSIE IN BRITTANJE SEDERT 1970 TOT OP HEDE

Die vraag kan gevra word of 'n restitusiebevel nie gesien kan word as bloot 'n siviele instrument wat op die rug ry van 'n strafverhoor nie. Anders as die Franse weergawe van die " *partie civile* " of die Duitse " *Adhaesionsverfahren* ", is restitusie in die Engelse Reg ten volle geïntegreer in die strafproses en het die formele status van 'n straf. (Zedner, 1994:239)

'n Antwoord op hierdie vraag kan moontlik gevind word in die besluit van die Appèlhof in 1984, toe daar verklaar is dat 'n strafhof 'n restitusiebevel tot 'n oortreder mag rig selfs in gevalle waar daar geen reg was om in die siviele howe te vervolg nie.

Die publikasie in 1970 van die Adviesraad van die Strafregspleging in Brittanje onder die titel " *Reparation by the offender* " kan as die geboortejaar van restitusie gesien word.

Dit was hier waar die eerste saadjie geplant is om restitusie as onafhanklike straf op die wetboeke in Brittanje te plaas. Volgens hierdie verslag is daar aan die komitee gevra om 'n antwoord te vind op die vraag oor hoe die beginsel van restitusie deur die oortreder 'n meer prominente plek in die strafsisteem kan inneem.

Die advieskomitee se aanbevelings ten einde howe aan te moedig om restitusiebevele ten opsigte van die direkte gevolge van 'n oortreding wat gelei het tot die persoonlike beserings van 'n slagoffer te oorweeg, is eenvoudig:

* die toestaan van restitusiebevele in samehang met feitlik enige vonnis

* 'n verhoging van die minimumbedrag wat Magistraatshowe mag oplê van £100 tot £400.

Hierdie aanbevelings het verder effek gekry deur die Criminal Justice Act van 1972 wie se bepalings vasgestel is as afdeling 35-36 van die magte van die Criminal Courts Act van 1973. (Miers, 1990:194-195)

4.8.1 **Die Criminal Justice Act** - 1972

In Brittanje stel die Criminal Justice Act van 1972, artikel 1(1), die volgende voor:

(1) " *Subject to the provisions of this Part* (restitusie) *of this Act, a court by or before which a person is conficted of an offence, in addition to dealing with in any other way, may, on application or otherwise, make an order... requiring him to pay compensation for any personal injury, loss or damage resulting from that offence or any other offence which is taken into consideration by the court in determining sentence* ". (Burns, 1980:13)

Sedert 1972 is die moontlikheid dat die strafreg in Brittanje skadevergoeding kan beveel wat deur die dader aan die slagoffer betaal moet word, aansienlik uitgebrei. Hierdie uitbreiding het daarin bestaan dat dit nie langer vir die slagoffer wat om restitusie aansoek doen, nodig was om - soos in die geval van kompensasie, eers 'n eis om skadevergoeding in te dien nie, maar dat die regter uit eie beweging skadevergoeding in die vorm van restitusie kan oplê. (Junger, 1988:107 & Weatherill, 1986:461)

4.8.2 **Die Criminal Justice Act** - 1982

Die Criminal Justice Act van 1982, het twee verdere wysigings aan die aanbevelings van die advieskomitee (soos vervat in die Criminal Justice Act van 1972) gemaak:

* Die eerste wysiging verleen statutêre voorkeur aan 'n restitusiebevel teenoor diè van 'n boete waar die oortreder oor onvoldoende middele beskik

om beide verpligtinge na te kom

* Die tweede wysiging stel die restitusiebevel as 'n vonnisvoorkeur in sy eie reg. (Miers, 1990:194-195)

In Skotland, is die ooreenstemmende magte slegs beskikbaar vanaf die 1ste April 1981 soos vervat in Deel 1V (artikel 58-67) van die Criminal Justice (Scotland) Act 1980. Die magte onder hierdie Wet is baie dieselfde as diè in Engeland en Wallis en sekere spesifieke bepalinge is identies, byvoorbeeld die voorkeur wat 'n restitusiebevel oor 'n bevel tot 'n boete geniet in die geval waar die oortreder nie beide bevele finansieel kan uitvoer nie. Daar is egter aan die ander kant sekere belangrike verskille tussen die twee jurisdiksies: In Skotland byvoorbeeld verwys artikel 58 na verliese wat die gevolg is " *whether directly or indirectly* " (van die misdaad) wat meer voordeel aan die slagoffer verleen as wat sou gelees het onder artikel 36. (Weatherill, 1986:461)

4.8.3 **Die Criminal Justice Act** - 1988

* 'n Verdere statutêre voorkeur is ingebring deur die 1988 Criminal Justice Act in Brittanje, wat voorkeur magtig aan 'n restitusiebevel bo diè van 'n konfiskasiebevel

* 'n Verdere verbetering en wysiging op die omvang, effek en toepassing van restitusiebevele is deur

hierdie wet meegebring. Dit het terselfdertyd mag verleen om vergoeding te beveel deur die uitbetaling van die opbrengs van die verkope van die eiendom van die oortreder. (Miers, 1990:194-195)

4.8.4 **Die Criminal Courts Act** - 1973

Dit is in Brittanje volgens die magte van die Criminal Courts Act van 1973, binne 'n hof se diskresie om 'n oortreder te gelas om restitusie te betaal vir enige besering, verlies of skade wat die slagoffer as gevolg van die misdaad opgedoen het. (Garrett, 1989:219)

Die Criminal Courts Act van 1973, onderskryf die magte soos verleen deur artikel 1(1), van die Criminal Justice Act van 1972 (Sien 4.8.1), maar verleen die volgende bykomende magte volgens artikel 35(1):

" *...or to make payments for funeral expenses or bereavemenet in respect of death resulting from any such offence, other than a death due to an accident arising out of the presence of a motor vehicle on a road; and a court shall give reasons, on passing sentence, if it does not make such an order in a case where this section empowers it to do so* ". (Miers, 1990:195)

4.9 RESTITUSIE IN BRITTANJE

4.9.1 Magte van die strafhowe om restitusie te beveel

Soos blyk uit voorgaande bespreking, verleen veral afdeling 35 van die Criminal Courts Act 1973, aan howe magtiging om volgens eie diskresie aan 'n oortreder te beveel om restitusie te betaal vir enige skade voortspruitend uit die oortreding, selfs as byvoeging tot enige ander straf wat opgelê mag wees. (Weatherill, 1986:459; & Atiyah, 1979:504) Dit is inderdaad 'n bykomstige of sekondêre rol wat die strafreg vervul aangesien restitusie onder die siviele reg val. Die strafreg in Brittanje, soos ook in ander wêrelddele, kan egter gebruik word om restitusie te beveel in gevalle waar die sivielereg nie die behoeftes van die slagoffer aanspreek nie.

4.9.2 Restitusiebevele as vonnisse

Restitusiebevele kan in Brittanje as

* onafhanklike vonnis
* in samehang met ander vonnisse (gewoonlik 'n boete) opgelê word.

Restitusie as enigste strafvorm, hoewel aanwesig in Britse howe, word byna nooit as enkel-strafvorm opgelê nie. Volgens Junger, (1988:113), word daar slegs in 2% van alle gevalle restitusie as enkelstraf beveel. Die grootste struikelblok vir die

straftoelegger blyk te wees probleme met die vasstelling van die skadevergoedingsbedrag. Softley (Junger, 1988:115) verklaar in hierdie verband:

> " *The main reason why magistrates so seldom ordered compensation in the case of wounding or assault is possibly the difficulty of assessing the quantum damages for various injuries, and until guidelines are developed to assists magistrates in making a proper assessment it seems unlikely that compensation will be ordered more widely in such cases* ".

Restitusiebevele verleen voordeel aan die slagoffer van 'n misdaad, maar dit is terselfdertyd 'n vorm van straf deur die howe opgelê en verdien as sulks verdere vermelding soos gebaseer op die huidige uitvoering van hierdie straftoemetingsvorm betreffende restitusie as bevel. Vanuit hierdie perspektief gesien, was die mees betekenisvolle ontwikkeling in hierdie verband, die wysiging op 31 Januarie 1983, van die 1973 wet deur die Criminal Justice Act van 1983.

Hiervolgens mag restitusiebevele as 'n selfstandige straf opgelê word. (Garrett, 1989:219 en Junger, 1988:108) Daar word tewens bepaal dat, indien die regter 'n keuse het tussen restitusie en 'n boete, restitusie altyd voorkeur moet geniet bo 'n boete in geval van finansiële ontoereikendheid aan die kant van die oortreder tot beide strafvorme.

Die leser moet daarop let dat die belangrikheid van hierdie twee strafvorme in 1983 gedraai het toe die skaal ten gunste van restitusie geswaai het.

4.9.3 **Kriminele aanspreeklikheid van die oortreder**

Die noodsaaklikheid om 'n oorsaaklike verband tussen die oortreding en die verliese wat gely is vas te stel, word deur Lawton (Weatherill, 1986:460) as volg verduidelik: Wanneer die hof 'n restitusiebevel gee, eis dit nie dat die komplekse aspekte van veroorsaking wat toepaslik is op die strafreg in detail uiteengesit word nie, maar slegs dat dit vir die strafreg voldoende moet wees dat die verlies of skade ..."*can fairly be said to have resulted* ". ...as gevolg van die misdaad.

4.9.4 **Watter tipe verlies kan vergoed word**

Wanneer afdeling 35(1) van die Criminal Courts Act 1973 magtiging verleen dat 'n restitusiebevel teen die oortreder bestel kan word vir persoonlike beserings, verlies of skade wat die slagoffer moes ly, bestaan daar egter volgens Maquire's (Miers, 1990:196), geen wetlike verhindering vir 'n restitusiebevel wat bestel word op beserings wat opgedoen word waar die oortreding nie teen die slagoffer as persoon gemik is nie, maar wel teen sy eiendom.

Skok is 'n algemene verskynsel by slagoffers wat 'n blywende impak op die psigologiese gesteldheid van die slagoffer

veroorsaak - veral waar die slagoffer 'n vrou of ouer persoon is.

'n Vergoedingsbevel wat hierdie effek wat inbraak op die psigiese ingesteldheid van die slagoffer het erken, mag derhalwe bo en behalwe restitusie vir gesteelde goedere beveel word. (Miers, 1990:196-197) In hierdie opsig is daar 'n duidelike onderskeid tussen restitusie en kompensasie aangesien skok wat opgedoen word as gevolg van die verlies van eiendom, nie onder kompensasie as strafvorm vergoed kan word nie. (Cilliers, 1984:78)

Afdeling 35(3) verwys egter na twee uitsonderings waar 'n bevel tot restitusie nie gemaak kan word nie.

* *geen bevel tot restitusie sal toegestaan word ten opsigte van die verlies wat die afhanklikes van 'n persoon as gevolg van sy afsterwe mag ly nie*

* *geen bevel sal toegestaan word ten opsigte van verliese as gevolg van 'n motorongeluk nie, tensy die skade gely onder die Wet op Diefstal van 1968 val.* (Weatherill, 1986:460)

4.9.5 **Vernaamste beperkinge by die oplê van 'n restitusiebevel**

In Engeland en Wallis is die oplegging van 'n restitusiebevel aan bepaalde beperkinge gebonde:

* vir die strafreg moet dit gaan om duidelike ge-

valle. Met ander woorde restitusie kan nie beveel word as die restitusiebedrag nie met behulp van die gegewens wat uit die strafregtelike ondersoek na vore gekom het, bepaal kan word nie

* Ten opsigte van die naasbestaandes van die slagoffer (soos vermeld onder 4.9.4), kan daar volgens die 1973 Wet, geen bevel tot restitusie opgelê word nie. In die Wetsvoorstelle van 1988, word egter aanbeveel dat daar erkenning verleen moet word vir begrafniskoste. Om hierdie bedrag vir begrafnis koste te bereken, sal geen ekstra werk vir die prokureur meebring nie. Hierdie gevalle word egter nie deur die Crown Court hanteer nie - wat dit volgens Junger, (1988:109) onwaarskynlik maak dat daar toegewings in hierdie verband gemaak sal word, aangesien die aantal bevele tot restitusie wat die Crown Court oplê aansienlik minder is as die aantal bevele tot restitusie wat deur Magistraatshowe opgelê word

* Die slagoffer mag nie 'n eis om 'n hoër restitusiebedrag indien as wat deur die hof bepaal is nie

* Die regter het die bevoegdheid om die restitusiebedrag in te trek of te wysig wanneer daar uit 'n siviele prosedure blyk dat die skade groter is as wat die restitusiebedrag voorsiening voor maak of indien die gesteelde goedere teruggevind is nadat

'n restitusiebevel vir diefstal opgelê is. In die wetsvoorstelle van 1988, word ook aanbeveel dat in geval van veranderde omstandighede van die dader, (bv. verandering van sy finansiële posisie) die regter 'n vermindering in sy restitusiebedrag moet aanvra. (Junger, 1988: 108-109)

Wat betref die restitusievorm, geld die volgende bepalings wat daarin vervat moet word:

* *Die oortreding waarvoor die oortreder aangekla word, moet gemeld word*

* *Die datum waarop betaling moet geskied, of in die geval van afbetalings, wanneer dit in aanvang neem*

* *Die bedrag van restitusie, of in die geval van afbetalings, die bedrag van elke paaiement*

* *Indien daar meer as een slagoffer is, moet die bedrag wat aan elke slagoffer betaal moet word, duidelik uiteengesit word*

* *Indien daar meer as een oortreder is, moet die bedrag wat deur elke oortreder betaal word, duidelik uiteengesit word.* (Miers, 1990:262 en Williams, 1986:2)

4.9.6 **Restitusiebevele teen jeugdiges**

Volgens artikel 55 van die Children and Young Persons Act van 1933 en die wysiging daarvan deur artikel 27 van die Criminal Justice Act van 1982, kan 'n kind of jeugdige wat skuldig bevind word aan 'n misdaad, beveel word om restitusie te betaal (met of sonder enige ander straf). Dit is verder die taak van die hof om in so 'n geval te gelas dat die kompensasiebedrag deur die ouers of voog van die jeugdige betaal word.

Die Criminal Statistics National Association for Victims (Miers, 1990:200), wys op die volgende:

* Die aantal kinders en jongmense wat in 1988 gelas is om restitusie te betaal, was 918 en 7 833 onderskeidelik

* In bevele teen hierdie kinders was die restitusie-bedrag in die helfte van die gevalle £25. In die geval van jeugdiges was 5 129 minder as £50

* In een derde van die gevalle van bevele teen kinders, is die restitusiebevel tot die ouers gerig, terwyl een vyfde van die bevele teen jeugdiges tot hul ouers gerig is. Ongeveer 75% van die ouers het die restitusiebevel betaal

4.9.7 **Vasstelling van die restitusiebedrag**

Afdeling 40 van die Magistrate's Court Act van 1980 verklaar:

> " *The compensation to be paid under a compensation order made by a magistrate's court in respect of any offence of which the court has convicted the offender, shall not exceed £2,000; and the compensation or total compensation to be paid under a compensation order or compensation orders made by a magistrate's court in respect of any offence or offences taken into consideration in determining sentence shall not exceed the difference (if any) between the amount or total amount which under the preceding provisions of this subsection is the maximum of the offence or offences of which the offender has been convided and the amount or total amounts (if any) which are in fact ordered to paid in respect of that offence or those offences* ". (Miers, 1990:231)

Die absolute limiet van £2 000 per oortreding is vanaf 1 Mei 1984 van krag. Die effek van die res van die subseksie is om beperking aan die magte van magistrate te stel. Die beperkings geld vir die oplegging van restitusie vir oortredinge waar slegs die verskil tussen die teoreties maksimum restitusie vir die getal skuldverklaring en die werklike bedrag wat hiervoor aangevra word, in aanmerking geneem word.

Hoewel die bedrag van £2 000 deur Magistraatshowe nie oorskry mag word nie, is daar geen beperkinge op die bedrag wat deur die Crown Court aangevra kan word nie. (Garrett, 1989:219 en Junger, 1988:107)

By die vasstelling van 'n restitusiebedrag is daar twee aspekte wat aandag verdien, naamlik:

* **die vasstelling van restitusie vir algemene skade**

* **die vasstelling van restitusie vir besondere skade.**

Algemene skade dui op persoonlike beserings wat die slagoffer opgedoen het. Die Home Affairs Committee (1985: HC43, para 51iv) het voorgestel dat 'n stel riglyne bepaal moet word waarop slagoffers onder " algemene skade " vergoed kan word. Hierdie riglyne is in 1988 gepubliseer. Die Criminal Injuries Compensation Board het op 1 April 1994 'n hersiende uitgawe in werking laat tree waarvolgens slagoffers wat hul vergoeding van die oortreder moet ontvang (restitusie), sowel as slagoffers wat hul vergoeding van die staatfonds moet ontvang (kompensasie), voordeel kan trek (sien adendum A en B).

Besondere skade wat op restitusie aanspraak kan maak sluit volgens Miers,(1990:230) die volgende in:

* *verlies aan inkomste*

* *uitgawes wat aangegaan word ten einde geskikte*

persone te vind wat na die huis en/of kinders sal omsien waar die huisouer/eienaar as gevolg van beserings nie instaat is om dit self te behartig nie

* *koste verbonde aan tandheelkundige uitgawes*

* *werklike koste verbonde aan die vervoer na die hospitaal*

* *herstel of vervanging van gebreekte brille of beskadigde klere.*

In al bogenoemde gevalle sal die vonnisoplegger van die slagoffer verwag om bewys te kan lewer van sy skade in die vorm van kwitansies, betaalstate, rekeninge en alle ander dokumente wat as bewys kan dien van skade wat die slagoffer as gevolg van die misdaad gely het. (Weatherill, 1986:460)

4.9.8 **Pligte van die hof om die oortreder se vermoë om restitusie te kan betaal; te bepaal**

Afdeling 35(4) van die 1973 Criminal Courts Act bepaal:

" *In determining whether to make a compensation order against any person, and in determining the amount to be paid by any person under such an order, the court shall have regard to his means*

so far as they appears, or are known to the court ".

(Inligting: Britse Ambassade, Kaapstad)

Die onvermoë van die oortreder om restitusie te betaal is nie beslissend tot die nie-oplegging van 'n restitusiebevel nie. 'n Oortreder wat sonder kapitaal of inkomste is, is nie noodwendig 'n persoon sonder " inkomste " volgens die doeleindes van artikel 35(4) nie. Indien die oortreder in goeie gesondheid verkeer en 'n vooruitsig tot 'n toekomstige werk het, kan 'n oortreder gelas word om restitusie te betaal. In so 'n geval sal die restitusiebedrag verminder moet word tot dit in ooreenstemming is met die verwagte bedrag wat die oortreder oor 'n sekere tydperk in staat sal wees om te betaal.

Indien die oortreder afhanklikes het wat op sy sorg geregtig is, kan die gedeelte wat oorbly vir restitusie baie klein wees. Indien dit sou blyk dat die oortreder geen vooruitsigte op werkverskaffing het nie, of indien hy wel 'n werk verrig maar dit sou blyk dat sy inkomste so min is dat daar nie veel vir homself gaan oorbly om van te leef na die restitusie-aftrekkings nie; kan 'n restitusiebevel nie gemaak word nie. (Miers, 1990:236-237)

Navorser sou graag wou sien dat die oortreder na-ure sy inkomste aanvul ten einde sy restitusie te betaal. Uit navrae by die Britse Ambassade, blyk dit egter dat die oortreder feitlik geen kans tot ekstra werk het nie vanweë die geweldige hoë werkloosheid die afgelope vier jaar in Brittanje, veral onder nie-geskoolde arbeiders.

4.9.9 **Wyse van betaling**

Finansiële restitusie kan eenmalig deur die oortreder aan die slagoffer betaal word of, soos ook in gebruik in verskeie ander lande, deur middel van paaiemente.

Volgens artikel 34 van die Criminal Courts Act 1973 in die geval van die Crown Court; en artikel 75 van die Magistrate's Court Act 1980 in die geval van Magistraatshowe, mag die oortreder gelas word om die slagoffer in paaiemente te vergoed indien hy dit nie eenmalig kan doen nie. Soos die vraag gevra word hoeveel restitusie moet die oortreder betaal, kan die vraag ook gevra word oor hoe 'n lang tydperk moet afbetaling geskied. (Miers, 1990:238-240) Die algemene opvatting hier is dat dit relatief is tot die besondere omstandighede van die saak, maar oor die algemeen behoort betaling nie oor 'n tè lang periode te geskied nie. Weens gereelde aanpassings wat die Appèlhof moes maak tot die maksimum tydperk vir afbetalings, is daar gelas dat afbetalings nie die 4 jaar tydperk moet oorskry nie.

4.9.10 **Probleme by die invordering van restitusie**

Invordering van restitusiebydraes beteken 'n ekstra werkslas op die skouers van wetsbeamptes, daarom is dit nuttig om te weet hoe dit gesteld is met die invordering van restitusie.

Volgens Junger (1988:114-115), word daar in totaal 75% van alle restitusiebevele in Engeland en Wallis betaal. Ondanks die lae

bedrae wat aan restitusie beveel word, word in 60% van die gevalle reëlings getref vir die afbetaling van die restitusiebedrag. Een vyfde van die oortreders moet binne 21 dae betaal; terwyl 3%, agtien maande en langer kry om te betaal.

Faktore wat die betaling negatief beïnvloed blyk te wees:

* *die hoogte van die restitusiebevel - hoe hoër die bedrag hoe stadiger word dit betaal*

* *die residivisme van die oortreder - oortreders met 'n hoë graad van residivisme betaal nie so gou as wat dit die geval met eerste oortreders is nie*

* *die inkomste van die dader speel ook 'n rol - by die laer inkomstegroep word die restitusie nie so geredelik betaal nie*

* *die ouderdom van die oortreder - oortreders onder 21 jaar is swakker betalers as diè bo 21 jaar*

* *die graad van verstedeliking - in groter stede geskied betaling minder vlot as op kleiner plekke*

* *die verblyfsituasie - die helfte van die oortreders sonder vaste woon- of verblyfplek het binne 18 maande nog nie die volle restitusiebedrag betaal nie.*
  (Junger, 1988:115)

4.9.11 **Bemiddelingskemas in Brittanje**

Die Britse bemiddelingsprogramme wat die meeste geskoei is op die Noord-Amerikaanse VORP-modelle (sien hoofstuk 6) word na verwys as hof-gebaseerde skemas en funksioneer tussen die stadium van skuldverklaring en die stadium van vonnisoplegging.

Twee van hierdie programme funksioneer op 'n basis waarop bemiddeling voor 'n hofverhoor plaasvind in gevalle waar oortreders hul skuld erken en hul bereid verklaar om hul samewerking betreffende die betaal van restitusie aan hul slagoffers te gee. Een van hierdie programme, naamlik diè van Totton in Hampshire, funksioneer in samewerking met die Magistraatshof, terwyl die program in Leeds, West Yorkshire, nou saamwerk met die Crown Court (waartydens die tydperk voor 'n verhoor besonder lank mag wees). Hierdie twee skemas funksioneer op baie dieselfde wyse as die ander howe-gebaseerde restitusieprojekte. 'n Uitsondering hier is egter die Rochdale en Bury-skema in Groter Manchester wat afsonderlik van ander skemas funksioneer en wel op die grondslag van bemiddeling op 'n na-verhoor stadium. (Marshall, 1990:112)

Die oorblywende bemiddelingskemas in Engeland en Wallis is duideliker geskoei op die rehabilitasie van die oortreder ten einde hom uit die proses van vervolging en gevangesetting te hou, as wat dit die slagoffer as benadeelde party in ag neem. 'n Uitsondering hier is egter die Corby Juvenile Liaison Bureau in Northamptonshire.

In die tydperk November 1981 tot November 1982, het die Corby Liaison Bureau in Northamtonshire 492 verwysings van howe en van die polisie hanteer waarvan 77 gevalle deel gehad het aan een of ander vorm van misdaadprobleem-oplossing. Van hierdie groep het 21 direkte restitusie aan die slagoffer gemaak; 27 het direk apologie aan die slagoffer gemaak maar nie restitusie betaal nie, en 38 het indirekte restitusie aan die slagoffer gemaak byvoorbeeld deur werk te verrig aan die slagoffer. (Blagg, 1985:268) Die funksionering van die Buro bestaan daarin dat vergoeding volgens die doelwitte van die Buro selektief gebruik word en slegs indien alle faktore in ag geneem is.

In sy funksionering het die Buro eerstens deeglik ondersoek ingestel of die oortreder betrokke was by die misdaad. Tweedens is daar gekyk of dit 'n tipe oortreding was wat deur middel van bemiddeling tussen slagoffer en oortreder op restitusie kon uitloop. Die gewilligheid van die oortreder om sy deelname te gee, en of die voorgestelde restitusie in verhouding is tot die erns van die misdaad wat tot tevredenheid by die slagoffer sal lei, is deeglik aandag aan gegee. (Blagg, 1985:269)

Zedner, (1994:237) wys in hierdie verband daarop dat die Britse Regering gretig is om steun aan skemas te verleen wat direkte vergoeding voorstaan - hetsy in die vorm van persoonlike diens aan die slagoffer of watter vorm van restitusie ook al die geval mag wees.

4.10 DIE HODGSON KOMITEE

'n Komitee onder leiding van Sir Derek Hodgson is in 1980 op die been gebring op inisiatief (maar onafhanklik van) die Howard League for Penal Reform. Die komitee is gevra om die volgende te oorweeg:

> " ..... *the law and practice relating to compensation and the restitution of property to the victims of crime, and the operation of criminal bankruptcy; to assess how far the powers of the criminal courts to impose monetary penalties meet the need to strip offenders of their illgotten gains; and whether further provisions are necessary to ensure that the fruits of crime are returned either to the innocent owners of property or to the Crown* ". (Wasik, 1984:708)

Hoewel die komitee wye dekking verleen aan die magte van konfiskasie van die oortreder se eiendom deur die Crown Court, asook die magte en prosedures in gebruik in die Sample Courts, sal daar vir doeleindes van hierdie proefskrif slegs aanbevelings betreffende die beveel van restitusie aan die hand van Wasik (1984:713-720) gegee word.

* Restitusie

Die komitee gebruik die term " *compensation* " waar verwys word na die finansiële regstelling deur 'n oortreder aan 'n slagoffer

waar daar verliese, besering of skade is wat die resultaat van misdaad is.

Alhoewel die Komitee die magte van die strafhowe om restitusie-bevele op te lê aan die eenkant besing, word die grootste gedeelte van die hoofstuk oor restitusie gewy aan pogings om sommige van die verskeie beperkinge wat verhinder dat restitusie nie meer dikwels opgelê word nie, uit te skakel.

Die verslag steun egter heelhartig die belangrike beginsels of beperkinge dat bevele tot restitusie in ooreenstemming moet wees tot die finansiële vermoë van die oortreder. Die Komitee aanvaar ook dat gevangenisstraf wat onmiddellik in werking tree, nie normaalweg gekombineer kan word met 'n restitusiebevel nie. Die Komitee wys egter daarop dat 'n opgeskorte vonnis wat met 'n restitusiebevel gekombineer word, nie probleme vir die howe behoort te veroorsaak nie.

'n Verdere vraag waarvoor die Komitee te staan gekom het, was of restitusiebevele beperk moet word tot gevalle waar die beskuldigde siviel aanspreeklik is. Verbasing hieroor is deur Professor Atiyah en ander lede van die Komitee uitgespreek dat bevele tot restitusie wel in sulke gevalle gemaak word. Daar word op gewys dat die Appèlhof in hierdie verband reg was in sy uitspraak dat restitusiebevele ten doel het om 'n kortpad te vat deur die prosedures van die sivielehowe en nie gebruik behoort te word in gevalle wat nie heeltemal duidelik is nie of ingewikkeld blyk te wees.

Wasik (1984:714) betreur in hierdie verband die feit dat die Verslag nie melding maak van die navorsing en aanbevelings van die Scottish Dunpart Committee in hierdie verband nie. Hulle aanbevelings was dat dit beter is, vir alle gevalle betrokke, dat restitusiebevele nie gebied word in gevalle van siviele aanspreeklikheid nie. Die rede wat hiervoor aangevoer word is dat dit tot gevolg sal hê dat strafhowe sal moet besluit of 'n relevante bepaling 'n siviele herstel verskaf wat hulle as onregverdig beskou omdat daar dan teen verbruiker-slagoffers gediskrimineer word.

Die Komitee beveel verder aan dat beperkinge op die toewys van restitusie aan die afhanklikes van die slagoffers, geskrap moet word. Die rede vir hierdie aanbeveling was dat daar geen siviele-eisprosedure beskikbaar is in die gemenereg nie.

Die volgende rede waarom restitusie nie meer dikwels opgelê word nie, word deur howe aangevoer:- " howe kan net vinnig en doeltreffend op duidelik omskrewe gevalle vir vergoeding reageer."
Die Komitee weerlê hierdie rede. Die meerderheid van die lede van die Komitee het tot die volgende gevolgtrekking gekom:- die rede waarom so min bevele tot restitusie gegee word, veral deur regters van die Crown Courts, moet eerder gesoek word in sake soos eiebelang, eerder as in sake van beginsels.

Die opheffing van die " duidelik omskrewe gevalle " word dus aanbeveel, maar die meerderheid Komiteelede aanvaar dat - as

gevolg van die huidige agterstand van gevalle wat verhoorafwagtend is, - enige voorstel wat die lengte van die verhoor van sake nog verder gaan uitrek, onaanvaarbaar is. Aanbevelings dat die polisie wat die saak ondersoek die howe behulpsaam kan wees deur die werklike verlies of skade gely, noukeurig na te gaan en op skrif te stel, word in hierdie verband gemaak. Ook aan die kant van die aanklaer rus daar 'n verantwoordelikheid - naamlik om 'n baie meer aktiewe rol in die howe te vervul en 'n volledige verslag van alle verliese gely en restitusie benodig by die howe in te dien.

Laastens wat betref restitusie:- Die Hodgson Komitee het die moontlikheid van die stigting van 'n " Vergoedingsfonds " oorweeg. Deur hierdie vergoedingsfonds kan byvoorbeeld die afbetaling-oor-'n-tydperk-metode uitgeskakel word en kan die slagoffer onmiddellik vergoed word. Die komitee wys daarop dat die Criminal Injuries Compensation Board (CICB), so 'n restitusiefonds moet administreer en saamstel met staatsfondse as wegspringpunt. Aanvullende bydraes van die verskillende finansiële bevele wat deur die hof gemagtig word, sal dan so 'n restitusiefonds verder versterk.

Dit sal egter beteken dat die CICB sy funksies aansienlik sal moet uitbrei. Die Hodgson Komitee was egter so in hul skik met hul voorstel dat verskeie modelle inderdaad deur die Komitee geloods is. Ongelukkig is geen konkrete vordering gemaak wat betref die voorstel aangaande 'n vergoedingsfonds nie.

Hierdie aanbevelings is egter deurgestuur na die Home Secretary en in Mei 1984, is die instelling van 'n Interdepartementele werkgroep op die been gebring. Die doel van die interdepartementele werkgroep was om te bepaal of die restitusiefonds, as byvoegsel tot die Criminal Injuries Compensation Board, wetlike status kan kry.

Navorsing om hierdie doelstelling te bereik het gelei tot 'n ongeïnspireerde verslag oor hierdie aanbevelings.

4.11 **SLAGOFFERVERGOEDINGSFONDS**

Die aanbevelings van die Hodgson-komitee het egter aan die einde van 1987 gedeeltelik gestalte gekry, toe daar plek gemaak is in die Criminal Injuries Compensation Scheme vir restitusie. Sodra 'n misdaad gepleeg word, betaal die fonds die slagoffer die volle bedrag vanuit die sentrale fonds en verhaal dan hierdie bedrag weer van die oortreder soos uiteengesit in die restitusiebevel.

Bogenoemde reëling waar daar 'n vergoedingsfonds binne 'n reeds bestaande vergoedingsfonds bestaan, word volgens Newburn (Miers, 1990:325), se ondersoek sterk aanbeveel deur 'n groot aantal Magistrate as 'n geskikte alternatief tot die huidige rompslomp vir die uitbetaling van restitusie. Hoewel hierdie reëlings ook die goedkeuring van die Hodgson-komitee wegdra, het die sogenaamde White Paper wat in 1990 gepubliseer is, geen melding gemaak van hierdie idee nie.

Die rede hiervoor kan sekerlik gevind word in die leemte wat daar bestaan by bogenoemde idee naamlik - dat dit niks doen om die slagoffer by te staan waar die oortreder nie gevonnis is tot 'n bevel van restitusie aan die slagoffer nie; of waar die oortreder nie restitusie kan betaal nie selfs al sou hy 'n bevel hiertoe verkry.

'n Variasie op hierdie aanbevelings van die Hodgson-komitee het gekom van die Home Affairs Committee in 1990 as deel van sy administrasie van die CICB (Criminal Injuries Compensation Board). Volgens hierdie voorstel word aanbeveel dat howe 'n " *gemengde bevel* " kan neerlê waarvolgens 'n geskikte bedrag deur die oortreder aan die slagoffer uitbetaal word. Die balans van die kompensasiebevel word dan deur die Board uitbetaal aan die slagoffer. (Miers, 1990:325)

.

4.12 **SAMEVATTING**

Ondanks die feit dat die Criminal Injuries Compensation Scheme in Brittanje so 'n groot impak op die vergoedingsveld beklee, behoort dit vir die leser duidelik te wees dat Restitusie as betreklik " jong " strafvorm in Brittanje stadig besig is om te groei.

Vir navorser lê die oplossing van hierdie probleem dat restitusie stadig groei in Brittanje daarin dat, aan die kant van die howe, wat 'n straf beveel, daar 'n verandering moet kom ten

gunste van restitusiebevele. Verblydend in hierdie verband, en wat navorser beskou as 'n oplossing vir hierdie probleem aangaande die swak verwysing van howe tot restitusiebevele, is die aanbevelings van die Home Affairs Committee in 1990 dat die howe 'n " *gemengde bevel* " tot vergoeding moet uitreik.

HOOFSTUK 5

SLAGOFFERVERGOEDING IN EUROPA

5.1 INLEIDING

Gedurende die afgelope vyf dekades het wetgewende liggame, juriste, penoloë en menseregte-aktiviste in Europa begin belangstel in die rol wat die slagoffer in die algemeen in die breë regsplegingstelsel speel. In die besonder is daar gefokus op die regte van die slagoffer in die strafproses.

Die rasionaal vir die nuwe belangstelling in die slagoffer in die strafproses is veral gesetel in die mening dat die bystand aan die slagoffer parallel moet loop met die behandeling en hantering van die oortreder. Dit impliseer dat die hulp aan die slagoffers van geweldsoortredings kan geskied in die vorm van onder andere psigologiese bystand asook die herstel van skade deur middel van kompensasie en restitusie.

Vroeë ontwikkelinge op die terrein van slagoffervergoeding het plaasgevind in die Anglo-Saksiese gedeelte van die wêreld, naamlik, New Zealand (1965); die Verenigde Koninkryk (1964) en die United States (in 1965). Soortgelyke skemas het later ook in

Wes-Europa totstand gekom. So het Oostenryk (1972), Finland (1973), Duitsland (1976), Frankryk (1977), Swede (1978) en Noorweë (in 1981), slagoffervergoedingstelsels gevestig.

Hierdie hoofstuk stel slagoffervergoeding in Europa sentraal. Waar van toepassing word 'n land se regsplegingstelsel kortliks belig ten einde die leser op hoogte te bring ten opsigte van strukture van die stelsel en verantwoordelikhede van die verskillende funksionarisse.

5.2 **HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SLAGOFFERVERGOEDING DEUR DIE RAAD VAN EUROPA.** (Council of Europe)

Die Raad van Europa is 'n organisasie wat tussen regerings in Europa funksioneer en uit 25 lidlande bestaan naamlik: België, Groot Brittanje, Ciprus, Denemarke, Duitsland, Frankryk, Griekeland, Ysland, Ierland, Italië, Lichtenstein, Luxemburg, Malta, Noorweë, Nederland, Oostenryk, Portugal, Spanje, Switserland, Swede en Turkye.

Hierdie organisasie het die volgende doelstellings:

* om 'n groter eenheid tussen lidlande te bewerkstellig vir doeleindes van beskerming en veiligheid

* om gemeenskaplike ideale en doelstellings te identifiseer en te laat realiseer

* om ekonomiese en sosiale vordering te bewerkstellig.

Die Council of Europe het geen bande met die European Economic Communities (EEC) nie. (Tsitsoura, 1991:799)

Gedurende die negentiende sitting van die " *European Committee on Crime problems* " (EECP) in 1970, is 'n besluit geneem om te poog om gedurende 1971, vergoeding aan slagoffers van misdaad van staatsweë enersyds en van oortreders andersyds in Europa te laat realiseer.

Met die sperdatum van Februarie 1971, is daar egter besluit om die projek uit te stel omrede....

> " *it was advisable to await the results of work on this subject which was being carried out by the International Association of Penal Law (IAPL) and consequently to co-ordinate the activities of the ECCP in this field with the preparatory meeting (in September 1973, at Freiburg in Breisgau) for the IAPL Congress on this question to be held at Budapest in 1974; to that end, the Secretariat was instructed (...) to see to it that the Council of Europe would be represented in the work of the IAPL.* (Report: Council of Europe, 1978:11)

Na aanleiding van 'n voorstel van die Nederlandse Minister van

Justisie (gedurende die negende Konferensie van die Europese Ministers van Justisie in Wenen in 1974), het slagoffervergoeding wat die gevolg is van misdaad, sterk na vore getree.

Die EECP is versoek om alle gegewens te versamel wat verband hou met die volgende aspekte van slagoffervergoeding:

* *'n rasionaal vir die totstandkoming van kompensasiestelsels en indien wel, of hierdie kompensasie net gerig moet word op geweldsmisdade*

* *die insluiting binne 'n staatskompensasiestelsel van sowel materiële as nie-materiële skade*

* *die identifisering van persone wat vir kompensasie kwalifiseer*

* *oortreder betrokkenheid al dan nie tot die vergoeding aan die slagoffer*

* *beperking al dan nie op die kompensasiebedrag.*

(Report: European Committee on Crime Problems,1974:iv)

'n Vergadering onder beskerming van die European Committee on Crime problems, het op versoek van Swede gedurende 1975 plaasgevind ten einde vrae en probleme rondom die vergoeding aan slagoffers van misdaad te bespreek en idees uit te ruil.

Die Ministersraad van die Council of Europe het resolusie 77(27) aanvaar, waarin voorsiening vir die slagoffer van misdaad gemaak word en het die volgende riglyne neergelê:

* *indien 'n vorm van restitusie nie gewaarborg kan word nie, moet die staat vergoeding oorweeg aan:*

  - *enige persoon wat die slagoffer is van ernstige liggaamlike beserings as gevolg van 'n misdaad*

  - *alle afhanklikes van 'n persoon wat gedood is as gevolg van 'n misdaad*

* *die vergoedingsbedrag moet billik en regverdig en in verhouding met die aard en beserings van die slagoffer wees*

* *voorsiening vir 'n minimum sowel as 'n maksimum bedrag behoort gemaak te word*

* *ondanks die feit of die oortreder opgespoor is al dan nie, behoort by alle misdade waarby geweld betrokke was, vergoeding aan die slagoffer verleen te word*

* *die vergoedingsbedrag kan of deur middel van maandelikse paaiemente, of in die vorm van*

'n globale uitkering gemaak word

* *alle vorme van vergoedings moet in ag geneem word by die bepaling van 'n vergoedingsbedrag aan die slagoffer*

* *indien die slagoffer reeds op een of ander wyse vergoeding ontvang, moet daardie vergoedingsbedrag van die restitusiebedrag afgetrek word*

* *indien kompensasie suksesvol is, behoort daar in die kompensasiebedrag ten minste voorsiening gemaak word vir die volgende:*

  - *enige uitgawes wat ontstaan het as gevolg van beserings of dood*
  - *verlies aan inkomste wat 'n gevolg kan wees van die misdaad*
  - *alle mediese uitgawes met inbegrip van enige sielkundige of rahabilitasieprogramme wat die slagoffer moes deurloop*
  - *begrafniskoste*

* *by die oorweging om vergoeding, moet die verhouding wat die slagoffer met die oortreder het, of gehad het, asook die slagoffer se gedrag ten tyde van die misdaad, in ag geneem word.*

(Report: Council of Europe, 1978:13)

5.3 **EUROPESE KONVENSIE VAN 1983**

Die vestiging van die European Convention of Victims of Violent Crime van 24 November 1983, is gebaseer op Resolusie 77(27) van die Raad van Europa. Die doel van hierdie konvensie is tweeledig, naamlik:

* *om voorsiening te maak vir minimum bepalings betreffende kompensasie*

* *om samewerking tussen lidlande te verseker.*

Deur middel van hierdie konvensie is daar gepoog om 'n gemeenskaplike Europese beleid te stel waarvolgens slagoffers van misdaad vergoeding kan ontvang. Hierdie gemeenskaplike doelstelling het aanleiding gegee tot die stigting van 'n staatsondersteunende slagofferbeleid.

Lidlande van die konvensie het vanweë hul eiesoortige behoeftes en regstelsels, dikresionêre magte in die implementering van hierdie konvensie. Die oogmerk van hierdie konvensie is dus nie om voorskriftelik op te tree nie, maar veel eerder om leiding en rigting tot 'n gemeenskaplike slagofferbeleid te verskaf.

Slagoffervergoeding word egter net deur die staat betaal indien dit sou blyk dat die slagoffer geen vergoeding deur middel van

restitusie van die oortreder gaan ontvang nie. Spaanse wetgewing in hierdie verband bepaal dan ook dat slagoffers van die terroriste-organisasie ETA, vergoeding van die staat kan ontvang indien restitusie nie deur die oortreder gemaak kan word nie. (Sien 5.8.4 van hierdie proefskrif)

Slagoffervergoeding moet volgens Resolusie 77(27), die volgende dekking en raadgewing aan die slagoffer van misdaad verskaf:

* *verlies van inkomste*

  - *mediese sorg en hospitalisasie*
  - *begrafnisonkoste*
  - *die afhanklike se verlies aan steun en sorg*

  (Artikel: 4,5,6 en 7)

* *selfs in gevalle waar die oortreder nie vervolg of gevonnis kan word nie, is die staat steeds aanspreeklik om kompensasie aan die slagoffer te betaal indien restitusie nie gemaak kan word nie (Artikel: 2 en 3)*

* *kompensasie kan geweier of verminder word indien dit sou blyk dat die slagoffer se gedrag nie na wense is nie (Artikel: 8)*

* *die staat is verbind tot die regte van die persoon wat restitusie ontvang. Hiervolgens moet die*

staat die beginsels van regverdigheid en billikheid aanpas by die individuele omstandighede van elke saak (Artikel: 9 en 10)

* *die konvensie moet die nodige maatreëls tref vir die weergee van informasie aan potensiële kliënte ten einde die belange van die slagoffer ten beste te dien (Artikel: 11)*

* *elke party of lidland sal die bes moontlike bystand van die Raad van Europa ontvang oor aangeleenthede en implimentering van staats kompensasie*

* *die Europese komitee aangaande misdaadprobleme van die Raad van Europa sal voortdurend op hoogte gehou en ingelig word aangaande die doeltreffendheid en/of aanwending van staatskompensasie in lidlande. (Artikel: 12 en 13)*

5.4 BASIESE BEGINSELS MET BETREKKING TOT SLAGOFFERVERGOEDING DEUR DIE RAAD VAN EUROPA

Die Raad van Europa stel basiese begingsels aan lidlande voor met betrekking tot die vergoeding aan slagoffers van geweldsmisdade. Hierdie beginsels manifesteer binne 'n georiënteerde oortreder

slagoffer verhouding binne die breë regsplegingstelsel. Die belangrikste kenmerke van hierdie verhouding is die volgende:

* *'n regverdige balans tussen die regte van die slagoffer en die regte van die oortreder is die basis van die Raad van Europa se misdaadbeleid. Deurdat aan die slagoffer bystand verleen word, beteken nie dat dit in konflik met ander doelstellings van die strafreg, soos die rehabilitasie en hervestiging van die oortreder moet kom nie*

* *onderskeiding tussen sorg aan slagoffers van kriminele oortredings en slagoffers van niekriminele oortredinge*

* *'n beleid van sosiale solidariteit wat impliseer dat*

  - *slagofferbystand en beskerming nie alleen die taak van die strafregsplegingstelsel is nie, maar moet gesteun en ondersteun word deur die samewerking van die publiek*

* *'n beleid gebaseer op die resultate van wetenskaplike navorsing:*

  - *navorsing oor alle vorme van slagofferhulp word as een van die belangrikste hoekstene*

beskou. Die Europese Komitee aangaande misdaadprobleme (European Committee on Crime Problems), se beleid in hierdie verband is dan ook geskoei daarop dat

" crime policy should always be based on data resulting from rigorous criminological research ". (Tsitsoura, 1991:803-804)

5.5 **SLAGOFFERBYSTANDSPROGRAMME IN EUROPA**

Vier hoofkategorieë betreffende slagofferprogramme, funksioneer tans in Europa naamlik:

* slagofferbystandsprogramme
* slagofferkompensasiestelsels
* slagoffer ondersteuningskemas
* restitusie aan die oortreder
* **Slagofferbystandsprogramme**

Hierdie programme maak voorsiening vir die stel van riglyne betreffende slagofferhantering deur die polisie, aanklaers en howe.
Veral in jurisdiksies waar die aanklaers alle

getuienis oor 'n spesifieke saak in die hof moet voordra, is hierdie program in gebruik. Daar word groot klem gelê op die samewerking van die slagoffer as 'n getuie. Navorsing het getoon dat slagoffers teleurgesteld is oor hul spesifieke rol en funksie in die strafregsplegingstelsel. (Boland, 1984:504). Slagoffers dink oor die algemeen dat aanklaers hul slegs gebruik as " verskaffers van getuienis ". In ander stelsels, byvoorbeeld in Nederland, waar daar nie van die aanklaer verwag word om die slagoffer te ondervra nie, voel die slagoffers weer hul word geïgnoreer. (Boland, 1984:504)

* **Slagofferkompensasiestelsels**

Slagoffers van misdaad kan onder sekere omstandighede in aanmerking kom vir Staatskompensasie. Navorsing in hierdie verband (Moerland & Rodermond (1978), Rajan,(1981) en Singer-Dekker,(1972), het egter getoon dat min slagoffers gebruik maak van hierdie skema as gevolg van die lae profiel of sigbaarheid wat hierdie skemas handhaaf asook die burokratiese wyse en streng vereistes waaraan slagoffers moet voldoen ten einde vir kompensasie in aanmerking te kom.

Boland (1984:504), wys daarop dat onderhoude met slagoffers wat kompensasie ontvang, baie teleurstellend was:

- eerstens was die algemene gevoel onder slagoffers dat hulle op 'n burokratiese wyse hanteer word

- tweedens voel slagoffers dat hul geen reg tot skadevergoeding het nie, maar slegs geskik is om 'n vorm van liefdadigheid uit simpatie en empatie te ontvang.

* **Slagofferondersteuningskemas**

Morele en praktiese ondersteuning word aan slagoffers gegee. Hierdie tipe programme word veral op groot skaal in Nederland bedryf. Nie net die direkte slagoffer van misdaad vind baat by hierdie skemas nie, maar ook die direkte familielede word betrek by die ondersteuningskema. (Inligting, Nederlandse Ambassade: Kaapstad: 1995)

Hierdie tipe programme maak dit egter vir die programbestuur moeilik omdat die program steun op die polisie vir informasie - terwyl die polisie hul eie kriteria het waarvolgens 'n persoon as 'n slagoffer geklassifiseer kan word. Die kriteria in hierdie geval is persone wat slagoffers is van huislike- en/of seksuele misdaad. Hoewel hierdie tipe slagoffer gespesialiseerde en professionele hulp nodig het,

word hierdie tipe program gewoonlik beman deur 'n groot personeel van nie-professionele vrywilligers.

* **Restitusie van die oortreder**

Restitusie aan die slagoffer van misdaad funksioneer tans binne die lande van die Raad van Europa op twee wyses. Eerstens die funksionering waarin restitusie 'n sivielprosesregtelike karakter toon en veral vergestalting vind binne die *"partie civile"* van Frankryk en België en tweedens die staats kompensasiestelsels wat geskoei is op die Britse model. (sien hoofstuk 4)

Die volgende lidlande van die Raad van Europe word in hierdie hoofstuk bespreek :

* Nederland
* Duitsland
* Spanje
* Frankryk
* Griekeland

5.6 RESTITUSIE AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD IN NEDERLAND

5.6.1 Inleiding

Reeds in die sestiger jare is in Nederland debatte gevoer oor die voor- en nadele van 'n vergoedingstelsel aan die slagoffer van misdaad. Hoewel vergoeding nie in die sestigerjare geïmplimenteer kon word nie, het die beskouing daarvan van belang gebly en gelei tot die inwerkingstelling van vergoeding as slagoffer remedie in Nederland.

Volgens De Beer (1988:205), veronderstel die skadevergoedingstraf:

> " *een door de rechter aan de dader opgelegde veroordeling tot die (gedeeltelijke) schade-vergoeding aan het slachtoffer* ".

Toenemende besorgdheid, nie net oor die emosionele gesteldheid van die slagoffer nie, maar ook oor finansiële verliese, het die weg gebaan dat 'n slagoffer restitusieprogram in Nederland totstand gekom het.

5.6.2 Staatkundige struktuur

Nederland bestaan uit 'n monargie met as staatshoof die heersende koning of koningin. Die Nederlandse parlement wat bekend staan as die Staten Generaal, word deur verteenwoordigende ministers van die bevolking bestuur.

Nederland wat uit elf provinsies bestaan, asook die gebiede van Suriname en die Nederlandse Antille, word op plaaslike vlak geadministreer deur die gemeenterade en provinsiale owerhede. (Het Koninkrijk der Nederlanden, 1990:4)

5.6.2.1 **Hofstruktuur**

'n Gesentraliseerde stelsel van howe is in 1827 in die lewe geroep, naamlik die " Wet op de rechterlijke Organisatie van 1827 " wat die vier basiese howe verteenwoordig:

* **De Kantongerecht**

  Daar bestaan tans 62 van hierdie laerhowe wat oor beperkte siviele- en strafjurisdiksie beskik. Die Kantonrechter is bevoegd om uitsprake te lewer in alle burgerlike sake tot 'n bedrag van Nlg111,350 in inpachtzaken en in geskille betreffende huur, arbeidsooreenkomste en huurkoop- en afbetalings ooreenkomste. Appèlle van beslissing van die Kantonrechter word aangehoor deur die Arrondissementrechtbank.

* **De Arrondissementrechtbank**

  Hierdie regsbank is bevoeg om 'n oordeel te vel in alle burgerlike sake, in egskeidingsake en " faillissementen " en in strafsake en kom dus in

hierdie opsig baie ooreen met die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof.

Die regsbank is ingedeel in 'n enkelvoudige kamer (met een regter), en 'n meervoudige kamer (met drie regters). Die president van die Arrondissement-rechtbank, is bevoegd om alle burgerlike sake wat dringende aandag vereis, deur middel van 'n eenvoudige prosedure af te handel en op die kort-termyn voorlopige beslissings te neem.

* **De Gerechtshoven**

Dit is die Appèlhof, wat oor appèlsake van die Arron-dissementrechtbanken beslis. Die Gerechtshoven doen uitsprake in kamers van drie lede wat as raadsheren bekend is, maar kan egter ook in enkel-voudige kamers beslissings betreffende fiskale sake lewer.

* **De Hoge Raad**

Die Hoge Raad is in Den Haag gesetel met as ver-naamste taak om toe te sien dat daar eenheid be-staan in regstoepassing.

Die Hoge Raad bestaan uit drie panele van vyf regters elk, naamlik die burgerlijke kamers,

strafkamer en belasting en onteieningskamer. Volgens die Statuur van Het Koninkrijk der Nederlanden, kan die regsmag van die Hoge Raad ook sake behartig betreffende die Nederlandse Antillen.

Die Hoge Raad is voorts ook 'n forum waar bewerings oor ampsmisdrywe deur lede van die Staten-Generaal en Ministers aanhangig gemaak kan word.
(Het Koninkrijk der Nederlanden, 1990:4-5 en Cilliers, 1984:123-124)

5.6.3 **Nederlandse aanbevelings ten opsigte van slagoffervergoeding**

Die Prokureur-Generaal van die geregshof in Nederland het op 19 November 1986, die slagofferbeleid wat sedert 1 Maart 1986 in werking was maar net geskoei was op slagoffers van **ernstige misdade,** uitgebrei na slagoffers van **alle misdade.**

'n Verdere aanbeveling wat op 1 Maart 1986 gedoen is, behels dat die werkgroep " *Justitieel Beleid on Slachtoffer* " ondersoek moet instel en aanbevelings moet maak ten einde die posisie van die slagoffer te verbeter.

Aanbevelings van die werkgroep betreffende restitusie, het die volgende behels:

* *die fokuspunt moet wees om restitusie te bewerkstellig buite die kriminele verhoor*

* *die polisie moet die omvang van die skade wat die slagoffer gely het, aanteken asook die begeerte van die slagoffer om restitusie aan te vra*

* *indien dit sou blyk dat die skade van die slagoffer deur die oortreder verhaal kan word, behoort die slagoffer hieroor deur die polisie ingelig te word*

* *indien beide partye instem dat restitusie plaasvind, kan die polisie as bemiddelaar optree*

* *indien die slagoffer sou verkies om self met die oortreder oor restitusie te onderhandel, mag die oortreder se naam en adres aan die slagoffer verskaf word.*
(Staatscourant, 1987: 5-10)

5.6.4 **Maatreëls betreffende restitusie aan die slagoffer**

Die herwaardering van die slagoffer in die strafreg, het gelei tot die instelling van die *Terwee-von Hilten Commissie* wat die wetlike staanplek en posisie van die slagoffer in die strafproses moes ondersoek en bepaalde aanbevelings voorlê ter verbetering

van die rol van die slagoffer.

Aanbevelings wat hieruit voortgespruit het was:

* *dat die slagoffer 'n siviele-eis prosedure teen die oortreder mag instel*

* *dat 'n skadevergoedingsfonds gestig sou word waaruit die slagoffer vergoed kon word indien die oortreder nie my magte is om restitusie te maak nie*

* *dat die slagoffer nie self in die hof teen die oortreder hoef te getuig nie.*
  (Kok, 1988:123-131 en Soest, 1988:1339)

Penders (1990:44) wys daarop dat die psigo-sosiale hulpverlening aan slagoffers van misdaad in Nederland reeds stewig funksioneer terwyl die regshulp aan slagoffers òf glad nie bestaan nie, òf op wankelrige bene toegepas word. Die rede hiervoor kan moontlik gevind word in die gebrek aan kennis betreffende die beskikbaarheid van regshulp, sowel as die gebrek aan kennis en inligting oor slagofferbystand onder regslui.

Die kommissie " *Wettelijke voorzieningen slachtoffers in het strafproces* " wat as opdrag gehad het om te kyk na maniere waarop die posisie van die slagoffer in die strafproses verbeter kon word, het met die volgende voorstelle gekom:

* *die oortreder moet siviel-regtelik aanspreeklik gehou word vir die skade*

* *die omvang van die skade moet bereken word volgens die kriteria wat neergelê is vir die siviele reg*

* *die vergoedingsbevel moet slegs opgelê word indien die bedrag van skadevergoeding vasgestel kan word*

* *die vergoeding moet gekoppel word aan 'n maksimum bedrag wat in ooreenstemming met die finansiële behoeftes van die oortreder bepaal word*

* *restitusie as vonnisopsie kan nie opgelê word by ad inforandum sake of indien die skade reeds op een of ander manier aan die slagoffer vergoed is nie*

* *skadevergoeding moet deel uitmaak van die vonnis.*
(Junger, 1988:12)

5.6.5 **Prosedures om skadevergoeding te verkry**

Daar bestaan twee kanale waarlangs die slagoffer skadevergoeding

in Nederland kan ontvang naamlik:

* **Skadevergoeding as besondere voorwaarde by 'n voorwaardelike vonnis**

Reeds sedert 1917, het regters in Nederland die keuse gehad om aan voorwaardelike veroordeling die voorwaarde te koppel dat die oortreder die slagoffer òf in geheel, òf gedeeltelik sal vergoed vir die skade of ontberings as gevolg van die misdaad. (Junger, 1988:71)

Hierdie tipe slaagoffervergoedingstraf is nie aan dieselfde beperkings as die siviele-eisprosedure onderhewig nie wat dit 'n sinvoller opsie vir die slagoffer maak. Daar is geen beperkings op die bedrag van restitusie wat betaal word nie en, indien dit blyk dat die oortreder nie sy ooreenkoms nakom en restitusie betaal nie, kan die opgeskorte vonnis inwerking gestel word. (Wemmers, 1991:412)

* **Skadevergoeding geskoei op 'n siviele eisprosedure**

Indien die slagoffer 'n siviel-regtelike eisprosedure wil volg, moet dit skriftelik aan die beampte van Justisie bekend gemaak word. 'n Datum waarop die eis voorkom, sowel as die bedrag waarom aansoek gedoen word, word tussen die slagoffer en beampte deur middel van wedersydse briefwisse-

ling bespreek.

Die beperkings wat aan 'n siviele eisprosedure onderhewig is, sluit die volgende in:

* *'n siviele regsgeding kan nie die bedrag van Nlg33,405 oorskry nie. Slagoffers eis gemiddeld Nlg17,147 en kry gewoonlik Nlg2,227 minder as wat geeis word*

* *die werklike waarde van die beskadigde of verlore goedere moet bewys kan word*

* *die spesifieke misdryf waarvoor restitusie aangevra word, moet gemeld word*

* *die slagoffer moet teenwoordig wees by die verhoor ten einde restitusie te kan ontvang*

* *indien 'n bevel van restitusie toegestaan word, word dit aan die slagoffer oorgelaat om sorg te dra dat sy vergoeding ontvang word.*
(Wemmers, 1991:412 en Junger, 1988:76-78)

5.6.6 **Restitusieprogramme in Nederland**

Ten einde die stimilu van restitusie te versterk, asook om die

hele proses van restitusie beter uiteengesit te kry en te begryp deur middel van eksperimentele projekte, is twee eksperimente in 1988 op aanbeveling van die Minister van Justisie geloods met die polisie as bemiddelaars. Die omvattende navorsing wat gedoen is aangaande hierdie twee restitusieprogramme word aan die hand van (Wemmers, 1991:415-418) weergegee:

5.6.6.1 **Munisipale Polisie restitusieprogramme**

Die eksperiment het een jaar geduur en is in die stad Leiden van stapel gestuur. Die oogmerk van hierdie eksperiment was die volgende:

* *om ondersteuning aan die slagoffer van misdaad te bied en om skade wat as gevolg van die misdaad gely is, te vergoed en om aan die anderkant die oortreder met die misdaad en die gevolge te konfronteer*

* *om met die polisie as bemiddelaar tussen die slagoffer en oortreder op te tree sonder dat die twee partye in kontak met mekaar kom. Hierdie proses van bemiddeling is op die Britse stelsel van bemiddeling geskoei*

* *om misdade soos diefstal, beskadiging van eiendom en aanranding in hierdie projek op te neem*

* *om geen maksimum of minimum waarde aan die restitusiebedrag te koppel nie*

* *om indien die totale restitusiebedrag minder as Nlg11,135 beloop en die oortreder 'n eerste oortreder is wat restitusie suksesvol deurloop, mag die polisie die saak afwend van die strafverhoor. Dit beteken dat die saak as afgehandel beskou word en nie deurgegee word aan die staatsaanklaer nie.*

Die resultate van die eksperiment was sodanig dat uit 'n totaal van 118 gevalle ooreengekom is met die oortreder om restitusie aan die slagoffer te betaal. Die sukses was sodanig dat 72 gevalle, of 61% van die ondersoekgroep onderneem het om restitusie aan die slagoffer te betaal.Indien gekyk word na die sukses vir die drie verskillende tipes oortredinge naamlik diefstal, beskadiging van eiendom en aanranding, blyk dit dat die ooreenkoms suksesvol was in gevalle van diefstal (77%); beskadiging van eiendom (58%); en aanranding, (44%).

5.6.6.2 **Staatspolisie restitusieprogramme**

Hierdie eksperiment het in 1988 in Alkmaar plaasgevind en is deur die Staatspolisie geloots ten einde die bes moontlike omstandighede uit te lig waarbinne restitusie opgelê kan word ten einde as strafsanksie te slaag.

Die volgende prosedures kenmerk hierdie eksperiment:

* *Slegs oortreders wat hul skuld aan die misdaad beken, kom in aanmerking vir hierdie projek. Indien dit blyk dat restitusie finansiële vergoeding behels, en die oortreder bereid is om die skade te vergoed, kontak die polisie die slagoffer ten einde inligting aan die slagoffer weer te gee betreffende die verloop van die saak rondom restitusie.*
Indien die slagoffer instem tot restitusie en bewyse gelewer kan word van skade as gevolg van die misdaad van ten minste Nlg11,135 kan die polisie probeer om 'n ooreenkoms tussen die slagoffer en oortreder te bewerkstellig.

Wat hier vermelding verdien is dat hoewel die polisie as bemiddelaar tussen die twee partye optree, die slagoffer en oortreder mekaar nie persoonlik ontmoet nie. Alle kontak geskied dus deur die polisie as middelman of as bebemiddelaar

* *Die polisie besluit op die bedrag wat aan restitusie betaal moet word en of dit in paaiemente van 5 maande kan geskied of nie.*
Sodra beide partye vrywillig ooreenkom ten opsigte van die restitusiebedrag, word aan beide partye 'n geskrewe afskrif van die restitusie ooreenkoms gestuur. Betaling geskied via die

polisie. Die restitusie bedrag word deur die oortreder in die polisierekening by 'n bank gedeponeer waarna die polisie dit weer na die slagoffer se rekening oorplaas.

Die volgende resultate is uit hierdie eksperiment bekend:

* 42 gevalle is in die program beveel om restitusie te betaal

* in 4 van hierdie gevalle is die verliese van die slagoffer deur een of ander vorm van versekering gedek wat die maak van restitusie deur die oortreder kanseleer

* van die oorblywende 38 gevalle (90%), is

  10 suksesvolle ooreenkomste bereik tussen slagoffer en oortreder (26%) en 28 gevalle (74%), was onsuksesvol ten opsigte van die betaling van restitusie.

Dit blyk dat staatspolisie resitusieprogramme meer geneig is om suksesvol te wees indien:

* die polisie aan die oortreder sy ontslag kan verseker in ruil vir die betaling van restitusie aan die slagoffer

* die oortreder geen vorige veroordelings het nie

* dit 'n geval van eiendomsmisdaad is

* indien die totale restitusiebedrag wat betaal moet word nie Nlg11,135 oorskry nie

* indien die verantwoordelikheid ten opsigte van die reël van ooreenkomste tussen slag-offer en oortreder tot een beampte beperk is.

5.6.7 **Skadevergoedingsfonds vir geweldsmisdade**

Die gedagte om 'n staatskompensasieskema in Nederland te implementeer, het in die laat sestiger jare gestalte gekry. Die bewuswording van die leemte wat ten opsigte van die misdaadslagoffer bestaan het, het toegeneem met die misdaadslagofferkompensasiestelsels wat in Brittanje (Hoofstuk 4) en die Verenigde State van Amerika (Hoofstuk 6) in werking gestel is.

Die " Wet voorlopige regeling Schadefonds Geweldsmisdrijven ", wet 382 van 1975, magtig die betaal van kompensasie uit 'n kompensasiefonds aan enige persoon wat tydens 'n geweldsmisdaad ernstige liggaamlike skade opgedoen het. De Beer (1988:213) is baie duidelik waar hy sê:

" *Alleen iemand de slachtoffer is geworden van een strafbaar, opzettelijk gepleegd geweldsmisdrijf en daardoor ernstig lichamelijke en/of psychische schade heeft opgelopen, kan een beroep doen op het fonds* ".

Artikel 4 van hierdie wet bepaal dat by die vasstelling van 'n kompensasiebedrag, redelikheid en billikheid in alle gevalle moet geld. Hiervolgens plaas die Nederlandse regstelsel die slagofferskade in twee kategorieë naamlik:

* **Vermogenschade** wat dui op finansiële skade of verliese. Die maksimum bedrag wat hier toegeken kan word is Nlg556,750

* **Immateriële schade** wat dui op verlies van lewensvreugde wat die gevolg is van pyn, ver driet en lyding. Die maksimum bedrag wat hieronder toegeken word, is Nlg222,7.
(Moerland, 1978:198)

Ten einde vir kompensasie te kwalifiseer, bepaal die skadevergoedingskema dat die misdaad:

* *die gevolg moet wees van 'n opsetlike handeling*

* *ernstige liggaamlike letsels tot gevolg gehad het*

* *in Nederland, of aan boord van 'n Nederlandse vliegtuig of vaartuig gepleeg moes gewees het.* (Inligtingstuk Departement van Justisie, 1975:3-4 en Cilliers, 1984:128)

Artikel 6 van die skadevergoedingswet bepaal egter dat geen kompensasie toegeken sal word, indien dit blyk dat:

* die skade langs 'n ander weg aan die slagoffer vergoed kan word . Indien die dader se versekering voldoende is om skade te dek, of indien die oortreder instaat is om restitusie aan die slagoffer te betaal, word 'n aansoek om kompensasie uit hierdie fonds nie oorweeg nie

* die slagoffer self instaat is om die skade te dra. Die finansiële posisie van sowel die slagoffer as sy afhanklikes word deeglik nagevors en indien dit blyk dat die evaluasie finansiële onafhanklikheid by die slagoffer aandui, word die aansoek nie oorweeg nie

* die slagoffer deur sy gedrag aanleiding gegee het tot die pleeg van 'n misdaad.
'n Inligtingstuk van die Departement van Justisie (1975:5), verduidelik hierdie punt as volg:

" *Wanneer iemand zich opzettelijk in een ge-*

vaarlijke situasie begeeft (er is een straat-gevecht aan de gang en iemand gaat daarheen om alles eens goed te kunnen zien), of zich erg onvoorsichtig gedraagt, dan kan hijk in het algemeen geen beroep doen op een uitkering uit het Schadefonds, al heeft hij ernstig letsels opgedoen ".

* die skade minder as Nlg55,67 beloop.

Die skadevergoedingsfonds finansieer die oortreder ten einde restitusie aan die slagoffer te kan betaal en derhalwe is die oortreder verantwoordelik vir die terugbetaling aan die fonds.

Die fonds het egter met die probleem te kampe dat dit 'n geweldige agterstand moet verwerk betreffende uitbetalings. Die gemiddelde tyd tussen die eis om restitusie en uitbetaling duur twee jaar. (Inligting: Nederlandse Ambassade, Kaapstad:1994)

Jalink, (Haagsche Courant, 1991:5), sekretaris van die " *Den Haag gevestigde Commissie Schadefonds Geweldsmisdrijven* ", het egter in hierdie verband onderneem om die verwerkingskapasiteit te vergroot.

Elke slagoffer van geweldsmisdaad in Nederland kan van hierdie fonds gebruik maak. Statistieke wys daarop dat tien keer soveel slagoffers in 1990 van die fonds gebruik gemaak het as met die stigting in 1976. Dat die versoeke jaarliks met 25% styg, word

nie net toegeskryf aan die styging in kriminaliteit in Nederland nie, maar ook in die groeiende bekendheid van die stelsel. (Haagsche Courant, 1991:5)

Restitusie tree dus baie sterk deur hierdie kompensasiefonds na vore deurdat kompensasie nie net tussen die Staat en die slagoffer geskied nie, maar ook dat restitusie tussen die slagoffer en oortreder geskied. In hierdie opsig voldoen die Nederlandse vergoedingstelsel aan die riglyne soos gestel deur die Raad van Europa.

5.7 **SLAGOFFERVERGOEDINGSKEMAS IN DIE FEDERALE REPUBLIEK VAN DUITSLAND**

5.7.1 **Inleiding**

Die kontemporêre Penologiese debat in Duitsland sentreer tans rondom die rol wat die slagoffer van misdaad in die breë regsplegingstelsel speel asook die voortdurende soeke na alternatiewe beskikkingsmoontlikhede vir korttermyn-gevangenisstraf.

Die rasionaal vir hierdie soeke na oplossings manifesteer hoofsaaklik binne die kader van die soeke na oplossings ten einde:

* die posisie van die slagoffer in Duitsland te versterk

* om alternatiewe strawwe vir misdaad te probeer vind wat aan die eenkant meer belowend as die sogenaamde rehabilitasiemodel is, en aan die ander kant los van die neo-klassieke wet- en-orde benadering staan.

Gedurende Mei 1976, is 'n wetsontwerp betreffende vergoeding aan die slagoffers van misdaad in die Federale Republiek van Duitsland geloots wat as 'n openbare vergoedingspakket of vergoedingskema aan die slagoffer bekend sou staan. (Boland, 1985:674 en Report: Council of Europe, 1978:40)

5.7.2 **Staatkundige Struktuur**

Die struktuur en mag van die Wes-Duitse regering is ontleen uit die " *Grundgesetz* ", of Algemene Wetgewing wat op 23 Mei 1949 onderteken en geproklameer is. (Encyclopedia, 1986:114)

Die Grundgesetz het 'n noue verwantskap met die Anglo-Amerikaanse demokrasieë asook met sy voorganger die Weimar Constitution. Die parlementêre vorm van regering stem baie ooreen met die Britse sisteem, maar omdat Wes-Duitsland, anders as Groot Brittanje, 'n federasie is, is baie van sy politieke strukture ontleen aan die modelle van die V.S.A en ander federasies.

Volgens die Encyclopedia,(1986:114) het die Grundgesetz twee kenmerke wat ontleen is vanuit die Konstitusie van die Verenigde State van Amerika naamlik: die formele deklerasie van beginsels betreffende menseregte wat die basis vorm van 'n " regering vir die mense," en tweedens, die sterk onafhanklike posisie van die howe veral wat betref die reg van die Federale Konstitusionele hof om 'n wet as onkonstitusioneel te verklaar.

Die Staatshoof in Duitsland is die President, wat oor die jare heen gewoonlik 'n ouerige persoon bo die ouderdom van 59 jaar is, en vir 'n termyn van 5 jaar gekies word deur 'n vergadering wat spesiaal vir hierdie taak belê word. (Inligting Duitse Ambassade, Pretoria:1994)

'n Kanselier word gekies deur 'n meerderheidstem van die Bundestag en beklee die pos as verteenwoordiger van die parlement.
Die Kanselier is egter nie beperk tot sy pligte in die parlement nie, maar is ook voorsitter van sy party wat gewoonlik die sterkste party in Duitsland verteenwoordig. Die Bundestag bestaan uit 520 lede insluitende 22 afgevaardigdes vanuit Wes-Berlyn wat geen stemreg het nie. (Inligting, Duitse Ambassade, Pretoria:1994)

5.7.3 **Hofstrukture**

Die Wes Duitse howesisteem verskil van diè van ander federasies soos die Verenigde State van Amerika ook in die sin dat die

Verhoor en Appèlhof, landhowe is, terwyl die laerhowe almal federasiehowe is. Alle howe mag egter sake verhoor wat op federale vlak sorteer, dog in sekere gebiede van die reg het net die " Lander ", eksklusiewe regte. (Encyclopedia, 1986 :115)

Bykomend tot die howe van algemene jurisdiksie, (vir siviele en kriminele sake), waarvan die hoogste hof die " *Bundesgerichts-hof* " is, is daar 'n verdere vier howe met jurisdiksie in administratiewe aangeleenthede, belasting, maatskaplike sake en arbeidswetgewing.

Regters vervul 'n meer prominente en aktiewe rol in alle stadiums van wetlike prosedures as wat die geval in meeste ander Westerse lande is. As gevolg van die dominante sigbaarheid van regters in Duitse wetlike prosedures, word Duitse howe minder beheer deur aanklaers en advokate vir die verdediging. Volgens navrae by die Duitse Ambassade in Pretoria (1994) bring hierdie reëling egter nie mee dat hofsaak prosedures duurder is as in ander lande waar aanklaers en advokate meer prominent verteenwoordig word by wetlike prosedures nie. Daar bestaan egter, moontlik as gevolg van hierdie reëling, geen pleit onderhandeling in kriminele gevalle nie.

5.7.4 **Slagoffervergoedingskemas in die Federale Republiek van Duitsland sedert 1976**

5.7.4.1 **Entschadigung fur Opfer von Gewalttaten** - 1976

Die slagoffervergoedingskema wat op 16 Mei 1976 geloots is, staan bekend as die " *Entschadigung fur Opfer von Gewalttaten* (Skadeloosstelling van die slagoffers van 'n geweldsmisdaad).

Die Departement van Justisie (1981:5), gee die grondslag vir die totstandkoming van hierdie wet op skadeloosstelling as volg weer:

> " *Wenn es der staatlichen Gemeinschaft trotz inhrer Anstrengungen zur Verbrechensverkutung nicht gelingt, Gewalttaten vollig zu vermindern, so muss sie wenigstens fur die Opfer dieser Straftaten einstechen* ". (Indien pogings van die staatsregtelike gemeenskap om geweldsmisdade deur misdaadvoorkoming te verminder geen positiewe resultate oplewer nie, moet hulle vir hierdie slagoffers instaan)

Hierdie eerste slagoffervergoedingsprogram van 1976, was egter uit die staanspoor nie suksesvol nie en volgens Boland & Boland, (1984:502 & 1985:674), kan die volgende redes hiervoor gevind word:

* *die onsuksesvolle toepassing van hierdie program*

vanweë die feit dat daar versuim is om slagoffer-bystandsprojekte in ander lande te bestudeer wat as moontlike rolmodelle kon dien in die totstand-koming van 'n eerste slagofferbystandsprogram in Duitsland

* *die praktiese toepassing van hierdie wet het slegs sekere tipes slagoffers in die middel- of hoër klasse bevoordeel*

* *indien vergoeding nie deur die oortreder be-taal kon word nie, kon die slagoffer 'n siviele eis- prosedure teen die oortreder instel. Dit het egter geblyk ook onsuksesvol te wees aangesien baie oortreders nie instaat was om restitusie te betaal nie omdat hulle in die gevangenis slegs D.M. 100-120 per maand verdien het*

* *ondanks positiewe besluite ten opsigte van res-titusie vanaf 1976-1981 in Bavaria in die noor-delike Ryngebied en Wesfalia asook in Berlyn, het slegs 9,3% van alle slagoffers vergoeding ontvang.*

Met die tradisionele strafsanksies soos gevangenisstraf en boetes wat toenemend deur die wetgewer en funksionarisse bevraagteken en gekritiseer is, is restitusie en slagoffer/oortreder

bemiddeling as 'n belowende alternatiewe sanksie gesien.

Intensiewe en diepgaande teoretiese besprekings deur funksionarisse en wetgewende liggame is gehou oor die moontlike implementering van restitusie ten koste van die blote oplegging van 'n boete vonnis. Restitusiemodelle en bevindinge van ander lande is in hierdie verband deeglik bestudeer ten einde 'n gepaste restitusiemodel vir Duitsland te ontwikkel.

5.7.4.2 **Sentralefonds restitusiemodel** - 1977.

Vanaf 1977, het 'n private vereniging; *Weisser Ring*, 'n mededingende plan om slagoffers van misdaad bystand te verleen, ontwikkel. Dunkel, (Boland, 1985:674), verduidelik dat die rede vir die totstandkoming van die Weisser Ring slagoffer bystandsprogram, was om die gebreke van die vorige programme uit te skakel en verduidelik hierdie tekortkominge as volg:

> " *a lack of practical information by the compensation board and the police forces; the fear of stigmatization of the victims; and also the difficulties of the lower social classes to present their claim to the public office* ".

Programme wat in alle groot stede en dorpe in Duitsland ingestel is, het egter tot die redding van sowel die oortreder as die slagoffer gekom. Hierdie programme is gesubsidieer deur 'n sentralefonds en, deur die krediteure bymekaar uit te bring

ten einde 'n moontlike verlaging in restitusie te bemiddel, is dit vir die oortreder moontlik gemaak om sy skuld binne 'n sekere tydperk aan die slagoffer te betaal.

Die krediteure ontvang in hierdie geval die geldelike bedrag van die sentralefonds en die oortreder het dus die verpligting om die fonds te betaal. (Inligting: Max Planck Instituut, Oktober:1992)

Dat hierdie program suksesvol was, blyk uit die feit dat beide oortreder en slagoffer geakkommodeer is in die sin dat die regte van die slagoffer beskerm is terwyl die oortreder se aanvaarding in die gemeenskap deur hierdie suksesvolle uitvoering van die restitusiebevel, vergemaklik is.

5.7.4.3 **Slagoffer/oortreder bemiddelingsprogram van die tagtigerjare**

Ondanks die feit dat die Weisser Ring restitusiemodel in 1977 gevestig is, was restitusie wat die strafreg en regspleging aanbetref, 'n feitlik ongebruikte term in Duitsland, selfs op die vakgebied van Viktimologie wat omtrent dieselfde tydperk in Duitsland gevestig is. Hierdie toedrag van sake het egter verander in die beginjare toe konflikbyleggings en hantering, restitusie en bemiddeling, 'n baie belangrike rol in die Duitse straf en kriminologiese beleid gespeel het. Die redes hiervoor word volgens Kerner (1991:481) as volg aangegee:

* *twyfel oor die effektiwiteit van straf in die*

algemeen, en gevangenisstraf in die besonder het ontstaan

* *konflikhantering is toenemend gesien as die hooftaak van die strafregsplegingstel*

* *slagofferbystandsprogramme is gevestig om sodoende meer aandag aan die slagoffer van misdaad te gee*

* *'n groot getal rondreisende maatskaplike dienste- en opvoedkundige programme vir jeugoortreders is geskep.*

Die term slagoffer/oortreder- bemiddeling of mediasie, verwys dus na alle programme wat daarna streef om 'n ooreenkoms tussen die twee partye te bereik en om konflik in probleemgebiede uit te stryk.

Dit is die taak van die bemiddelaar om individuele gesprekke met beide oortreder en slagoffer te voer en ook ontmoetings tussen slagoffer en oortreder te reël. Tydens hierdie ontmoetings word die misdaad, gevolge van die misdaad en oplossingstrategieë ten opsigte van afwending met beide partye bespreek.

5.7.4.4 **Slagoffer/oortreder versoeningsprojek** - 1985

Die eerste slagoffer/oortreder versoeningsprojek (victim/offender

reconciliation), hierna genoem VOR, is ingestel om te dien as modelprojek vir jeugoortreders.

In 1985, is die eerste van die VOR projekte in Braunschweig op die been gebring, met soortgelyke projekte in Reutlingen en Tubingen (1985); Kolner (1986) en die projekte in Munchen en Lanshut (1987). As toevoeging tot hierdie modelprojekte, is daar ook soortgelyke projekte met meer as een jaar se praktiese ervaring in dorpe soos Aachen, Alfeld, Bremen, Biekefeld en Angsburg op die been gebring. (Schoch, 1991:460)

Die VOR in Bremen word deur 'n slagofferbystandstigting ondersteun. Hierdie spesifieke projek bied bystand aan slagoffers sowel as getuies deur 'n verskeidenheid professionele persone waaronder prokureurs, sielkundiges, en maatskaplike werkers.

5.7.4.5 **Generasie-bemiddelingsmodelle** - 1986

Die eerste generasie-bemiddelingsmodel, in die Federale Republiek van Duitsland, is aan die begin van 1986 na deeglike navorsing die lig laat sien. Die Duitse ondertoesigstelling en Paroolvereniging (Deutsche Bewahrungshilfe - DBH) en die Duitse vereniging van jeughowe en jeugbystandsprojekte (Deutsche Vereinigung fur Jugendgerichte und Jugendgerichtshilfen (DVJJ), het in hierdie verband die rol van organiseerder op die volgende wyse gespeel:

* *die stigting van werksgroepe wat ten doel het om die slagoffer van hulp te wees ten einde restitusie by die oortreder te bekom, is bepaal*

* *besprekingsplatforms is georganiseer vir deskundiges op strafgebiede*

* *bemiddelingsprojekte is op die been gebring.* (Inligting, Max Planck Instituut:1993)

5.7.5 **Keuring van geskikte gevalle vir restitusie**

Kriteria vir keuring van geskikte gevalle vir restitusie oorwegings is die volgende:

* *die oortreder moet begrip toon vir die straf wat die gevolg is van sy misdaad. Die oortreder moet die aard en erns van die misdryf besef en bewus wees dat sy skuldigbevinding op bewese ondersoeke en feite geskoei is*

* *die slagoffer moet 'n natuurlike persoon en nie 'n regspersoon wees nie*

* *beide die slagoffer en die oortreder moet geneë wees om deel te hê aan so 'n projek en*

hulle ook bereid verklaar om deur onderhandelinge 'n skikking te bewerkstellig. Indien hierdie mediasiepogings tussen slagoffer en oortreder nie slaag nie, neem die reg sy normale loop.
(Schoch, 1991:46)

5.7.6 **Praktiese funksionering van slagoffervergoedingsmodelle in die Federale Republiek van Duitsland**

By die praktiese implimentering van alle slagoffervergoedings modelle in Duitsland, is daar nege basiese punte waarvolgens gehandel moet word:

* ten eerste word daar kontak gemaak met die oortreder deur die bemiddelaar. Indien die oortreder hom nie bereid verklaar om deel te hê aan die projek nie, word die slagoffer nie genader nie ten einde verdere teleurstelling by die slagoffer te voorkom

* indien die oortreder hom bereid verklaar om deel te hê aan die projek, word die slagoffer gekontak en 'n afspraak gemaak

* 'n persoonlike ontmoeting tussen oortreder en slagoffer kan gereël word met 'n bemiddelaar wat 'n regsgeleerde is, as voorsittende be-

ampte

* die skikkingsooreenkoms moet so omvattend as moontlik opgestel word. Hierdie ooreenkoms kan materiële en/of nie-materiële skadevergoeding en vrywaring bevat

* indien die oortreder hom nie bereid verklaar om deel te hê aan 'n slagoffervergoedingsprojek nie, of indien 'n skikkingsooreenkoms nie bereik kan word nie, word 'n restitusiebedrag deur die hof vasgestel

* al hierdie projekte, het 'n slagofferbystandsfonds wat dit vir die oortreder moontlik maak om deur hierdie fonds hul slagoffer te vergoed. Hierdie slagofferfonds maak voorsiening vir 'n minimale kompensasiebedrag van D.M.500 en 'n maksimum van D.M.10,000 wat deur donateurs en afkoopboetes gefinansier word

* indien 'n oortreder nie by magte is om materiële skadevergoeding te betaal nie, word die slagoffer uit die fonds betaal waarna die oortreder dit teen 'n klein tarief moet terugbetaal

* Indien die oortreder in gebreke bly om die slagoffer te vergoed, kan die oortreder werk of diens verrig in 'n staatsorganisasie.

Van bogenoemde fonds word nie ruim gebruik van gemaak nie, dog word dit as 'n onontbeerlike skakel in die hele restitusieproses gesien omdat restitusie in baie gevalle nie betaal kan word sonder bydraes uit hierdie fonds nie. (Schoch, 1991:446 en Inligting, Max-Planck Instituut:1993)

5.7.7 **Bevindings betreffende restitusiemodelle in Duitsland**

Navorsing van die Max-Planck Instituut te Freiburg Breusgau oor die vatbaarheid, geskiktheid en suksesgraad van alle restitusiemodelle het 'n verrassende en positiewe prentjie getoon. (Inligting, Max-Planck Instituut,:1993)

* *81-92% van slagoffers wat deel gehad het aan bemiddelingsprojekte en -modelle ten einde restitusie te bewerkstellig, het hieraan vrywilliglik en in volle samewerking met die projekpersoneel deelgeneem.*
  Wat hierdie tendens nog meer verblydend maak, is dat hierdie hoë persentasie, selfs nog laer was as die persentasie oortreders wat bereid was om deel te hê aan die restitusieprojek.

* *65% van die slagoffers van alle restitusieprojekte was of oorwegend of ten volle tevrede met die restitusiemodel waaraan hulle deel gehad het*

* *79.1% was ten volle tevrede met die bemiddelings-assistent*

* *61.1% sal moontlik of beslis gewillig wees om weer aan so 'n restitusieprojek deel te neem*

* *betreffende die VOR-projek, word dit deur sowel oortreder as slagoffer aanvaar wat terselfdertyd tot 'n verbetering in die verhouding tussen slagoffer en oortreder lei en 'n suksessyfer van 75% toon.*

5.8 SLAGOFFERVERGOEDINGSPROGRAMME IN SPANJE

5.8.1 Inleiding

Politieke veranderinge in Spanje in 1975 waartydens die outoritêre regering van Generaal Franco moes plek maak vir 'n demokratiese regering, het terselfdertyd die weg gebaan vir die totstandkoming van slagofferkunde as wetenskap in Spanje.

Daar is reeds in 1973 'n begin gemaak om data oor slagoffers van misdaad te versamel. Een van die mees latente terreine in slagofferkunde, naamlik geweld wat teen die vrou gerig is soos fisiese- en seksuele aanranding, word in Spanje aangespreek en ondersoek.

5.8.2 **Staatkundige Struktuur**

Die fundamentele regte wat vanaf 1939-1979 deel uitgemaak het van die Spaanse Regsisteem, is op 29 Desember 1978 vervang met 'n nuwe konstitusie wat Spanje beskryf as:- 'n konstitusionele monargie met demokrasie as basis; 'n land wat respek het vir sy regstelsel; en 'n land wat 'n mededingende ekonomie het.
Die koning is hoof van die staat, sowel as van die gewapende magte.

5.8.3 **Hofstruktuur**

Die Hooggeregshof wat jurisdiksie het oor die hele land, is die finale arbiter in elke regsaspek behalwe sake aangaande die konstitusie wat verwys word na die Konstitusionele Regsbank.

Die president van die Hooggeregshof word voorgestel deur die *" Consejo General del Poder Judicial "* (Algemene Raadslid insake Wetlike Gesag) en aangestel deur die koning. Die hooggeregshof is uit ses howe saamgestel:

- die siviele hof
- die strafhof
- drie howe vir administratiewe wetgewing
- een hof vir sosiale en arbeidsake.

(Inligting, Spaanse Ambassade Kaapstad:1994)

Die Nasionale Hoër hof wat ook jurisdiksie oor die hele land het,

is aanvullend tot die Hooggeregshof en die Territoriale Hoër howe.

Die Territoriale Hoër howe is geleë in Spanje se vyftien regsdistrikte. Elke hof het 'n kriminele en siviele regsbank soos ook elk van die Provinsiale Hoër howe. (Encyclopedia, 1986:13)

Die Regsplegingsproses in Spanje maak dit vir die slagoffer moontlik om toe te tree tot die strafregsplegingsproses deur middel van 'n siviele-eisprosedure wat by die strafprosesreg gevoeg word. (Inligting, Spaanse Ambassade Kaapstad:1994)

Soos in die geval in baie ander lande, is diefstal bo-aan die lys van misdade in Spanje - tewens twee uit elke drie misdade is diefstal en omdat Spanje nie oor 'n formele kompensasiestelsel beskik nie, is die slagoffers in die meeste gevalle sonder staatsbeskerming.

In 'n privaat gesprek van navorser met Munoz-seca, 'n Spaanse regsadviseur, (Oktober 1993), blyk dit dat ondanks die feit dat daar geen geskrewe dokumentasie beskikbaar is oor restitusiemodelle nie, restitusie wel op beperkte skaal in Spaanse wetgewing toegepas word, veral deur die polisie wat as bemiddelaar optree.

Omdat die oortreder tradisioneel in Spanje nie oor die finansiële middele beskik om die slagoffer van misdaad te vergoed nie, word weinig slagoffers deur die oortreders vergoed. 'n

Oortreder wat nie oor genoegsame fondse beskik om sodanige restitusiebevele na te kom nie, word deur die Spaanse howe insolvent verklaar. Geregtelike beslissings stel egter die polisie in staat om gesteelde artikels wat teruggevind is of enige ander bydrae wat die oortreder kon maak, aan die slagoffer te oorhandig. (Serrano Gomez, 1991:257 en Gesprek met Munoz Seca, Oktober:1993)

In die 1989-jaarverslag van die Outeur-Generaal word die Spaanse Regsadministrasie aangespreek oor hul onvermoë om toe te sien dat die vergoeding wat in die vonnisoplegging vervat is, ten uitvoer gebring word. (Annual Report, 1989:78i)

5.8.4 **Vergoeding aan die slagoffers van terrorisme**

Vergoeding aan die slagoffers van terrorisme in Spanje is volgens Serrano Gomez (1991:256), die enigste slagoffers van misdaad wat verseker is van vergoeding.

Huidige wetgewing in hierdie verband is vervat in die Royal Decree 1311, Oktober 28, 1988 wat vergoeding aan die slagoffers van terrorisme deur die oortreder wettig en selfs verpligtend maak. Vanuit 'n restitusieoogpunt is drie artikels in hierdie wetgewing van belang:

* Artikel 1 spreek die konsep en omvang van vergoeding aan van slagoffers wat fisiese beserings as gevolg van hierdie tipe misdaad gely het

* Artikel 2 handel oor persone wat geregtig is op vergoeding, maar sluit ook diegene in wat geregtig is op " onderhandelingsvergoeding ", by-voorbeeld die eggenoot/eggenote en kinders van die slagoffer.
  In die geval waar die slagoffer nie 'n gesin het nie, sluit vergoeding onder Artikel 2, ook die slagoffer se ouers, broers, susters en selfs ander familielede in

* Artikel 3 spreek die kriteria aan waarvolgens die vergoedingsbedrag bereken moet word. Hierdie bedrag varieer ooreenkomstig die graad van besering en die vermoë van die slagoffer om weer 'n beroep te be-oefen
  (Serrano Gomez, 1991:263-264)

Die terroriste organisasie wat vanuit die Baskiese Streek in Spanje opereeer, ETA (Euzkadi ta Azkatasuna), is verantwoordelik vir byna alle terroriste aanvalle. Alhoewel hierdie organisasie net aan ontvoerings en lospryse alleen ongeveer $60miljoen verdien, is daar tot en met die gesprek met Munoz-seca, (Oktober:1994) nog geen restitusie gemaak deur die oortreders aan die slagoffers nie en word restitusie vanuit 'n sentrale slagofferfonds gedoen.

5.8.5 **Hindernisse en beperkings in Spaanse wetgewing betreffende restitusie**

Die Spaanse Strafkode verswak kriminele aanspreeklikheid wat gebaseer is op die omstandigheid van spontane heroorweging.

In Artikel 9.9 van die Royal Decree 1311, word bepaal dat versagtende omstandighede behels dat:

> " *The guilty party having proceeded, prior to initiation of judical proceedings and owing, to spontaneous remorse, to repair or diminish the effects of the crime, and to offer the offended party satisfaction or to confess his violation to the authorities* ".
> (Serrano Gomez, 1991:260)

Die inhoud van bogenoemde artikel verswak egter ook die posisie van die slagoffer om restitusie te bekom omdat:

* *restitusie net toegestaan kan word indien dit voorafgegaan word deur middel van 'n regter se toetrede tot hierdie proses van straftoemeting*

* *strafoplegging volle vergoeding eis, en dit in die meeste gevalle onmoontlik is om restitusie te bewerkstellig wat tot gevolg het dat die*

slagoffer geen vergoeding hoegenaamd ontvang nie

* *wat die oplegging en uitbetaling van restitusie verder bemoeilik is dat wat diefstal aanbetref, meer as die helfte nie aangemeld word nie en selfs waar finansiële skade deur die slagoffer gely is, word slegs 1 uit elke 50-60 gevalle aangemeld.*
  Dit is dus duidelik dat slagoffers van diefstal in minder as 1% van alle gevalle vergoed word. (Gesprek met Munoz-seca, 1994 en Serrano Gomez, 1991:261)

5.8.6 **Evaluering van die Spaanse vergoedingstelsel**

In die loop van hierdie navorsing oor restitusieprogramme aan slagoffers in Spanje, het navorser dit moeilik gevind om data betreffende die slagoffer van misdaad en vergoeding aan die slagoffer van misdaad in Spanje, te bekom. Drie moontlke redes hiervoor het na vore gekom naamlik:

* 'n onwilligheid om die probleem aan te spreek en volgens navorser 'n mate van onverskilligheid teenoor hierdie hele probleem rondom slagoffervergoeding aan die kant van die howe en polisie

* 'n teenstrydigheid of 'n wanverhouding tussen die

polisie se statistiek en díe van die howe - wat tot gevolg gehad het dat navorser dit nie kon gebruik nie

* die gebrek aan vertroue aan die kant van die Spaanse publiek in die regsplegingsproses as 'n geheel.

Hierdie wantroue in die effektiwiteit en geloofwaardigheid van die regsplegingsproses, het reeds veroorsaak dat slagoffers al hoe meer versuim om misdaad aan te meld en daarmee gepaardgaande dus restitusie verbeur.

Bogemelde in ag geneem, voel navorser dat daar regverdiging bestaan vir die vermelding van hierdie hele probleem rondom restitusie in Spanje omrede:

* restitusie aan die slagoffer wel deur die Spaanse Strafkode Artikel 101, erken word

* die studie van slagofferkunde by monde van Garrido (1991:96), 'n heeltemal nuwe " ver-skynsel " in Spanje is wat tans akademiese debat stimuleer

* slagofferbystandsprogramme wat in al die groot stede in Spanje (Barcelona, Alicante, Valencia en Madrid) verrys, volgens navorser die besliste

voorloper vir restitusie in al sy effektiwiteit is.

Die emosionele- en regsondersteuning wat slagoffers in hierdie programme kry, se volgende mikpunt kan niks anders wees as totale hulp aan die slagoffer in die vorm van restitusie nie.

5.9 **RESTITUSIESTELSELS IN FRANKRYK**

5.9.1 **Inleiding**

Die ontwikkeling in Viktimologie wat in die laat vyftiger- en vroeë sestigerjare in die Anglo-Saksiese lande plaasgevind het, het ook 'n invloed op die wetlike regte van slagoffers van misdaad in Frankryk gehad.

Die Franse Wetgewende vergadering het voor die vestiging van 'n vergoedingstelsel aan slagoffers, eers die gemeenskap betrek en vandaar het die funksionering van die stelsel begin. Die verslag van die Council of Europe (1978:37), stel dit dat die bedoeling was:

> " *that the community as a whole shall accept an obligation towards the victim of offences which endanger life or physical well-being* ".

5.9.2 **Hofstrukture**

In Frankryk is daar twee vorme van jurisdiksie:

* die regterlike mag waar regters sake verhoor tussen privaat persone en sake betreffende oortredings van die strafreg

* 'n administratiewe regsisteem wat verantwoordelik is vir die verrekening van regsgedinge tussen publieke partye soos die staat, plaaslike regerings, publieke instellings sowel as tussen individue. (Inligting: Franse Ammbassade, Kaapstad: 1994)

Betreffende siviele sake, word daar onderskei tussen Hoër howe (grande instance), en Laer Howe (tribunaux d'instance). Wat strafregtelike sake betref, is daar die " *tribunaux correctionels* " en " *tribunaux de police* " wat geringer oortredinge behartig. Die uitslag van hierdie howe kan verder verwys word na 35 Appèlhowe. (Inligting: Franse Ambassade, Kaapstad:1994)

Al bogenoemde howe staan egter onder beheer van die " *Cour de Cassation* " (Court of Cassation), wat ook verteenwoordigend is vir die gespesialiseerde professionele howe soos byvoorbeeld howe vir industriële konsiliasie en krygshowe.

Daar is meer as 5 000 regters wat op die grondslag van

mededingende eksaminering vir bogemelde howe gekies word. Binne hierdie elite groep word daar ook 'n tradisionele onderskeid gemaak tussen die " magistrats du siège " - verhoorregters en "magistrats de parquet " - openbare aanklaers) (Inligting, Kaapstad:1994)

5.9.3 **Slagoffer-gebaseerde veranderinge in Frankryk sedert 1982**

Tot en met 1982, was daar geen werklike bystand aan die slagoffer van misdaad in Frankryk nie. Die rede hiervoor kan gevind word in die Franse strafkode.

Volgens die Strafproseswet, wet 40 van 1989, art. 40, staan die Franse wetgewing betreffende slagoffers in sterk kontras met die Duitse wetgewende stelsel. In die Duitse reg geld die beginsel van *wetlikheid en geldigheid,* terwyl in Franse wetgewing die beginsel van *diskresionêre vervolging* geld. (Criminal Procedure Act 1989:40 en Ministère de la Justice, 1989:41)

Die slagoffer van misdaad kan in die Franse wetgewing deur middel van die " *action Civile* ", 'n offisiële klag instel. In Junie 1982, het Professor Milliez, (Mèrigeau, 1991:241), 'n verslag opgestel wat die situasie waarbinne die slagoffer verkeer, uiteensit. Hierdie verslag het nie alleen die onbenydenswaardige posisie van die slagoffer uitgelig nie, maar ook daartoe gelei dat die Minister van Justisie 'n werksgroep saamgestel het (wat bekend gestaan het as slagoffer-hulporganisasies) ten einde

hierdie probleem aan te spreek. Meer as 120 van hierdie organisasies het dan ook binne die laaste paar jaar geregistreer om behulpsaam te wees met slagofferbystandsprogramme.

In 1987, het hierdie slagoffer- hulporganisasies 'n totaal van 30 000 slagoffers gehanteer. Die take wat hierdie organisasies moes verrig sluit die volgende in:

* *inligtingverskaffing aan die slagoffer betreffende alle sake wat op die slagoffer betrekking het*

* *regshulp, sielkundige hulp en materiële ondersteuning*

* *reël van ontmoetings tussen oortreder en slagoffer*

* *restitusie*

* *hulp aan oortreders om verdere residivisme te voorkom.*
  (Mèrigeau, 1991:242)

5.9.4 **Voorwaardes waaronder restitusie toegeken word**

5.9.4.1 **Die rol van restitusie by vonnisoplegging**

Die omvang van die skade wat die slagoffer gely het, asook die pogings wat die oortreder aanwend om die slagoffer se skade te

vergoed, word in oorweging geneem in die verhoor wanneer die omvang van die vonnis oorweeg word.

Die Strafproseswet, wet 40 van 1989, art. 40, bepaal in hierdie verband dat die beserings of verlies die gevolg moet wees:

> " *from wilful or involuntary acts which have the material features of an offence* ".
> (Report Council of Europe, 1987:37 en Rajan, 1981:32)

Die restitusiekonsep is in 1982, in wetlike voorstelle as volg vervat:

> " *in relation to assessing the extend of punishment, the circumstances of the offence, personality and motives of the offender, and his behaviour after the offence was committed, are taken into account by the court* ".
> (Mèrigeau, 1991:245)

5.9.4.2 **Restitusie as 'n vereiste vir die herroeping van 'n vonnis**

Artikel 469-3 van die Franse Strafwet, (Ministère de la Justice, 1989:41), bepaal in hierdie geval die volgende:

> * *in verhouding met die aanvanklike verhoor na die bepaling van skuld, word die omvang van*

skade vir doeleindes van restitusie bepaal. Die hof gaan dus voort met die oplê van die gepaste vonnis

* *indien die oortreder toestem tot die voorwaardes van restitusie, kan die vonnis herroep word.*

5.9.4.3 **Restitusie binne die konteks van ondertoesigstelling**

Die hof kan 'n vonnis opskort ten gunste van ondertoesigstelling. Dit kan twee vorme aanneem naamlik 'n algehele en 'n spesiale opskorting. Volgens Artikel 739, van die Strafproseswet (Ministère de la Justice, 1989:49), kan skadevergoeding aan die oortreder opgelê word in die vorm van finansiële vergoeding aan die slagoffer.

5.9.4.4 **Restitusie en Gevangenisstraf**

Volgens Artikel D113, het die slagoffer 'n reg tot vergoeding van 10% van die salaris van die gevangene. Hiervolgens moet die aanklaer die gevangenisowerheid in kennis stel van die restitusie wat afgetrek moet word van die salaris van die gevangene. (Merigeau, 1991:246 en Ministère de la Justice, 1989:50)

Sedert die instelling van 'n slagoffer-georiënteerde beleid in Frankryk meer as 10 jaar gelede, is reeds groot vordering op hierdie gebied gemaak. Navorser vind dit egter jammer dat geen

statistieke oor die effektiwiteit al dan nie, van hierdie slagoffer-restitusieprogramme wat bespreek is, bekom kan word nie.

Inligting wat navorser ontvang het (Franse Ambassade, Kaapstad: 1994), dui egter daarop dat 'n mylpaal in slagoffer-gebaseerde beleid op 1 Januarie 1991 bereik is met die inwerkingstelling van die Reform Act. Die doel van die Reform Act is om die beperkinge in slagoffer vergoeding (wat gekenmerk is deur kompensasie van die staat) uit te brei en in sommige gevalle heeltemal te laat vervang deur restitusie wat aan die oortreder van misdaad bestel word.

Inligting oor hierdie nuwe Reform Act van 1 Januarie 1991, kon egter geen statistiese gegewens aan navorser lewer nie.

5.10 **RESTITUSIE IN GRIEKELAND**

5.10.1 **Inleiding**

Volgens Johnson, (1983:298), ontwikkel Viktimologie as vakgebied in Griekeland baie vinniger as Kriminologie waaruit hy sy ontstaan te danke het.

Reeds gedurende die laat 19e eeu, is boeke oor sowel Kriminologie as Penologie in Griekeland gepubliseer. Hierdie publikasies in die laat 19e eeu, was sy tyd so ver vooruit dat die

publikasiedatum feitlik gelyktydig plaasgevind het met die benaming " Kriminologie " deur die Franse antropoloog Topinard (1879); en die vader van Kriminologie die Italianer Garafalo (1855). (Spinellis,1991:125)

5.10.2 **Staatkundige struktuur**

Die Griekse politieke geskiedenis in die twintigste eeu word gekenmerk deur burgeroorlog, militêre staatsgrepe en nasionale noodtoestande.

Die konstitusie wat in 1975 ingestel is na 'n periode waartydens 'n militêre reg aan bewind was, (1967-1974), verklaar Griekeland as 'n parlementêre republiek. Die president as staatshoof van die land wys 'n eerste minister aan wat die meeste gesag in die land dra en die leier is van die meerderheidsparty. (Encyclopedia,1986:372)

5.10.3 **Hofstruktuur**

Die Hooggeregshof, die Staatsraad en die Comptroller's Raad, is die drie belangrikste howe in Griekeland.

Appèlhowe sorteer onder Hooggeregshowe en het jurisdiksie in kriminele- sowel as siviele sake van 'n laer graad. Dieselfde prosedures word in Griekse howe gevolg as diè van Franse howe: - 'n Ondersoekbeampte gaan die bewyse na en ondervra ooggetuies. Indien hy sou besluit dat daar 'n prima facie saak bestaan, word

die saak na die openbare aanklaer verwys wat besluit of 'n klag al dan nie, gelê moet word.

Regters van die hoërhowe word lewenslank aangestel terwyl ander vir 'n periode van 5 jaar verkies word. (Encyclopedia, 1986:373)

5.10.4 **Vergoeding aan die slagoffer in Griekeland**

Die Griekse Strafkode sowel as die Kode vir Strafprosedures wat sedert Januarie 1951 in werking is, maak voorsiening vir die fundamentele regte van beide die oortreder en slagoffer van 'n misdaad. Terselfdertyd funksioneer die strafreg as 'n stel reëls wat daargestel word om beskerming te verleen aan die persoon wat 'n slagoffer van misdaad geword het. (Spinellis, 1991:129)

Die invloed van Internasionale organisasies soos die Verenigde Nasies en die Raad van Europa (Council of Europe), wat gemoeid is met die ontwikkeling van Viktimologie in Griekeland, stel dit duideliker deur middel van die verslag van die Council of Europe (1978:42)

> " *Greek Law makes provisions for various indirect means of including an offender to make good the damage he has caused* ".

Volgens Spinellis (1991:127-130), het beide die Griekse Strafkode en die Kode vir Strafprosedures dieselfde bepalings nl:

* *anders as in die verlede waar staatskompensasie die enigste vorm van vergoeding aan die slagoffer was, word daar tans meer gekyk na restitusie waar die slagoffer deur die oortreder vergoed word* (Artikel 77, 100, 106 en 84)

* *die verhouding of bloedverwantskap tussen oortreder en slagoffer kan die materiële wesenlikheid van bystand beïnvloed*

* *die voorrang wat restitusie teenoor ander straf-vorme beklee, moet vasgestel word.*
Volgens Artikel 77PC, moet indien finansiële vergoeding en restitusie opgelê word en die oortreder nie finansieel daartoe instaat is om beide verpligtinge na te kom nie resti-tusie in so 'n geval voorrang bo 'n blote finansiële vergoeding geniet

* *volgens Artikel 66, moet restitusie as 'n voorwaarde gestel word vir die rehabilita-sie van die oortreder*

* *omdat restitusie selde ten volle vergoeding aan die slagoffer beteken, bepaal*
Artikel 100 1PC, dat, indien die oortreder hom bereid verklaar om die slagoffer te vergoed in soverre die oortreder by magte

is om dit te kan doen, restitusie wel volvoer is

* *die feit dat restitusie wat nie ten volle bygelê kan word nie, tog nog as restitusie aan die slagoffer erken word, lê klem op die feit dat restitusie in Griekeland aangewend word om die slagoffer van hulp te wees, maar ook as 'n rehabilitasiegedagte vir die oortreder.*

5.10.5 **Probleme waarmee die slagoffer in Griekeland te kampe het**

Probleme wat die slagoffer in Griekeland ondervind, blyk probleme met die Griekse Howe self te wees.

Navorser se navrae by die Griekse Ambassade. (Kaapstad:1994), het die feit na vore gebring dat die hele proses van strafregspleging in Griekeland deurloop moet word indien die slagoffer restitusie wil ontvang. Dit blyk 'n groot leemte in die Griekse vergoedingstelsel te wees. Navorser voel in hierdie verband dat afwending in Griekeland aangewend behoort te word waar dit nie nodig is om die hele regsproses te deurloop nie, en dat mediasie met byvoorbeeld die polisie as bemiddelaar meer dikwels aangewend behoort te word.

Van die probleme wat slagoffers mee te kampe het betreffende hul

aansoek om vergoeding in die Griekse Howe is:

* *'n oorlaaide regsisteem en howe, maak dit 'n tydrowende proses ten einde net 'n versoek tot restitusie te kan rig*

* *'n siviele geding is 'n duur en tydrowende proses wat nie alleen tyd en geld van die slagoffer vereis nie, maar ook moed, omdat die slagoffer van aangesig tot aangesig met die oortreder in die hof in aanraking moet kom*

* *indien die slagoffer aanspraak maak op restitusie, vereis die strafhowe dat 'n minimum bedrag wat bepaal word in die Kode vir Strafprosedures aangevra mag word.*
(Spinellis, 1991:133)

Die regte van die slagoffer wat in die Griekse reg erken word, bied aan die slagoffer wat bereid is om die hele pad in die regsprosedure te loop, die geleentheid om 'n materiële (restitusie); en 'n nie-materiële (skuldigbevinding van oortreder), bevrediging te kry.

Die feit dat restitusie wat nie ten volle bygelê kan word nie nog as restitusie gereken word, wys daarop dat restitusie - anders as baie ander strafvorme, die oortreder sowel as die slagoffer

akkommodeer. In hierdie gemelde geval verkry die slagoffer tog 'n gedeelte van die restitusie en word daar aan die ander kant 'n sin vir verantwoordelikheid by die oortreder gelê waar 'n vergoedingsbevel as rehabilitasie oogmerk aangespreek word.

5.11 **SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die groeiende bewustheid wat daar in Europa bestaan dat die slagoffer van misdaad, met sy eiesoortige probleme, hulp in die vorm van restitusie, kompensasie en psigologiese bystand moet ontvang.

Ondanks die feit dat die Council of Europe uit verskeie lidlande bestaan, is daar nog geen eenvormige restitusiestelsel in Europa nie. Navorser beskou dit egter nie as hinderlik nie, omdat elke land in Europa 'n eie kultuur nastreef met eiesoortige probleme wat die beste geakkommodeer kan word deur 'n restitusiestelsel wat eiesoortig is aan daardie spesifieke land.

HOOFSTUK 6

RESTITUSIE AS VERGOEDINGSBEVEL IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

6.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor restitusie as vergoedingsbevel aan slagoffers van misdaad soos toegepas in die Verenigde State van Amerika. Restitusie het as vergoedingsbevel in die Verenigde State van Amerika van krag geword toe die Victims Rights Movement in 1970 die weg gebaan het vir die realisering van slagoffervergoeding in die praktyk.

Die Minnesota Restitusieprogram was die eerste program waarbinne die beginsels van slagoffervergoeding in die algemeen gerealiseer het en restitusiebevele in die besonder momentum gekry het. Díe ontwikkeling het gedurende 1972 plaasgevind en was die aansporing vir ander state om met soortgelyke programme na vore te tree. Die proses het sodanig ontwikkel dat Amerika vandag bekend staan as die land wat die meeste restitusieprogramme aanbied.

6.2 DIE REGSPLEGINGSTELSEL VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

6.2.1 Inleiding

Daar is ongeveer 80 000 plaaslike regerings in die Verenigde State van Amerika, plus 51 staatsregerings en dan ook die Nasionale Regering. (Inligting, Amerikaanse Ambassade, Kaapstad:1994)
Die Anglo-Amerikaanse Regsfamilie bedien die Amerikaanse Regsplegingstelsel.

6.2.2 Struktuur en stelsels van die Reg

Hoewel daar in die Amerikaanse Reg 'n duidelike onderskeid getref word tussen die reg met betrekking tot afsonderlike state (state laws), en die reg met betrekking tot die sentrale owerheid (federal law) word die Verenigde State van Amerika as 'n oorkoepelende Federale Burokrasie gesien. Hierdie Federale Burokrasie kan verder onderverdeel word in:

* **Kabinetsdepartemente**

  Daar bestaan veertien kabinetsdepartemente wat as volg saamgestel is:

  * 'n Sekretaris wat deur die president aangewys is

* ondersekretarisse

* assistent-sekretarisse

Die basiese funksie van die kabinetsdepartemente is om wetgewing uit te voer en toe te pas.

* **Federale Verteenwoordigers**

'n Enkele Administrateur staan aan die hoof van die Federale Verteenwoordigers. Die hoofdoel van hierdie Federale Verteenwoordigers is die uitvoering van 'n enkele hoogskomplekse funksie wat meer polities as administratief van aard is, (byvoorbeeld die United State Information Agency (USIA) en die National Aeronautics and Space Administration (NASA (Roskin e.a. 1991:316)

6.3 **HOWESTRUKTUUR**

Die Verenigde State van Amerika se howesisteem is uniek in die opsig dat dit uit 51 regterlike strukture bestaan, naamlik die nasionale stelsel wat ook die federale howe en 51 staatsstelsels bevat.

Omdat die federale stelsels die staatsstelsels oorvleuel, kan daar verwarring ontstaan. Van Zyl (1981:206), wys hierop dat

onafhanklik van die uitvoerende en wetgewende liggaam, staan die geregtelike vertakking van die federale regering.

6.3.1 **Federale Howe**

Federale Howe in die Verenigde State van Amerika, verhoor sake waarvan die uitgang diè van staatswet behels, maar waar die partye by die regsgeding, inwoners van verskillende state is; - die sogenaamde "variëteit-jurisdiksie ". (Roskin e.a. 1991:342)

Hofsake betreffende die aanwending en toepassing van federale wette, val ook in die werksveld van die hofstelsel. Die federale howe in Amerika kan verder onderverdeel word in distrikshowe, howe van appèl en hooggeregshowe.

6.3.2 **Die Nasionale Howestruktuur**

6.3.2.1 **Federale distrikshowe**

Die Federale distrikshowe vorm die grondslag van die nasionale howesisteem. Die Amerikaanse Wetgewende liggaam het die land vir hierdie doel in 94 federale distrikshowe verdeel wat werk verskaf aan meer as 500 regters. (Amerikaanse Ambassade:1994, en Roskin e.a.1991:342)

Die Distrikshof is 'n ondersoek- en verhoorhof wat 'n wye verskeidenheid sake aanhoor en wat bevoegdheid het betreffende algemene en siviele sake asook strafjurisdiksie.

6.3.2.2 **Appèlhowe**

Uitsprake van die Federale distrikshowe kan verwys word na 'n Appèlhof. Daar is 13 Appèlhowe wat gelei word deur 132 regters. Elke Appèlhof bestaan uit drie of meer regters en argumente word deur 'n paneel van drie regters aangehoor. (Inligting, Amerikaanse Ambasssade Kaapstad: 1994)

Soos wat die geval is in die meeste ander lande, is die taak van die Appèlhof nie om die fèite van die betrokke saak te bevraagteken en te ondersoek nie, maar slegs om in oorweging te neem of die wet betreffende die betrokke saak nie dalk swak geïnterpreteer of verkeerd toegepas is nie.

6.3.2.3 **Hooggeregshowe**

Aan die hoof van die Federale howesisteem, staan die Hooggeregshof wat uit een hoofregter en agt mede-regters bestaan. Soos die Appèlhof, is die Hooggeregshof nie 'n hof vir algemene sake nie en toestemming om 'n saak aan te hoor word gewoonlik net toegestaan indien 'n saak 'n selfstandige konstitusionele vraag, 'n ooreenkoms of betekenisvolle punt van federale reg behels. (Roskin e.a. 1991:342)

6.3.2.4 **Staatshowesisteem** (stelsels binne afsonderlike state)

Elk van die 51 state handhaaf en opereer sy eie hofsisteem. Volgens Van Zyl (1981:208), funksioneer die staatshowe op drie

vlakke: naamlik hooggeregshowe, distrikshowe en laerhowe.

Ongeveer 90% van die land se sake word in die Staathowe aangehoor. Meeste van die gevalle is siviel van aard. Hoewel Staatshowe gewoonlik op distriksvlak funksioneer, kan dit ook voorsiening maak dat yl-verspreide plattelandse gebiede deur 'n enkele Staatshof gehanteer word. Strafverhore vind gewoonlik plaas voor een regter en tien of meer jurielede. Strafsake wat aangehoor word, het meestal boete- en kortermyngevangennisstraf tot gevolg. (Inligting, Amerikaanse Ambassade Kaapstad:1994)

6.4 **REGTERS**

Regters in die Verenigde State van Amerika bestaan uit federale regters en staats- regters.

* **Federale regters** word vir die federale regsbank deur die president genomineer en word aangestel met die raad en goedkeuring van die Senaat.
  Federale regtes beklee hul posisie lewenslank wat daarop neerkom dat slegs skuldigbevinding aan 'n misdaad, hul van hul posisie kan ont-troon.

* **Staatsregters** word oor die algemeen vanweë hul populariteit gekies vir termyne tot en met 14 jaar.
  (Inligting, Amerikaanse Ambassade Kaapstad:1994)

6.5. HISTORIESE ONTWIKKELING VAN RESTITUSIE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

6.5.1 Agtergrond

Vir dekades het juriste en penoloë in die Verenigde State van Amerika geglo dat die enigste manier waarop oortreders hanteer moes word, moes geskied deur middel van gevangesetting in die een of ander inrigting wat vir die doel ontwerp is. Hierdie beheptheid met gevangesetting is oorspronklik deur die Kwakers van Philidelphia van stapel gestuur. Ten spyte van die haglike toestande van diè verbeteringsinrigtings, asook die byna onmenslike wyse waarop oortreders aangehou en oënskynlik gerehabiliteer is, is daar tog volgens inligting deur die American Bar Association (Section Crim. Justice) (1994), aandag gegee aan die slagoffer as benadeelde party.

Navorser is egter van mening dat hierdie belangstelling in die misdaadslagoffer nie soseer Penologies van aard was nie, maar eerder geskoei was op die waardesisteem wat die Kwakers aangehang het. Volgens hierdie waardesisteem, moet daar 'n balans gevind word in die regstelling van dít wat verkeerd gegaan het, en om dit te bereik, moet daar na alle aspekte van elke saak gekyk word.

In hierdie verbeteringsinrigtings moes die oortreder wat na sy fisiese straf nie by magte was om drie-voudige vergoeding aan sy slagoffer te betaal nie, volgens 'n kontraktuele verpligting, 'n

diens aan die slagoffer lewer in die vorm van werkverrigting vir 'n periode wat oor maande kon strek.

Met die oprigting van die eerste gevangenis in 1785, het die fokus egter uitsluitlik op die gevangesetting van die oortreder geval en is die slagoffer vir alle praktiese doeleindes geïgnoreer.

Hierdie toedrag van sake het dekades voortgeduur totdat New Zealand in 1964 die eerste moderne nasie geword het wat die Kode van Hammurabi herskryf het deur voorsiening te maak vir staatsgefundeerde kompensasie. Binne 'n jaar het sowel New York as California soortgelyke wetgewing ingestel. (Klein, 1989:141)

6.5.2 **Ontwikkeling van Restitusie**

Soos gemeld in die inleiding van hierdie hoofstuk, het die Victims Rights Movement in 1970 die weg gebaan vir die inwerkingstelling van slagoffervergoeding in die praktyk. Slagoffer-bemiddelingsprogramme en skuilings vir mishandelde vroue is terselfdertyd opgerig wat gelei het tot Staatskompensasie wat in 1974 inwerking gestel is. Dit het tot gevolg gehad dat in 1976, daar reeds 2000 slagoffer bystandsprojekte op die been gebring is en wat as die National Organization for Victim Assistance (Nova) bekend gestaan het. (Inl. Institute of Policy Analysis:1994 en Klein, 1989:14)

As gevolg van hierdie nuwe neiging tot slagoffervergoeding in die

Amerikaanse regstelsel, verklaar Geis (1969:167), die volgende:

> " *The emergence of the idea of victim compensation in the United States has been marked by a rather extra ordinary range of legislative enactments and attemps at such enactments. Some states have gone their way along singularly unique pathe, in efforts inaugurated and impelled primarily by one or two persons; other states, usually the larger and more metropolitan ones, have undertaken legislative inquiry into victim compensation and often elicted views quite different from any put forward in either New Zealand or Great Britain* ".

6.6. **OPKOMS VAN RESTITUSIE**

Die huidige gebruik van restitusie as 'n kriminele strafsanksie, kan reeds teruggevoer word na die vroeë gebruik van ondertoesigstelling deur elf state, sowel as die federale ondertoesigstellings-statuut, in 1930 waar restitusie as voorwaarde vir ondertoesigstelling ingestel is. In die toepassing van restitusie in die praktyk het dit egter nie altyd vlot verloop nie: Die redes hiervoor was dat restitusie selde aan ondertoesigstelling gekoppel is en ook omdat daar nie gemonitor was of aan die voorwaardes en bepalinge van restitusie voldoen word nie. (Inl. American Bar Association:1994)

In 1967 het die President's Commission on Law Enforcement sowel

as die Administration of Justice reeds aanbeveel dat oortreders in gevangenisse versoek moet word om slagoffers restitusie te betaal. Kort hierna het verskeie professionele organisasies (American Bar Association en die American Law Institute), sowel as hervormingsgroepe (American Correctional Association en die National Moratorium on Prison Construction), restitusie binne hul strafmodelle ingebring. (Lurigio e.a. 1990:538)

Die oprigting van die Minnesota Restitution House in 1972, het oortreders wat hul aan diefstal skuldig gemaak het, van vroeë parool verseker indien hul restitusie aan die slagoffer kon betaal. In hierdie opsig kan die Minnesota Department of Corrections as 'n baanbreker beskou word om restitusie stewig te anker in die Amerikaanse strafregstelsel. (Klein, 1989:145)

Ander korrektiewe instansies het egter ook belangstelling in die konsep van restitusie begin toon. In die sewentigerjare het die Regsdepartement gereageer op 'n mandaat wat deur die Amerikaanse Wetgewende liggaam gestel is. Die mandaat het ten doel gehad om restitusie aan te moedig deur die beskikbaarstelling van $35 miljoen ten einde programme op die been te bring en te finansier wat restitusie as strafsanksie in die plek van gevangesetting toets en navors.
(Inl. American Bar Association:1994)

Navorsing hieromtrent het geblyk uiters suksesvol te wees sowel wat betref restitusieprogramme vir jeugdiges as vir volwassenes. Waar slegs 15 formele restitusieprogramme vir jeugdiges in 1976

gevind kon word, het die prentjie in sewe jaar se tyd so verander dat daar gerapporteer kon word dat meer as die helfte van howe in Amerika restitusie as strafsanksie gebruik. (Klein, 1989:145) In 'n onlangse navraag aan die Amerikaanse Ambassade (Kaapstad 1995), het dit geblyk dat 95% van alle howe in Amerika tans gebruik maak van die bevel tot restitusie in een of ander vorm.

Daar is volgens navorser drie redes waarom restitusie in die Verenigde State van Amerika so 'n kragdadige en effektiewe strafsanksie geword het:

* Die eerste rede lê in die feit dat - soos die geval in ander wêrelddele - daar ook in Amerika bevind is dat staatskompensasie as strafsanksie nie aan die verwagtinge as strafsanksie voldoen nie, en ook nie by magte is om die oortreder, sowel as die slagoffer effektief te bedien nie

* Die tweede rede kan gevind word in die groot gevangenispopulasie van die Verenigde State van Amerika. Tussen die tydperk 1974-1984, het die gevangenispopulasie meer as verdubbel (vanaf 218 466 - 463 866).
  In werklikheid vermeerder die gevangenispopulasie vinniger as die algemene bevolkingsaanwas.
  Die Verenigde State van Amerika het in der waarheid die derde grootste per kapita gevangenispopulasie in die wêreld naas Suid-Afrika (sien hfs.7) en die ou Sowjet Unie. (Colson, 1988:15)

* 'n Derde rede lê in die klemverskuiwing wat in die Verenigde State van Amerika plaasgevind het wat betref die hele aspek rondom die twee belangrikste partye in die strafproses naamlik die oortreder en die slagoffer. Waar vroeër geglo is dat misdaad hoofsaakik 'n oortreding teen die staat was, het individuele griewe veroorsaak dat die slagoffer die plek van die staat as benadeelde party ingeneem het.

6.7 **WETGEWING BETREFFENDE DIE INSTELLING VAN RESTITUSIE**

Meeste state in die Verenigde State van Amerika het wetgewing ingebring waarop inligting oor die hele omvang van restitusie onder die aandag van die strafhowe gebring kan word. Dit sluit onder andere die volgende in:

* Versoeke aan ondertoesigstellingsbeamptes om restitusieplanne en aanbevelings in hul voorgelegde verslag in te sluit

* Vergunning aan slagoffers ten einde 'n verslag aan die hof te rig waarin gemeld word:

  - die omvang van hul beserings
  - finansiële verliese
  - verliese aan verdienste wat 'n direkte gevolg van die misdaad is

* Versoeke aan die aanklaer om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen oor geskikte en prakties uitvoerbare restitusie

* Die toestaan van restitusie as deel van 'n pleit-onderhandeling.
(Inst. Public Affairs, 1992:4, en Harland, 1983:192)

Wetgewing in Iowa en Mississippi gaan selfs sover om 'n geskrewe verslag met redes van die hof aan te vra indien volle betaling vir slagofferverliese nie gelas kan word nie. Soortgelyke wetgewing in North Carolina en Oregon versoek paroolbeamptes om terugvoering te gee aan die hof, en meer spesifiek aan die regter wat die saak behartig het, oor die implimentering van die opgelegde restitusie. Bepalings in die strafkodes van New Mexico en South Dakota versoek die klerk van die hof om afskrifte van stappe wat die hof geneem het ten einde restitusie aan die oortreder te beveel, aan die slagoffer te stuur. (Harland, 1983:192)

Wetgewing in verskeie state verleen spesifiek volmag aan die aanklaer om 'n saak aanhangig te maak teen enige versuim van die kant van die oortreder indien hy hom nie hou by die restitusiebevel nie. (Inl. Amerikaanse Ambassade Kaapstad:1994)

'n Verskeidenheid van spesifiek afdwingbare strategieë as sanksies, kan ingestel word teen die oortreder wat insluit:

* Verlenging van die oortreder se ondertoesigstellingsperiode ten einde hom instaat te stel om genoeg tyd te hê om restitusie ten volle uit te voer

* Toestemming aan die slagoffer om op 'n basis van gelyke waardebepaling op goedere van die oortreder beslag te lê indien restitusie nie gemaak word nie

* 'n Versoek aan die oortreder om 'n brief aan sy of haar werkgewer te rig vir salaris-aftrekorders wat aan die hof as restitusie uitbetaal moet word

* As laaste alternatief, gevangesetting vir gebrek of versuim om finansiële restitusie betalings te doen.
(Inst. Public Affairs, 1992:5)

6.7.1 **WETGEWING - President's Task Force**

Die President's Task Force on Victims of Crime het in 1982 die volgende aanbeveel betreffende restitusie:

* *Wetgewing moet ingestel word wat restitusie aanbeveel in alle gevalle van skuld behalwe indien die hof duidelike redes verstrek waarom restitusie nie opgelê moet word nie*

* *Regters moet restitusie vir slagoffers beveel in alle gevalle waar die slagoffer finansiële verliese gely het; behalwe indien redes vir die nie-oplegging van restitusie aan die oortreder gegee kan word .*
(Lurigio, 1990:538)

6.7.2 **WETGEWING - First National Conference**

Die First National Conference of the Judiciary on the Rights of Victims of Crime wat in 1983 gehou is, beveel die volgende aan:

" *Judges should order restitution in all cases unless there is an articulated reason for not doing so; whether the offender is incarcerated or placed on probation* ".
(National Institute of Justice, 1983(a):73)

6.7.3 **WETGEWING - Victim and Witness Protection Act 1984**

Artikel 3664(a) en 3572(b) van hierdie wet bepaal dat restitusie voorrang bo boetes in howe moet geniet. Van die faktore wat in aanmerking geneem moet word ten einde restitusie van die beskuldigde te bestel, is die beskuldigde se finansiële posisie en die finansiële behoeftes en verdienste van die beskuldigde se afhanklikes.

Artikel 3664 maak dit verder duidelik dat - indien die beskuldigde in onvermoë is om restitusie te betaal,- die hof 'n bedrag laer as die bedrag van volle restitusie mag beveel ten einde inligting aangaande die oortreder se finansiële posisie in te win om daarvolgens 'n realistiese restitusiebedrag saam te stel.

Artikel 3663(f) bepaal dat enige restitusiebevel onmiddellik van krag is wat op onmiddellike betaling beveel, tensy die hof uitgestelde betaling in die vorm van paaiemente beveel.

Artikel 3553(c) bepaal dat indien die hof versuim om 'n bevel tot restitusie op te lê, of slegs gedeeltelike restitusie beveel, redes hiervoor in die opehof gegee moet word.

Artikel 3663(f)(2) bepaal dat indien restitusie nie onmiddellik betaalbaar is nie, die hof 'n datum moet vasstel waarop hierdie restitusiebetaling of restitusie in die vorm van paaiemente betaalbaar moet wees. Betaling in paaiemente het verdere vereistes waaraan die oortreder moet voldoen:

* die laaste betaling moet geskied voor die verstryking van die oortreder se ondertoesigstellingsperiode indien ondertoesigstelling opgelê word

* vyf jaar na die voltooiing van gevangenisstraf indien die oortreder gevangenisstraf

opgelê word

* vyf jaar in enige ander geval.

(Adair, 1989:85-87)

6.8 **RESTITUSIE WETGEWING: - FEDERALE VLAK**

Die 1984 hersiening van die Federale Kode omskryf die oplê van die restitusiebevel in meer detail as die 1982 Victim and Witness Protection Act, wat reeds bespreek is.

Restitusie wetgewing op Federale vlak omskryf die volgende:

* Eerstens: In gevalle van eiendomsverliese of beskadiging van eiendom, moet die oortreder die eiendom terugbesorg of betaling moet geskied met inagneming van:

  (a) 'n bedrag gelykstaande aan die waarde wat die eiendom gehad het op die dag van verlies, beskadiging of vernieling of

  (b) die waarde wat die eiendom gehad het ten tyde van vonnisoplegging. Die waarde word bepaal volgens die grootste van (a) of (b).

* Tweedens: In gevalle van liggaamlike besering moet

die bedrag van restitusie bepaal word op 'n bedrag wat gelykstaande is aan mediese of ander professionele dienste soos psigiatriese, sielkundige of fisiesesorg dienste. Betaling moet ook bepaal word ooreenkomstig die verlies van inkomste van die slagoffer as 'n gevolg van die oortreding teen hom

* Derdens: In gevalle waar die slagoffer gedood is, moet betaling vir begrafniskostes gemaak word

* Vierdens: Die vervaldatum waarop restitusie gemaak kan word, indien die hofbevel nie onmiddellike betaling of betaling in paaiemente bepaal nie, is as volg:

  - aan die einde van die ondertoesigstellingsperiode

  - vyf jaar na die voltooiing van gevangenisstraf

  - vyf jaar vanaf die datum waaarop die oortreder gevonnis is.

* In die vyfde instansie bepaal wetgewing verder dat die hof die oortreder se ondertoesigstelling

mag herroep indien hy versuim om restitusiebetalings te maak. (Klein, 1989:146-147)

6.9 **RESTITUSIE WETGEWING: - STAATSVLAK**

Die Federale regering sowel as verskeie state maak voorsiening vir restitusie in kriminele regspleging as 'n reg van die slagoffer ondanks die feit of die oortreder op ondertoesigstelling of gevangesetting geplaas is.

In 1982 het kiesers in California hul stem laat hoor toe hul staat se grondwet gewysig is en hulself as volg hieroor uitgelaat:

> " *It is the unequivocal intention of the People of the State of California that all persons who suffer losses as a result of criminal activity shall have the right to restitution from the person convicted of the crimes for losses they suffer. Restitution shall be ordered from the convicted persons in every case, regardless of the sentence or disposition imposed, in which a crime suffers a loss, unless compelling and extraordinary reasons exist to the contrary* ". (Klein, 1989:144, en Harland, 1983:193)

Restitusie wetgewing op staatsvlak is nie naastenby so omvattend soos op federale vlak nie. Omrede staatsrestitusie in die

verskillende state in Amerika so omvangryk is en so geweldig verskil in hul toepassing en selfs in hul spesifikasies oor wie restitusie mag ontvang, hoeveel restitusie gemaak moet word en vir watter oortredings restitusie opgelê mag word, gaan navorser nie oor tot 'n verdere bespreking nie aangesien dit 'n tydrowende proses is.

6.10 **RESTITUSIE IN DIE PRAKTYK**

Restitusie vind plaas in verskillende stadia in die strafproses naamlik:

* Gedurende die inname stadium waar dit dan gewoonlik gekoppel word aan die afwendingsgedagte. Dit is veral in gebruik by jeugoortreders ten einde hulle uit die strafregsisteem te kanaliseer of af te wend

* Nadat die oortreder reeds tot die strafsisteem toegetree het en dan gewoonlik as 'n voorwaarde vir ondertoesigstelling, of dit kan as strafsanksie op sy eie gebruik word sonder koppeling aan ondertoesigstelling

* Gedurende koppeling aan parool - byvoorbeeld indien die jeugdige 'n misdaad van geringe aard pleeg wat nie deur die howesisteem hanteer word nie, maar wat kan dien as basis vir 'n herroeping van die parool of vir addisionele versoeke ten einde nasorg van

die oortreder te monitor.

(Rubin, 1988:32)

6.10.1 **Restitusiebepalings**

Ten einde restitusie te bepaal, maak howe staat op drie metodes:

* Geregtelike bevel

* Versekeringseise

* Slagoffer/oortreder ontmoetings.

Die eerste metode wat ook die geskiktheidsmodel (Klein, 1989:156) genoem word, verwys na die uitsprake ten gunste van 'n spesifieke bedrag vir restitusie (deur 'n regter nadat getuies aangehoor is). Die hof moet egter altyd die finansiële posisie van die beskuldigde in aanmerking neem vir sowel die aanvanklike bepaling van die restitusiebedrag as die plan van betaling.

Die tweede metode vind plaas wanneer die slagoffer gevra word om 'n lys op te stel van al sy verliese as gevolg van die misdaad. Die slagoffer word ook gevra om rekeninge in te handig vir die skoonmaak, herstel of vervangingskoste indien die skade aan eiendom van die slagoffer was. Indien die verliese die gevolg is van persoonlike beserings van die slagoffer, moet mediese rekeninge en dokumentasie van verlies aan werk as gevolg van besering, ingehandig word. (Inl. American Bar Association:1994)

Die derde metode bring die oortreder en slagoffer bymekaar uit ten einde 'n ooreenkoms uit te werk wat vir beide partye aanvaarbaar is.
(Inl. American Bar Association:1994, en Klein, 1989:156-160)

Gedurende veral die laaste metode waar die oortreder en slagoffer ontmoet, mag dit blyk dat, hoewel oortreders gewillig is om restitusie aan hul slagoffer te maak, hul finansiële probleme in hierdie verband mag ondervind. Indien dit die geval is, moet restitusieprogramme 'n prosedure vasstel waarvolgens finansiële transaksies tussen oortreders en slagoffers vergemaklik kan word, en moet terselfdertyd gekyk word na ander vorme van restitusie wat deur oortreders gemaak kan word.

6.10.2 **Bystand aan oortreders**

Die tipe bystand wat aan oortreders verskaf word ten einde finansiële restitusie aan hul slagoffers te maak sluit in:

* **Gemeenskapsdiens**

  Gemeenskapsdiens verwys na onbetaalde werk vir 'n instansie wat nie op winsbejag geskoei is nie, of werk vir 'n staatsinstansie.
  Die oortreders word voortdurend gemonitor terwyl hulle werk. Die hoeveelheid gemenskapsdiens-restitusie word volgens die aantal ure van werkverrigting bepaal.

* **Werkondersteunings**

  Indien daar persone op die personeel van instansies is wie se primêre taak dit is om werksopeninge te lokaliseer vir die restitusieprogram, word hul as werksondersteuners vir restitusieprogramme gesien. Oortreders word nie in hierdie werk " geplaas " nie en moet met ander aansoekers kompeteer vir die spesifieke werk

* **Werkverskaffing**

  In hierdie geval word werk gereserveer vir restitusieprogram- kliënte

* **Gesubsidieerde werkverskaffing**

  Plasings in die gemeenskapsdiensinstellings word gereël en oortreders word die minimum loon betaal. Uit hierdie lone word die slagoffer dan betaal. (Schneider e.a. 1980:5-6)

6.11 INSAMELING VAN RESTITUSIE

Sodra die restitusiebedrag vasgestel is, moet die howe 'n spesifieke plan beraam waarvolgens restitusie sal geskied; veral in gevalle waar die oortreder nie die volle bedrag eenmalig kan betaal nie.

Tensy die oortreder baie verantwoordelik is, kan hy vergeet om betalings te maak wat dit vir ondertoesigstellings beamptes of personeel van restitusiemodelle moeilik maak om te monitor.

Tensy die hof eenmalige betaling vereis, is navorser 'n voorstander van restitusie volgens paaiemente in Amerika om die volgende rede: Uit navrae by die Amerikaanse Ambassade (Kaapstad:1994), het dit geblyk dat Amerika oor voldoende proefbeamptes en ondertoesigstellings beamptes beskik om betaling te monitor. Alhoewel die slagoffer nie 'n eenmalige vergoeding kry nie, is hy tog verseker van maandelikse restitusie.
Verder help dit ook die oortreder om sy finansiële posisie in orde te kry en kan hy restitusie op 'n paaiemente-basis makliker aan die slagoffer verhaal.

Navorser se siening in hierdie verband word deur navorsing deur Federale studies betreffende die betaling van restitusie onderskryf. Die siening is as volg: die oorgrote aantal oortreders beide jeugdiges as volwassenes wat deur die hof beveel is om restitusie te betaal, sal by hierdie voorwaardes en bepalings van die hof hou en kan hou indien die restitusie in paaiemente betaal kan word.(Inl. American Bar Association:1994)

Volgens die Justice Department (Klein, 1989:161), is skade wat deur die oortreder aan die slagoffer vir eiendomsverliese betaal moet word nie baie hoog nie, en is die oortreder by magte om dit wel in paaiemente te kan doen. Die helfte van alle verliese deur persoonlike misdaad word beraam op minder as $50 per misdaad en

slegs 15% is die gevolg van verliese van $250 of meer.

6.12 **ONTWIKKELING VAN DIE RESTITUSIEPLAN**

Die ontwikkeling van 'n restitusieplan bestaan hoofsaaklik uit vier bene:

* eerstens moet die bedrag vir restitusie vasgestel word

* tweedens moet die tipe restitusie bepaal word - finansiële restitusie, gemeenskapsresitusie of beide

* derdens moet die betalings-skedule vasgestel word

* vierdens moet die aanvullende informasie ingewin word wat nodig is ten einde bewys te lewer dat die ooreenkoms 'n regverdige en redelike ooreenkoms is, wat billikheid aan beide die slagoffer sowel as die oortreder verseker.
(Inl. Institute of Policy Analysis:1994)

Alle programme - met uitsondering van die basiese restitusiemodel (sien 6.13.1), gebruik min of meer dieselfde riglyne in die ontwikkeling van'n restitusieplan.

Ten einde 'n plan daar te stel waarop restitusie tussen oortreder en slagoffer kan geskied, is die voor-die-hand-liggende eerste stap, onderhoude met beide die oortreder en slagoffer deur die restitusie koördineerder. Die doel met hierdie onderhoude is:

* die bedrag of omvang van verliese vas te stel

* om die oortreder se vermoë om restitusie te betaal, vas te stel

* om met die slagoffer te beraadslaag of die oortreder vir hom of haar kan werk indien finansiële restitusie nie gemaak kan word nie, of nie ten volle gemaak kan word nie

* om te bepaal of die slagoffer gewillig is tot 'n persoonlike ontmoeting met die oortreder

* om vas te stel of die slagoffer belangstel om deel te hê aan ander aspekte van die ontwikkeling van die restitusieplan.

(Schneider e.a. 1980:17)

By die meeste restitusiemodelle is dit van groot belang om 'n plan te ontwikkel wat vir beide die oortreder sowel as die slagoffer aanvaarbaar is. In die meeste van die programme is dit dan ook belangrik dat slagoffer en oortreder ontmoet.

Hierdie pogings om 'n restitusieooreenkoms te bereik wat vir beide oortreder en slagoffer aanvaarbaar is, spruit voort uit die nuwe neiging wat daar in die strafregspleging bestaan dat oortreder - rehabilitasie sowel as slagoffer - tevredenheid bewerkstellig moet word.

Dit is belangrik dat vasgestel moet word wat die oortreder se finansiële posisie is sodat onbereikbare doelwitte met betrekking tot restitusie nie aan hom gestel word nie. Volgens Schneider(1980:17), stel een restitusieraadgewer dit as volg:

> " *We must not just set the youth up for failure. It is very important that, when the restitution plan is complete, the youth will know that the victim, the court, and the community believe the debt has been paid* ".

6.13 **RESTITUSIEMODELLE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**

Volgens inligting van die Amerikaanse Ambassade,(Kaapstad:1994) is daar sewe hoofrestitusieprogramme of -modelle in gebruik in die Verenigde State van Amerika. Daar bestaan wel kleiner modelle, maar hulle word beskou as slegs vertakkinge van die sewe hoofprogramme.

6.13.1 **Basiese Restitusiemodel**

In hierdie mees basiese restitusiemodel bestaan die

restitusieprogram uitsluitlik uit 'n prosedure waar finansiële transaksies tussen oortreder en slagoffer hanteer word.

Die slagoffer word skriftelik in kennis gestel dat hy of sy restitusie mag aanvra, en moet daarvolgens 'n verklaring aan die hof stuur wat alle verliese as gevolg van die misdaad uitstip. Die oortreder betaal restitusie aan die hof, wat weer die oorbetaling aan die slagoffer maak.

Die basiese model verskil van die ander modelle in die sin dat daar geen persoonlike onderhoude met die slagoffer is nie. Kontak word met die slagoffer gemaak deur die stuur van 'n brief. Daar is geen persoon of groep wat daarna trag om met die slagoffer en oortreder te bemiddel ten einde 'n plan te vind wat vir beide partye aanvaarbaar is nie. In stede hiervan word die informasie waarop die plan gebaseer is, deur een of meer persone in die strafstelsel ingesamel as deel van hul verantwoordelikhede, byvoorbeeld opnamebeamptes en ondertoesig-stelling beamptes. (Inl. American Bar Association:1994, en Schneider, 1980:18)

Inligting wat navorser ontvang het (Amerikaanse Ambassade Kaapstad:1994), wys daarop dat die basiese restitusiemodel gewoonlik gekoppel word aan, of gebruik word in samehang, met 'n ander model. Die rede hiervoor is dat hierdie basiese model hoofsaaklik met die inwin van inligting rondom die omstandighede van restitusie gemoeid is en nie werklik as enkelmodel die belange van die oortreder en slagoffer doeltreffend kan aanspreek

nie.

6.13.2 **Uitgebreide basiese Restitusiemodel**

Hierdie model is basies soos die voorafgaande model, behalwe dat oortreders uit 'n lae inkomstegroep bystand van die program verkry ten einde werk te vind sodat restitusie aan slagoffers betaal kan word.

Cincinnati het een van die oudste restitusieprogramme en is 'n goeie voorbeeld van die sogenaamde uitgebreide restitusiemodel. Die restitusiedepartement in Cincinnati is geleë in die finansiële kantoor van die jeughof waar dit die finansiële aspekte van restitusie hanteer.
(Inl. Institute of Policy Analysis:1994)

6.13.3 **Slagofferbystandsprogramme**

Werksaamhede by hierdie programme sluit in:

* bystand aan slagoffers by die opstel van verliese as gevolg van die misdaad

* bystand by die herwinning van verlore goedere

* raadgewing aan slagoffers ten tyde van die hofverrigtinge.

(Inl. American Bar Association:1994)

Die beste voorbeeld van 'n slagofferbystandsprogram, is die program in Las Vegas. Die slagofferbystandsbeampte is 'n ondertoesigstellingsbeampte, dog sy primêre rol is om as verdediger vir die slagoffer op te tree deur slagofferbystand te verskaf en ook om as vennoot saam met die slagoffer op te tree gedurende die tydperk wanneer restitusieplanne ontwikkel word.

Slagofferbystandsprogramme kan egter ook 'n tweeledige funksie hê, waar een funksie bestaan uit 'n eenheid wat aangepas is by slagofferbystandsprogramme, kan 'n ander funksie bestaan uit 'n eenheid wat aangepas is by die gemeenskapsaanspreeklikheids model. (Schneider, 1980:12)

6.13.4 **Slagofferbystands/Oortrederverantwoordelikheidsmodel**

Hierdie model kan in twee groepe gedeel word:

* die eerste groep lê klem op oortreders ten koste van slagoffers. 'n Voorbeeld hiervan is die Ann Arundel County model in Maryland waar die program uitsluitlik dien as 'n alternatief tot 'n verhoorinname, met geen dienste aan die slagoffer nie. Dit dien dus as 'n soort van afwendingsmodel op 'n voor-verhoor sta-
  dium

* die tweede groep het oorspronklik as slagoffer-bystandsprogramme ontwikkel, maar het verder uitgegenereer tot 'n gebalanseerde slagoffer/oortreder beleidsprogram wat dus beide partye akkommodeer. (Inl. Institute of Policy Analysis:1994)

Hierdie model, wat ook die arbitrasiemodel genoem word, fokus dus primêr op die slagoffer-oortreder interaksie - waar die slagoffer en oortreder mekaar van aangesig tot aangesig (face to face) ontmoet en waar gepoog word om 'n ooreenkoms te bereik wat beide partye as billik en regverdig beskou.

Verder maak hierdie program ook voorsiening vir gemeenskapsdiensplasings ten einde oortreders wat nie restitusie kan maak nie, instaat te stel om 'n werk te verrig.

6.13.5 **Werkverskaffings-Restitusiemodelle**

Restitusie-Werkverskaffingsmodelle het nie net die reël van restitusie deur die oortreder aan die slagoffer ten doel nie, maar ook om bystand te verleen aan oortreders in hul soeke na werk.

Die Earn-It program wat in die distrikshof van Quincy, Massachussetts opereer, voorsien oortreders van tydelike werk ten einde hulle in staat te kan stel om restitusie te betaal. Meer as 40 besighede in die spesifieke gebied het ingewillig om oortreders vir 'n 100 uur-periode teen 'n minimum loon te huur.

Twee derdes van hierdie verdienste van oortreders gaan na die slagoffer en die oortreder hou dit wat oor is.
(Herrington, 1986:160)

In 'n onlangse skrywe (1994) na die American Bar Association, het dit geblyk dat die program nog steeds funksioneer in Quincy en ook na ander distrikte uitgebrei het, maar dat die aantal besighede wat bereid is om oortreders teen 'n minimum loon te huur, nie drasties vermeerder het nie as gevolg van die tendens van werkloosheid wat vanaf die laat 1980's in Amerika heers.

6.13.6 **Maatskaplikediens Restitusiemodel**

Restitusie word onder hierdie model as terapeuties vir die oortreder beskou en sluit in: raadgewing aan die oortreder, spesiale opvoedkundige programme en opleiding vir 'n beroep.

Hoewel beperkte inligting oor hierdie model in die literatuur beskikbaar is, voel navorser dat die model te maatskaplik van aard is veral omdat die fokus van die slagoffer na die oortreder verskuif het en baie min klem gelê word op die maak van restitusie aan die slagoffer.

6.13.7 **Gemeenskapsbystands/Voorkomings Restitusiemodelle**

Hierdie vestings is binne die gemeenskap geleë en sluit gewoonlik die volgende in: dagsentrums, inwonende programsentrums, verdowingsmiddel en alkoholbeheersentrums en plaaslike voor-

verhoor aanhoudingsentrums. (Rubin, 1988:32)

Hierdie model is baie sterk op voorkoming geskoei en daarom word daar dan ook baie klem gelê op die bewusmaking van die oortreder van die gevolge van sy handelinge op die slagoffer sowel as die hele gemeenskap.

Hierdie program is egter meer gefokus op die oortreder en sy rehabilitasie as werklik op slagofferbystand.

6.13.8 **Skematiese voorstelling van hierdie modelle**

Model.	Jaar van ontwikkeling.	Gebied.
Basiese rest. model.	1952.	Santa Fe, nm.
Uitgebreide basiese model.	1959.	Cincinnati, OH
Gemeenskapsaanspreeklikheidsmodel.	1974.	Seattle, WA
Slagofferbystandsmodel.	1975.	Las Vegas, Dorchester MA
Slagofferbystands/oortreder aanspreeklikheidsmodel.	1975.	Oklahoma City OK

Maatskaplikediens model. 1975. Dorchester, MA

Werkverskaffingsmodel. 1977. Lowell, MA.

(Inligting: Amerikaanse Ambassade, Kaapstad: 1994)

Vir navorser het hierdie voorafgaande indeling groot probleme gelewer in die sin dat betreffende die literatuur tot navorser se beskikking, daar geen suiwer indeling van restitusiemodelle volgens voorafgaande skematiese indeling was nie.

Navrae in hierdie verband (Amerikaanse Ambassade Kaapstad:1994), het dan ook bevestig dat, behalwe wat betref die Basiese Restitusiemodel en die Werkverskaffings restitusiemodel, daar 'n oorvleueling by al die vyf ander hoofmodelle plaasvind. Die uitganspunt is dat die korrektiewe komponent in Amerika buigsaam is in hul benadering, veral tot slagoffervergoeding.

Uit verdere navrae by die Amerikaanse Ambassade (Kaapstad:1994), het dit geblyk dat modelle wat op bemiddeling (victim offender reconciliation)-(VORP), geskoei is, asook Gemeenskapsbystands/ Voorkomingsmodelle van die effektiefste restitusiemodelle in die Verenigde State van Amerika is.

6.14 BESPREKING VAN RESTITUSIEMODELLE

6.14.1 Texas Restitusiemodel

* **Inleiding**

Die Restitusiemodel in Texas het sy werksaamhede in 1983 begin. In 'n tydperk van ses jaar het hierdie een restitusiesentrum gegroei tot 17 sentrums met 'n gekombineerde bedkapasiteit van 700. (Lawrence, 1990:98)

Betreffende die doelstellings, funksionering en resultate van die program gaan daar gekyk word na die navorsing van Lawrence (1990:98), sowel as inligting wat navorser ontvang het na aanleiding van 'n skrywe na die Texas Adult Restitution Service Coordinator (1994) - wat inderwaarheid net 'n bevestiging is van Lawrence se navorsing.

* **Doelstellings van die program**

* Die Texas Restitusiemodel het as eerste doelstelling om te dien as 'n koste-effektiewe vorm van straf

* Groot klem word gelê op die beskerming van die gemeenskap, sowel as gemeenskapsbetrokkenheid by die ontwikkeling van die program

* Laastens trag die personeel wat gemoeid is met hierdie program, om dit as 'n voorkomingmodel te laat dien ten einde verdere misdaad te verhoed.

* **Funksionering van die program**

Die hof het begin deur oortreders wat hulle nie aan geweldsmisdade skuldig gemaak het nie, uit die gevangenissisteem af te wend deur hul na hierdie restitusiesentrum te stuur waar hulle die slagoffer sowel as die gemeenskap kan vergoed terwyl hulle aanhou om werk te verrig en belasting te betaal.

Inwoners se aktiwiteite word noukeurig gemonitor deur die sentrumpersoneel sowel as die ondertoesigstellingsdepartemente. Van die inwoners se werkgewers word verwag om weekliks 'n verslag saam te stel betreffende die gedrag en werkverrigting van die werknemer in sy werksomgewing.

Gedurende die dag gaan inwoners na hul onderskeie beroepe binne die gemeenskap waar daar deur onderhoude met werkgewers te voer deur sentrumpersoneel seker gemaak is dat daar nie teen werknemers op grond van hul inwonende status in 'n restitusieprogram gediskrimineer sal word nie.

Inwoners gebruik hul lone:

* om vir hul losies in die sentrum te betaal

* om vir hul vervoer tussen die sentrum en hul werksplek te betaal

* om ondertoesigstellings- en hofkostes te betaal

* vir slagofferrestitusie

* as onderhoud aan hul gesin.

Gemeenskapsrestitusie word gedurende die aand en naweke verrig.

* **Resultate**

* <u>Verwysings en ontslag:</u>

- Meer as 3 000 oortreders wat andersins gevangesetting moes ondergaan, is tussen 1983 tot 1988 na hierdie sentrum verwys

- Wat die ontslagprofiel aanbetref, is daar in hierdie vyf-jaarperiode vanaf 1984-1988 'n gemiddeld van 60.5% van die inwoners suksesvol ontslaan, of het op 'n suksesvolle wyse deel gehad aan die program

- 'n Skrale 11,7% van diegene wat ontslaan is, is ontslaan vir oortredings wat verband hou met die verbreking van restitusievoorwaardes of verbre-

king van sentrumreëls.

* Voorkoming:

- Wat die doelstellings van voorkoming aanbetref, het dit geblyk dat slegs 1,9% van die inwoners wat uit hierdie sentrum ontslaan is, 'n nuwe oortreding gepleeg het.

* Koste-effektiwiteit:

Volgens Lawrens (1990:98), kan die feit dat meeste van hierdie inwoners 'n werk gehad het ten tyde van hul verblyf in die restitusiesentrum, moontlik verklaar waarom dit blyk so 'n koste-effektiewe program te wees soos uit die onderstaande resultate na vore kom:

- **Gemeenskapsdiensrestitusie**

  Vanaf 1984-1988 is amper 'n half miljoen ure aan gemeenskapsdiensrestitusie bestee - 'n gemiddeld van 96 900 ure per jaar. Indien dit oorgedra word na besparing vir die gemeenskap volgens die minimum loongraad, is hierdie ure gelykstaande aan oor die $1,6miljoen.

- **Finansiële restitusie**

Vanaf hierdie vyf jaar periode is:
$480 866 betaal aan slagoffers;

$376 548 aan hofonkostes, boetes en fooie; en
$368 440 aan ondertoesigstellingsfooie.

6.14.2 **Orange county restitusieprojek**

'n Jeugmisdryf-restitusieprojek is in 1978 in Orange County, California, op die been gebring wat van fondse voorsien word deur die Law Enforcement Assistance Administration en geadministreer word deur die Youth Service Program. (Inl. American Bar Association:1994)

Schichor et al (1982:47-50), is na intensiewe navorsing van veral die Orange County restitusieprojek, die mening toegedaan dat dit as modelprojek beskou kan word omdat dit die belange van die oortreder, slagoffer, en gemeenskap dien sowel as om residivisme aan te spreek. Om hierdie rede gaan daar aan die hand van Shichor et al (1982:47-50) na hierdie program gekyk word.

* **Doelwitte**

Die Community Restitution Project (CRP) het drie doelwitte wat hulle nastreef:

* *betrokkenheid van gemeenskapslede in die bevordering van direkte en betekenisvolle belange in die vorm van restitusie vir destruktiewe jeugoortredinge*

* *vergoeding aan slagoffers vir verliese wat gely is asook informasie aan slagoffers aangaande die regsproses en hul regte*

* *vroeë voorkomingsmaatreëls om verdere oortredinge te verhoed.*

By die meting van die suksesgraad al dan nie deur personeel van die CRP, word die suksesgraad aan die volgende spesifieke programdoelwitte bereken:

* 80% van alle jeugdiges wat restitusieverpligtinge het, behoort sonder inmenging van die howe, deur byvoorbeeld afwending en mediasie te geskied

* slagoffers, gemeenskapslede en die jeugoortreder, behoort groter tevredenheid met die strafsisteem te toon na deelname aan die program

* oortreders moet 'n toenemende mate van verantwoordelikheid toon soos die program voltooiing nader

* residivisme van deelnemers aan die CRP program moet merkbaar laer wees as die kontrolegroep wat nie

deel gehad het aan die program nie.

* **Voordele vir die oortreder**

Dit blyk dat die voordele wat bogaande doelwitte van die CPR vir die oortreder inhou, die volgende is:

* restitusie is die gevolg van skade en verlies en word daarom deur die oortreder as regverdig beskou

* restitusieverpligtinge is spesifiek en daardeur kom die oortreder tot die besef dat voltooiing van restitusie ook tot gevolg het dat voltooiing van die strafproses geskied het

* voltooiing van restitusieverpligtinge behoort te lei tot 'n positiewe gemeenskapsrespons wat weer die verhoging van die oortreder se selfrespek tot gevolg het.

* **Die CRP-proses**

Feitlik alle verwysings na CRP kom van wetstoepassers. Die jeugdige en minstens een van sy ouers moet 'n onderhoud voer met die restitusiebeampte. Tydens hierdie onderhoud word die werking van die program uiteengesit ten einde dit vir hulle moontlik te maak om te besluit tussen deelname aan die program of die

terugverwysing na die polisie. Terselfdertyd word 'n onderhoud met die slagoffer gereël ten einde sake wat vir die slagoffer van belang is, aan te hoor.

Die eintlike restitusie toewysings word gedoen deur 'n bestuur van drie tot vyf lede van die gemeenskap. 'n Voor-verhoor vergadering van 15-30 minute word gehou waartydens restitusie-beamptes lede van die bestuur van inligting aangaande die geval voorsien.

Die bestuur se taak is vervolgens om uit te vind of die oortreder se ouers bereid is om 'n restitusiekontrak namens die jeugdige te teken.... Indien 'n kontrak nie geteken word nie, is die risiko van verdere regstappe teen die jeugdige nie uitgesluit nie.

Sou die jeugdige en sy ouers egter voel dat die ooreenkoms nie regverdig is nie, kan 'n ander verhoor met 'n ander bestuur aangevra word.

Indien instemming tot die maak van restitusie geskied, word konstante kontak deur hierdie bestuur met die oortreder, sy ouers en die slagoffer gehou ten einde te verseker dat restitusievoor-waardes nagevolg word.

* **Evaluasie van die CRP-program**

'n Evaluasie van die CRP program is deur die Claremont Graduate

School (Shichor:1982:47), gedoen volgens:

* *residivisme*

* *koste-effektiwiteit*

* *daaropvolgende nie-kriminele gedrag.*

Gedurende hierdie evaluasieproses is daar van 94 oortreders in die eksperimentele groep, en 63 in die kontrole groep gebruik gemaak.

Bevindinge betreffende:

* **Residivisme**

  Die CRP-evaluasie het getoon dat wat residivisme aanbetref, die graad van residivisme laer was wat betref deelnemers aan die CRP as diè van die kontrolegroep. Wat merkwaardig is hiervan is dat die kontrolegroep se oortredinge van net so 'n ernstige graad was as die CRP-groep.

* **Koste-effektiwiteit**

  CRP vergelyk beter wat koste-effektiwiteit betref met ander alternatiewe moontlikhede soos ondertoesigstelling, afwending en toesig in die

gemeenskap - aangesien feitlik 100% van die ooreenkomste tussen die restitusiebestuur en jeugoortreders, ten volle nagekom is.

* **Nie-misdadige gedrag** (residivisme)

  Wat die gedragseksperiment aanbetref, dui die CRP deelnemers, op 'n eerlike en verantwoordelike groep jeugdiges, vergelykbaar met 'n groep Boy Scouts uit die gemeenskap self; aldus die Claremont Graduate School wat die evaluasie gedoen het.

Hierdie vertoning is by verre beter - veral wat verantwoordelikheid aanbetref as diè van oortreders wat nie deel was van die CRP-proses nie.

6.15 DIE VICTIM OFFENDER RECONCILIATION PROGRAM. (VORP)

6.15.1 Inleiding

Die VORP is 'n bemiddelingsmodel wat deur alle modelle gebruik kan word, behalwe die basiese restitusiemodel (sien 6.13.1) as basis vir onderhandelings of bemiddeling tussen slagoffer en oortreder.

Wat hierdie model so besonders maak is dat dit ook as afsonderlike program kan funksioneer - soos gesien kan word in

die Minneapolis- St. Paul (sien 6.16.1) program wat bespreek gaan word.

Sedert die oorspronklike ontwikkeling in 1974 van VORP in Kitchener, Ontaria en die latere replikas van hierdie program deur die PACT (Prisoner and Community Together)-organisasie, asook die Mennonite Church in North Indiana in 1978, het talle penoloë en persone verbonde aan die regsisteem en gemeenskapsorganisasies, hul belangstelling in en ondersteuning vir hierdie slagoffer/oortreder rekonsiliasie-konsep te kenne gegee.
(Zehr et al. 1982:60)

6.15.2 **Funksionering van die VORP**

VORP is 'n eenvoudige proses wat die tegniek van **konflikbemiddeling** met die konsep van **restitusie** kombineer. Deur middel van hofverwysing word slagoffers en oortreders wat tot deelname ingestem het, in die teenwoordigheid van 'n opgeleide bemiddelaar bymekaar uitgebring. (Zehr et al. 1982:66)

Na aanleiding van 'n skrywe van navorser aan die National VORP Resource Center (1993), het dit geblyk dat die VORP meer is as net 'n bemiddelings- of dispuutoplossingsprogram. VORP fokus op 'n meer intensiewe en persoonlike vlak van rekonsiliasie as die gewone bemiddelingsprogram. Uitdrukkings van emosionele gevoelens wat die slagoffer of oortreder ervaar, en wat gewoonlik

dui op verwondbaarheid, word aangespreek deur die programbeamptes, wat gewoonlik opleiding in die gedragswetenskappe het.

Die oogmerk van hierdie program is dus om sowel die slagoffer, die oortreder, en die samelewing te bereik en te bedien en wel op die volgende wyse volgens die VORP -Resource Center:1993 en Zehr, 1982:66-67):

* **Slagoffer**

Groot klem word in die VORP-sessies gelê op die uitdrukking van emosies en beantwoording van vrae oor die feite van die misdaad. Hier word die slagoffer dus 'n rare geleentheid gegun om hul intense gevoelens van frustrasie, pyn en woede tot uitdrukking te bring teen die persoon wat vir hierdie pyn en negatiewe gevoelens verantwoordelik is.

Navorsing - wat die VORP Resource Center,(1993) verkies om te noem "praktiese ervaring" wys daarop dat slagoffers wat direk gekonfronteer word met die feite van die misdaad en terselfdertyd toegelaat word om hul gevoelens hieromtrent te vertoon, 'n beter kans staan om gouer oor die trauma wat misdaad teen die persoon meebring te kom, as diegene wat nie hierdie geleentheid gegun word nie.

Nadat hierdie intense gevoelens tot uitdrukking gekom het, is die slagoffer gewoonlik by magte om deel te hê aan die

bemiddelingsproses en ook om 'n aanvaarbare restitusie-skedule met die oortreder uit te werk. Hierdie direkte betrokkenheid van die slagoffer by die besluitnemingsproses en voorwaardes van restitusie, bied aan die slagoffer die satisfaksie dat sy besondere behoeftes ondersoek en aangespreek word.

Die traumatiese proses van slagoffer-van-'n-misdaad te wees kan deur hierdie VORP-programme meer volledig deurloop en derhalwe makliker verwerk word. Vrees en angs kan aangespreek en deurwerk word en stereotipes oor oortreders kan verander word wat nie net lei tot 'n beter verstaan van die mens binne die oortreder nie, maar kan ook skuldgevoelens wat die slagoffer in verband met sy moontlike bydrae tot die misdaad het, weerlê. Gevoelens van kwesbaarheid en magteloosheid wat so 'n deel is van die slagoffer se ervaringsveld, word vervang, en verkry weer volmag deur deelname aan bemiddeling en die soeke na oplossings vir misdaad.

* **Oortreder**

Die oortreder word as persoon verantwoordelik gehou in hierdie proses van rekonsiliasie tussen slagoffer en oortreder. Op 'n unieke manier word die oortreder dus gedwing om oor sy daad (lewe tot dusver?) na te dink.

Volgens Zehr, (1982:66) besef die meeste oortreders nie die trauma waarin die slagoffer van misdaad gedompel word nie, en help hierdie rekonsiliasieproses die oortreder om 'n insae te kry in die afmetings van emosies waarbinne die slagoffer hom bevind,

asook om 'n beter begrip van die groter impak wat misdaad op die gemeenskap het te kry.

Oortreders word dus nie net gedwing om verantwoordelikheid vir hul eie misdaad te aanvaar nie, maar verkry ook 'n unieke en rare geleentheid om hul eie menslikheid na vore te bring deur hul spyt oor die misdaad aan die slagoffer te toon en moontlik ook sy vergifnis hieroor te vra.

* **Samelewing**

Omdat VORP 'n program is wat nie van staatshulp afhanklik is nie deurdat van vrywillige bemiddelaars gebruik gemaak word, is dit relatief goedkoop om te bedryf. VORP word dan ook bedryf met begrotings van so laag as 'n paar duisend tot 40 duisend dollars. In vergelyking met wat dit die gemeenskap kos om oortreders in gevangenisse te akkommodeer ($15-$30 000), is VORP-projekte goedkoop. (Zehr, 1982:67-68)

6.16 SLAGOFFERBYSTANDS/OORTREDERAANSPREEKLIKHEIDS MODELLE

6.16.1 VORP in Minneapolis - St. Paul

* **Inleiding**

Die Minneapolis - St. Paul-projek word geborg deur die Minnesota Citizens Council on Crime and Justice, en het sy werksaamhede in Februarie 1985 met 183 oortreders begin. (Galaway, 1988:670)

* **Funksionering van die program**

Die program is ontwerp om oortreders wat diefstal gepleeg het, sowel as hulle slagoffers van hulp te wees. Verwysings kom van ondertoesigstellingsbeamptes wat gemoeid is met voor-verhoor ondersoeke en deur toelatingsbeamptes werksaam by voor-verhoor afwendingsprogramme. (Inl. Institute of Policy Analysis:1994 en Galaway, 1988:670)

Werksaamhede begin wanneer 'n VORP-beampte besoek bring aan die oortreder ten einde hom voor te berei vir deelname aan die slagoffer/oortreder-bemiddelings ontmoeting. Na sodanige ontmoeting, word 'n afspraak met die slagoffer gemaak om hom tuis of by sy werk te ontmoet. Gedurende die besoek aan die slagoffer, word 'n oorsig van die misdaad deur die slagoffer aan die VORP-beampte gegee asook 'n opgawe van verliese en skade.

Indien die slagoffer instem tot deelname aan die projek word 'n ontmoeting tussen slagoffer en oortreder gereël met die VORP-beampte as neutrale bemiddelaar.

Die ontmoeting het twee afsonderlike fases:

* Eerstens word aan sowel slagoffer as oortreder die geleentheid gegee om hul reaksies oor die misdaad te kenne te gee, asook hul ervaring van die straf-regstelsel

* Tweedens word gefokus op die skade wat as gevolg van die misdaad ontstaan het, asook die ontwikkeling van 'n ooreenkoms waartydens die oortreder en slagoffer voorstelle vir restitusie kan maak. Hierdie voorstelle wat tot 'n ooreenkoms lei, word deur beide partye onderteken en na die hof, sowel as ondertoesigstellings beampte gestuur.
(Galaway, 1988:671-672)

Soos die geval in alle VORP en bemiddelingsmodelle, behou die VORP-beampte kontak met die slagoffer deur middel van opvolg telefoonoproepe en ondertoesigstellingsbeamptes kontak die slagoffer ook op 'n gereelde basis. Ook word kontak met die oortreder gehou en kan die VORP-beampte monitor om te sien of die oortreder by sy restitusievoorwaardes hou. Indien dit nie die geval blyk te wees nie, kan die ondertoesigstellingsbeampte gekontak word waartydens die saak bespreek en opgelos word.

Is slagofferbystands en oortrederaanspreeklikheidsprogramme soos geïllustreer deur die Minneapolis - St. Paul-program 'n werkbare praktyk?.

Volgens inligting wat navorser van die National VORP Resource Center (1993) ontvang het, asook Galaway, (1988:671), blyk dit dat 'n eksperiment wat in 'n twee jaar tydsvlak (1985-1987) gemaak is, bewys dat die Minneapolis - St. Paul program 'n werkbare en dus effektiewe program is. Die volgende statistieke is bewys hiervan:

* 54% van die slagoffers het ingestem om hul oortreders te ontmoet

* 95% van die ontmoetings het in 'n ooreenkoms tussen slagoffer en oortreder geëindig

* 83% van hierdie ooreenkomste tot restitusie, is suksesvol uitgevoer.

6.17 **SAMEVATTING**

Soos blyk uit die voorafgaande bespreking, kan die Verenigde State van Amerika as 'n leier op die gebied van restitusiemodelle en -programme gesien word. Uit die bespreking blyk dit ook verder dat Amerika nie net oor 'n wye verskeidenheid programme beskik nie, maar dat hierdie restitusieprogramme 'n werkbare geheel vorm, soos blyk uit navorsingsverslae.

HOOFSTUK 7

SLAGOFFERVERGOEDING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

7.1 INLEIDING

Suid-Afrika wat as 'n betreklike jong land beskou word in vergelyking met meeste ander lande het sy regstelsel hoofsaaklik te danke aan die invloed van veral die Hollandse en die Engelse reg.

Die kronologiese verloop van die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis het begin met die "geboorte" van die land in 1652 en strek oor 'n 300 jaar periode tot op hede.

Vir doeleindes van hierdie hoofstuk word die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis in die kronologiese volgorde verdeel van:

* Die Hollandse Tydperk - 1652 tot 1795;
* Die Engelse Tydperk - 1806 tot 1910;
* Uniewording - 1910 tot op hede soos wat dit vervat is in die Strafproseswet

wet nr. 51 van 1977.

7.2 DIE SUID-AFRIKAANSE REG

7.2.1 Oorsprong van die Suid-Afrikaanse Reg

Die Suid-Afrikaanse reg is 'n hibriede regstelsel omdat dit aan die een kant uit die Romaans-Germaanse regsfamilie en aan die ander kant aan die Britse Common Law ontleen is.

Die oorsprong van die Suid-Afrikaanse reg is dus te danke aan elemente van verskillende regstelsels wat dit moontlik 'n meer " volledige " regstelsel maak omdat die beste uit sowel die Romaans-Germaanse as die Britse Common Law ontleen is wat moontlike rigiditeit verminder.

Hierdie verskillende elemente waaruit die Suid-Afrikaanse reg binne bogenoemde twee regsfamilies bestaan is die volgende:

Romeinse Reg - Persoonsreg, die reg met betrekking tot spesifieke kontrakte (koopkontrakte en huurkontrakte) en die sakereg.

Germaanse Reg - Die Huweliksreg - byvoorbeeld die huweliksgoederereg wat die regtelike posisie van die man met betrekking tot sy materiële mag asook die regs

posisie van die vrou uitstip.

Engelse Reg - Die prosesreg, bewysreg, administratiewe- en handelsreg.
(Van der Vyver & Van Zyl, 1972:244)

Volgens van Zyl (1981:291) is sowel die maatskappyereg, insolvensiereg, immaterieëlegoederereg, versekeringsreg, en die reg insake verhandelbare dokumente uitsluitlik Engelse Reg wat opgeneem is in die Suid-Afrikaanse Reg.

7.2.2 **Bronne waaruit die Suid-Afrikaanse Reg bestaan**

Die Suid-Afrikaanse Reg bestaan uit vier bronne:

Die heel belangrikste bron van die Suid-Afrikaanse Reg is die **gemenereg** of die Common Law wat ontleen is uit die Romeins-Hollandse Reg na beïnvloeding deur die Engelse Reg.

Suid-Afrika beskik tweedens oor 'n **presedenteleer** waarin die regspraak as bron vervat is en volgens Van Zyl, (1981:292) in dieselfde kategorie as die Engelse " *stare decis* " val. Die beginsels waarvolgens die presedenteleer funksioneer is dat die Appèlhof uitsprake kan maak wat nie alleen van krag is nie, maar ook bindend is op alle ander howe in die land.
Uitsprake van Hooggeregshowe funksioneer in al nege provinsies en is bindend op laerhowe van die provinsiale afdeling waarbinne daardie Hooggeregshof funksioneer.

'n Derde belangrike bron van die Suid-Afrikaanse reg is wetgewing wat deur die Parlement in die vorm van **parlementêre wette** bekragtig word.

Die vierde bron van die Suid-Afrikaanse Reg is die **gewoontereg.** Van Zyl (1981:293) wys daarop dat gewoontereg toegepas kan word in die Suid-Afrikaanse situasie mits dit *redelik bewys word; vir 'n hele tyd al bestaan het; die inhoud en strekking duidelik en seker is; en deur die gemeenskap as sodanig erken en nageleef word.*

7.3 HISTORIESE AANLOOP TOT SLAGOFFERVERGOEDING IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die historiese aanloop tot slagoffervergoeding in Suid-Afrika kan in die drie tydsfases soos gemeld in die inleiding van hierdie hoofstuk ingedeel word wat begin met die stigting van die land in 1652 en strek tot en met die implementering van die Strafproseswet, wet nr. 51 van 1977.

7.3.1 Die Stigtings- of Hollandse Tydperk

Met die aankoms van Jan van Riebeeck in die Kaap op 6 April 1652 is nie net die vestiging van 'n nuwe nasie deur hierdie gebeurtenis teweeggebring nie. Dit het ook tot gevolg gehad dat daar besin moes word oor die opstel van regulasies om die ordelike samesyn te verseker van die gemeenskap wat hom hier kom vestig het sowel as hulle interaksie met die inboorlinge.

Die opstel van regulasies en die bekragtiging daarvan as wette het in die hande van vyf liggame gelê:

* die Staten-Generaal wat as die hoogste gesag van die Republiek van die Verenigde Nederlande beskou is

* al die provinsiale state van Holland

* die VOC

* die Raad van Indië

* die Bestuurskomitee van Batavia wat deur die VOC ingestel is.
(Van Zyl, 1981:285)

Misdade wat gedurende hierdie stigtingsjare die meeste gepleeg was, was veediefstal deur die inboorlinge. Voorbeelde in hierdie tydsvlak rakende die vergoeding aan die slagoffer van misdaad is volgens Cilliers (1984:284) moeilik bekombaar.

As gevolg van die uitgestrektheid van die land met as enigste vervoermiddels perde, kon die amptenare van die Kompanjie wat aangestel was om hierdie veediefstal te bekamp, nie hierdie misdaad suksesvol beheer of oplos nie. Die boere was derhalwe genoodsaak om gedurende 1917 self 'n kommando wat uit 30

vrywilligers bestaan het onder leiding van Burger Schalk Willensz van der Merwe en Wagtmeester Jan Harmenz Potgieter op die been te bring om die gesteelde vee van Joost Bevergie te gaan haal. (Cilliers, 1984:284)

Die boere is dus wel vergoed vir hierdie misdaad al was dit dan deur hulle eie toedoen.

7.3.2 **Die Engelse Tydperk** (1806-1910)

Die vier provinsies volgens die ou geografiese indeling van die Republiek van Suid-Afrika naamlik die Kaapprovinsie, Natal, Vrystaat en Transvaal, het vanweë Britse inmenging en ook Britse oorheersing van die destydse wêreldtoneel geen eie gesag gehad nie. Brittanje het 'n al hoe groter rol begin speel in die geskiedenis van Suid-Afrika gedurende die jare 1806-1910 met as hoogtepunt in 1902 toe Suid-Afrika as 'n Britse kolonie ingelyf is.

Tydens die Anneksasie van die Kaap in 1814 was die Romeins-Hollandse Reg nog van krag. Veediefstal kon deur die stelsel van gemeenskaplike aanspreeklikheid geskik word.

Van Jaarsveld (1976:107) wys daarop dat die stelsel van *gemeenskaplike aanspreeklikheid* daarop neerkom dat die kaptein uit wie se kraal die skuldige gekom het, mede-aanspreeklik was vir die veediefstal en dus verantwoordelik gehou is vir die terugbesorging daarvan. Dieselfde aantal beeste wat gesteel was

kon teruggevat word as skadevergoeding.

Volgens Cilliers (1984:285) wys bogenoemde ooreenkoms wat met die Xhosaleier Gaika aangegaan is, dat daar reeds in die vroeë koloniale tydperk aandag gegee is aan die vergoeding aan die slagoffer van veediefstal.

Die spoorstelsel wat vanaf 1814 tot 1826 van toepassing was, het as beleid gehad dat die spore van die diere wat gesteel is, na die skuldige persoon toe sou lei. Hierdie spoorstelsel is bekragtig toe dit in die destydse Veediefstalwet, wet nr 24 van 1886 opgeneem is. Bisset & Smit (1909:510) wys daarop dat Artikel 200 van hierdie wet bepaal het dat:

> " *The Native Territories Penal Code were intended to fix with civil and not with criminal liability, the heads or owners as the case may be, of kraals to or in the neighbourhood of which the spoor of stolen animals has been traced.*
> *On the trial therefore, the theft of stock, under the code, it is not enough to trace the spoor to the neighbourhood of a kraal, or to prove that the accused had improperly refused to permit a search of his hut in such kraal, but the proof of guilt should be as clear as in any other criminal case* ".

Belangrik betreffende slagoffervergoeding in Suid-Afrika was die wysiging van hierdie wet in 1893. Volgens Bisset & Smit

(1909:514) het artikel 8 van hierdie gewysigde wet - die Veediefstalwet, wet nr 35 van 1893 die voorsittende beampte gemagtig om slagoffervergoeding aan die benadeelde party toe te staan. Sodra die beskuldigde skuldig bevind is aan diefstal is die waarde van die vee in die teenwoordigheid van die eienaar (slagoffer) asook die oortreder bereken, waarna skadevergoeding vasgestel is.

Met die totstandkoming van die Criminal Procedure Code Transvaal; Ordonansie 1 van 1903 is die weg verder gebaan vir slagoffervergoeding deurdat hierdie ordonansie skadevergoeding vir alle misdade teen die slagoffer ingesluit het en nie net beperk was tot diefstal van vee van Wet 35 van 1893 nie.

Artikel 264 van die Criminal Procedure Code bepaal die volgende:

* *When any person shall have been convicted of an offence which has caused damage to, or loss of property belonging to some other person, the Court trying the case may after recording such conviction and upon the application of the injured party forthwith award him compensation for such damage or loss where the compensation claimed does not exceed two hundred pounds*

* *For the purpose of determining the amount of compensation or the liability of the accused therefor, the Court may refer to the proceedings*

and evidence at the trial, or hear further evidence either upon affidavit or verbal

* *Where any money of the accused have been taken from him, upon his apprehension, the Court may order payment in satisfaction or on account of the award as the case may be to be forthwith from such money.*

7.3.3 **Die Tydperk vanaf Uniewording tot en met die voltooiing van die werksaamhede van die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika** (1910-1976)

Ten einde 'n geheelbeeld te kry van wat gebeur het in die Strafproses sedert 31 Mei 1910 toe die vier Britse Kolonies; te wete Kaap, Natal, Transvaal en die Oranje Vrystaat tot die Unie van Suid-Afrika gegroepeer is, is dit nodig om stelselmatig deur die tydperke te stap wat 'n invloed op die strafproses soos ons dit vandag ken, gehad het. Hierdie tydperke begin met die Strafproseswet van 1917 en dit eindig met die Strafproseswet van 1977.

7.3.3.1 **Die Strafproseswet, wet nr 31 van 1917**

Artikels 363 en 364 is volgens Kane, (1935:260-262) van die meeste belang met betrekking tot die vergoeding aan die misdaad slagoffer en sien as volg daaruit:

* **Artikel 363**

1. "When any person has been convicted of any offence which has caused damage to or loss of property belonging to some other person, the court trying the case may, after recording the conviction and upon the application of the injured party, forthwith award him compensation for such damage of loss where the compensation claimed, does not exceed fifty pounds

2. For the purpose of determining, the amount of compensation or the liability of the accused therefor, the court may refer to the proceedings and evidence at the trial or hear further evidence either upon affidavit or verbal.

3. The court may order a person convicted upon a private prosecution to pay the costs and expenses of such prosecution in addition to the sum (if any) awarded under subsection (1) of this section. Provided that if such private prosecution was instituted after a certificate by the Attorney-General that he declined the prosecute, the court may order the costs thereof to be paid by the Crown.

4. Where any moneys of the accused have been taken from him upon his apprehension the court may order payment in satisfaction or on account of the award, as the case may be, to be made forthwith from those moneys ".

Indien gekyk word na die Criminal Procedure Code - Transvaal, (sien 7.3.2) behoort dit duidelik te wees dat daar baie raakpunte tussen die Code en die 1917 Strafproseswet bestaan. Cilliers, 1984:289) wys verder daarop dat die verskil waarskynlik daarin geleë is dat die wetgewer die bevoegdheid van die wet ten opsigte van die vergoedingsbedrag tot 'n maksimum van £50 beperk het, terwyl die Transvaalse Criminal Procedure Code die hof se bevoegdheid op £200 vasgestel het.

* **Artikel 364**

Artikel 364 bepaal dat " *When any person has convicted of theft or of any offence whereby he has unlawfully obtained any property and it appears to the court by the evidence that he sold such property or part of it, to any person who had no knowledge that it was stolen or unlawfully obtained and that money has been taken from the convicted person on his apprehension, the court may, on the application of such purchaser and on restitution of such property to its owner, order that, out of the money so taken from the*

prisoner and belonging to him, a sum, not exceeding the amount of the proceeds of the sale, be delivered to such purchaser ".

Artikel 364 van die Strafproseswet, wet nr 31 van 1917, kan as voorloper vir Artikel 301 van die Strafproseswet, wet nr 51 van 1977 gesien word rakende vergoeding aan die koper wat te goeder trou goedere wederregtelik verkry het.

7.3.3.2 **Die Veediefstalwet, wet nr 26 van 1923**

Die Uniewette, (1910 tot 1947:486) waaronder die Wet op Veediefstal, wet nr 26 van 1923 soos vervat in Artikel 10(1) bepaal dat die hof 'n wetlike verpligting het om 'n boete in die vorm van 'n vergoedingsbevel aan die oortreder te beveel in gevalle waar die volgende geld:

* *" het hof oortuigd is dat het vee of the produkten die het onderwerp vormen van de aanklacht, het eigendom zijn van de een of andere beizondere persoon*

* *dat vee of die produkten niet herkregen zijn of, indien herkregen, minder waard zijn kun marktwaarde ten tijde van de diefstal*

* *de eigenaar van dat vee of die produkten geen aanzoek doet volgens de bepalingen van die*

Kriminele Procedure en Bewijslewering, Wet 1917, om schadeloosstelling, moet het hof benevens enig vonnis dat het wegens een zodanige oortreding heeft opgelegd aan een veroordeelde persoon die een en twintig jaar oud of ouder is -

- *indien het vee of de produkten niet herkregen zijn, bedoelde persoon veroordelen tot een boete van niet meer dan de marktwaarde van het vee of de produkten toen ze gestolen werden; of*

- *indien het vee of de produkten herkregen zijn en minder waard zyn dan hun marktwaarde toen ze gestolen werden, bedoelde persoon veroordelen tot een boete van niet meer dan het verschil tussen bedoelde marktwaarde en de waarde van het vee of de produkten toen ze herkregen werden ".*

Die feit dat die hof verplig is om die oortreder 'n boete op te lê selfs al het die slagoffer nie om vergoeding aansoek gedoen nie, is 'n verbetering op die Strafproseswet, wet nr 31 van 1917.

7.3.3.3 **Die Strafproseswet, wet nr 56 van 1955**

Na aanleiding van die Landsdownkommissie se ondersoek na die Strafproseswet, wet nr 31 van 1917, en hul bevinding in hierdie

verband dat die Strafproseswet van 1917 inderdaad verouderd en uitgedien is, is die nuwe Strafproseswet, wet nr 56 van 1955 in die lewe geroep.

Artikel 352 van hierdie wet is van besondere belang vir die slagoffer in die eerste instansie, maar ook vir die oortreder in die Suid-Afrikaanse regsgeskiedenis omdat howe nou gemagtig is om 'n veroordeelde oortreder se vonnis uit te stel indien die voorwaarde van *skadeloosstelling* deur hom aan die slagoffer nagekom word.

Hiemstra (1967:456) wys daarop dat waar die persoon aan diefstal skuldig bevind is, sy vonnis tot gevangenisstraf opgeskort kan word met as voorwaarde dat terugbetaling aan die slagoffer geskied binne 'n vasgestelde tyd wat nie 'n drie jaar tydperk mag oorskry nie. Hiemstra verwys vervolgens na die volgende artikels van die Strafproseswet, wet nr 56 van 1955 wat op *skadevergoeding* betrekking het:

* Artikel 352(1) van die wet bepaal volgens Hiemstra (1967:452) dat:

> *(1) Wanneer iemand voor 'n hof skuldig bevind word aan 'n ander misdryf as in die Vierde Bylae genoemde misdryf of 'n misdryf ten opsigte waarvan die oplegging van 'n voorgeskrewe straf aan die persoon wat daaraan skuldig bevind word, verpligtend is, kan die hof*

na goeddunke -

(a) die oplegging van die vonnis vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar uitstel en die veroordeelde persoon vrystel op een of meer voorwaardes hetsy met betrekking tot skadeloosstelling, die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling vir skade of geldelike verlies, onderwerping aan opleiding of behandeling of aan die toesig of beheer (met inbegrip van beheer oor die verdienste of ander inkomste van die veroordeelde persoon) van 'n proefbeampte soos omskryf in die Kinderwet, 1960 (wet no 33 van 1960), verpligte bywoning van een of ander bepaalde sentrum vir 'n bepaalde doel, goeie gedrag of andersins wat op band van die hof opgeneem moet word in 'n betrokke borgakte om by verstryking van bedoelde tydperk te verskyn.

Artikel 352(1) verleen dus magtiging aan howe om aan die persoon wat gevangenisstraf uitdien opskorting van sy vonnis te verleen indien die skadeloosstellings-voorwaardes aan die slagoffer binne 'n sekere tydperk nagekom word.

* Artikel 357 van die wet bepaal egter dat die slagoffer eers in die hof moet aansoek doen om vergoeding van die oortreder te ontvang alvorens so 'n bevel deur die hof uitgereik word. (Hiemstra, 1967:468)

* Artikel 357(1) van die wet bepaal dat:

(1) *Wanneer iemand deur 'n hoërhof van 'n streeksafdeling of 'n laerhof met regsbevoegdheid in siviele sake, skuldig bevind word aan 'n misdryf waardeur skade aan, of verlies van eiendom behorende aan 'n ander persoon veroorsaak is, kan die hof wat die saak verhoor, na aantekening van die skuldigbevinding en op aansoek van die benadeelde party of van die persoon belas met die vervolging handelende in opdrag van bedoelde party, onverwyld skadevergoeding vir sodanige skade of verlies aan hom toeken. Met dien verstande dat -*

- *die hof van 'n streeksafdeling so 'n toekenning nie doen nie tensy die geëiste skadevergoeding duisend pond nie te bowe gaan nie*

- *'n laerhof met regsbevoegdheid in siviele sake so 'n toekenning nie doen nie tensy die geëiste skadevergoeding vyfhonderd pond nie te bowe gaan nie.*

Indien die hof uit eie beweging 'n bevel tot skadevergoeding gee, sal die slagoffer as benadeelde party volgens **artikel 357(8)** sonder sy eie toedoen, sy siviele remedie kwyt wees. (Hiemstra, 1967:468)

* Artikel 358 van die Strafproseswet, wet nr 56 van 1955 het betrekking op vergoeding aan die slagoffer wat te goeder trou gesteelde goed van die oortreder bekom het. Hierdie artikel bepaal dat:

  " Wanneer iemand aan diefstal of 'n misdryf waardeur hy goed wederregtelik verkry het, skuldig bevind word en dit uit die getuienis aan die hof blyk dat hy bedoelde goed of 'n gedeelte daarvan aan iemand verkoop het wat nie geweet het dat dit gesteel of wederregtelik verkry was nie, en dat geld van die veroordeelde persoon by sy inhegtenisneming geneem is, kan die hof, op versoek van so 'n koper en by teruggawe van sodanige goed aan die eienaar daarvan, gelas dat uit die geld wat aldus van die veroordeelde persoon geneem is, en wat aan hom behoort 'n bedrag van hoogstens die opbrengs van die verkoop aan so 'n koper oorhandig word ".
  (Hiemstra in Cilliers, 1984:293)

In 1959 is verdere erkenning aan die slagoffer as benadeelde party gegee deurdat die ou Veediefstalwet, wet nr 26 van 1923 (sien 7.3.3.2) hersien is met betrekking tot slagoffervergoeding. Hierdie wet is dan inderdaad deur artikel 15(1) van wet nr 57 van

1959 gewysig. Smit (1981:109) wys daarop dat ingevolge artikel 15 van hierdie wet, moet die hof die fokus na die slagoffer as *benadeelde party* verskuif. Indien die slagoffer teenwoordig is by die hofverrigtinge, moet sy aandag gevestig word op die bepalings van Artikel 357(1) van die Strafproseswet, wet nr 56 van 1955 wat die bevoegdhede van die howe ten opsigte van die maksimum vergoedende boetes bepaal as sou 'n streekshof 'n maksimum vergoedende boete van £1000 kan oplê, terwyl 'n distrikshof beperk is tot 'n maksimum van £500.

Dat daar egter duidelik uiteengesette voor-vereistes is waaraan voldoen moet word wanneer 'n boete tot restitusie soos vervat in artikel 15 opgelê word, word deur Hiemstra (1967:605) as volg verduidelik:

* *die vee moes die eiendom van 'n spesifieke persoon gewees het*

* *indien die gesteelde vee in dieselfde toestand teruggevind word as tydens die diefstal, word 'n boete tot skadevergoeding nie opgelê nie. Indien die waarde van hierdie diere egter verminder het, moet 'n boete gelykstaande aan hierdie verminderde waarde opgelê word*

* *'n bevel tot vergoedingsboete, word nie opgelê indien daar 'n aansoek tot vergoeding ingevolge die Strafproseswet deur die slagoffer bestel*

word nie

* *die markwaarde of die verminderde markwaarde van die gesteelde vee moet aan die hof bewys kan word*

* *die oortreder se ouderdom moet nagegaan word. In die geval van vergoedende boete moet die oortreder 21 jaar of ouer wees*

* *indien lyfstraf sonder gevangesetting opgelê word, moet die vermoë van die oortreder om so 'n boete te betaal goed nagevors word.*

Volgens Cilliers (1984:295) is die rasionaal hieragter om die beskuldigde uit die gevangenis te hou en sou daar geen sin in wees om 'n alternatiewe vonnis van gevangesetting ook oor die beskuldigde se kop te laat hang nie. Greef (Cilliers, 1984:295) spreek die volgende mening uit in 'n voorlegging in hierdie verband aan die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van Suid-Afrika:

" *Dit is goed dat regsprekende beamptes gereeld daarop gewys word dat ons gevangenisse oorbevolk is, dat eerste oortreders so ver moontlik uit die tronk gehou moet word, die nutteloosheid van kort termyn gevangenisstraf (wat is korttermyn gevangenisstraf in elk geval), en ook nog heelwat ander redes. Dit is die eenkant van die verhaal en moontlik al 'n bietjie oorbeklemtoon - maar daar is*

ook die anderkant van die storie. Menige landdros sal kan getuig dat hierdie tendens om vonnisse algeheel op te skort, ontevredenheid by 'n groot deel van die publiek wek. Om 'n voorbeeld te noem: A is met 'n mes deur B aangeval en A het 'n lelike liteken oor die lengte van sy gesig oorgehou , of A se hand se senings en senuwee was afgesny en nieteenstaande operasies en baie mediese uitgawes is die hand misvorm en die gebruik daarvan beperk. B word skuldig bevind maar hy is 'n jeugdige, eerste oortreder en het ook 'n paar drankies ten tye van die voorval ingehad. Duisende sulke voorbeelde kan genoem word en dit is nie uit die lug gegryp nie. Gaan sit vir 'n maand in een van ons besige distrikshowe van 'n groot stad.

Wat is die vonnis? Ses maande gevangenisstraf, alles opgeskort vir drie jaar op die gebruiklike voorwaardes. Dit is voorwaar moeilik om die klaer in die oë te kyk terwyl jy die vonnis in sy geheel opskort en jy sal ook nie die klaer graag buite wil ontmoet nie. Hier binne in jou worstel dinge teenmekaar ... dit gaan teen die regsgryn.

As in die voorwaardes van opskorting egter ook ingesluit kon word dat die beskuldigde vir A moes vergoed vir verlies van verdienste, mediese uitgawes en pyn en lyding, sou die, noem dit maar regsgevoel vakuum, daardeur voldoende bevredig gewees het.

Ook wat hierdie aspek betref, is 'n bevel tot vergoeding hoogs aanbeveelbaar.

7.4 DIE VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE STRAFSTELSEL VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Die kommissie is op 30 September 1974 benoem met as doel om:

> " *ondersoek in te stel na die strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika en om aanbevelings ter verbetering daarvan te doen. Met dien verstande dat die vraag of die doodstraf behou behoort te word nie ondersoek word nie* ".
> (Viljoenverslag, 1976:1)

Die kommissie het verder die taak gehad om die vestiging van 'n Staatsversekeringsfonds vir enige lid van die gemeenskap wat verlies gely het as gevolg van 'n misdaad, te ondersoek en bevindings en aanbevelings in hierdie verband weer te gee.

7.4.1 Bevindings van die kommissie

Een van die eerste bevindinge wat die kommissie gemaak het was die feit dat die howe so min gebruik maak van die skadevergoedingsvoorwaardes as plaasvervanger vir gevangenisstraf. Waar die gevangenispopulasie in Suid-Afrika reeds in 1974 uiters hoog was het die kommissie gevoel dat dit onder sekere voorwaardes 'n geskikte plaasvervangende straf in

die plek van gevangesetting sou uitmaak.

Die kommissie (1976:114) was voorts van mening dat die oortreder onder geen omstandighede deur sy onregmatige daad verryk mag word nie, en dat dit om hierdie rede vir die slagoffer, gemeenskap en oortreder belangrik is dat die howe wel voldoende magtiging sal hê om vergoeding aan die slagoffer te beveel.

Regter J.H. Steyn (1975:6) laat hom in hierdie verband as volg oor restitusie uit in sy voorlegging aan die kommissie:

> " *Gevangenisstraf vir die oortreder is dikwels 'n steriele genoegdoening vir die slagoffer wat sou verkies dat hy vergoed word vir skade wat hy nie elders kan verhaal nie* ".

7.4.2 **Aanbevelings van die kommissie**

Die volgende aanbevelings is in die Viljoenverslag (1976:129-131) vervat:

* *alvorens die bevel tot 'n boete gegee word, moet die vonnisopleggende beampte 'n vergoedingsbevel teen die oortreder oorweeg waar 'n misdryf begaan is teen die persoon of vermoë van die slagoffer*

* *om die vonnisopleggende beampte te help onderskei tussen die gepastheid van 'n vergoedingsbevel of*

'n boete in 'n bepaalde geval, het die kommissie die volgende riglyne neergelê:

- **vergoedingsbevele** *moet ter sprake kom indien die slagoffer wat geïdentifiseer kan word 'n verlies gely het as gevolg van die misdryf teen hom*

- **'n vergoedingsboete** *moet beveel word indien die slagoffer nie geïdentifiseer kan word nie, byvoorbeeld in die geval van sekere bedrogsake*

* *die voorwaardes vir vergoeding aan die slagoffer soos wat dit in Artikel 352(1) (a) van die Strafproseswet, wet nr 56 van 1955 omskryf is, moet meer algemeen toegepas word as wat tot dusver die geval was.*

7.5 **STRAFPROSESWET, WET NR 51 VAN 1977**

Met die implimentering van die nuwe Strafproseswet, wet nr 51 van 1977, het Artikels 297; 300; en 301 van hierdie nuwe wet alle vorige bepalings betreffende vergoeding aan die slagoffer vervang. Betreffende skadeloosstelling aan die slagoffer is dit net Artikel 44(2) van die Algemene Regswysigingswet, wet nr 93 van 1962 waar die hof gelas word om 'n bevel tot vergoedende boete op te lê, selfs al sou die slagoffer nie daarom aansoek gedoen het nie, wat dieselfde gebly het.

7.5.1 **Bepalings van Strafproseswet, wet nr 51 van 1977**

Kriegler, (1993:728-759) wys op drie maniere waarop die hof vergoeding aan die slagoffer deur die oortreder kan bestel:

- Artikel 297 - voorwaardelike of onvoorwaardelike uitstel of opskorting van 'n vonnnis

- Artikel 300 - waar die hof vergoeding toeken waar die misdryf skade aan, of verlies van goed veroorsaak het

- Artikel 301 - waar vergoeding aan die koper gegee word wat te goeder trou goed wederregtelik verkry het.

* **Artikel 297**

Die voorwaardelike of onvoorwaardelike uitstel of opskorting van 'n vonnis beteken dat:

(1) " *Waar 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan die hof na goeddunke-*

(a) *die oplegging van die vonnis vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar uitstel en die betrokke persoon-*

(i) op een of meer voorwaardes vrylaat, hetsy betreffende-

(aa) skadeloosstelling;

(bb) die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling weens skade of geldelike verlies;

(cc) die verrigting sonder vergoeding en buite die gevangenis van een of ander diens tot voordeel van die gemeenskap, onder toesig of beheer van organisasies, instelling of persoon wat na die oordeel van die hof die belange van die gemeenskap bevorder.

Skadeloosstelling onder Artikel 297, verskaf volgens Kriegler (1993:735) veel groter bevrediging as om 'n bedrag geld aan die Staat te laat betaal by wyse van 'n boete, of om die dader se produksievermoë af te sny met tronkstraf. Die skrywer wys daarop dat daar op die volgende punte betreffende skadeloosstelling gelet moet word:

- Waar 'n gesteelde bedrag aansienlik is, moet die beskuldigde in die vermoë wees om 'n redelike afbetaling te doen en daar moet goeie redes wees waarom opskorting verkieslik is bo gevangenisstraf

- Waar gedeeltelike vergoeding plaasgevind het, moet die gevangenisstraf na verhouding verminder word

- Indien die beskuldigde geen bate besit wat uitgewin kan word nie, kan 'n bevel tot skadeloosstelling soos hier bedoel, doeltreffender wees as 'n vergoedingsbevel ingevolge artikel 300, omdat hier 'n gevangenisstrafbedreiging agter die bevel sit.

Die algemene beginsels wat op skadeloosstelling van toepassing is en wat bespreek is in S v Tshondeni, S v Vilakazi 1971 4 SA 79 (T) is die volgende:

> *Die eerste oogmerk van 'n opskortingsvoorwaarde is om die veroordeelde uit die tronk te hou. Daar moet gewaak word teen 'n straf wat in die omstandighede te lig is en een wat deur die voorwaarde te swaar word*
>
> *Die tweede oogmerk is om die veroordeelde beter te laat besef wat die gevolge van sy onverantwoordelike optrede was*
>
> *Die derde oogmerk is om die benadeelde te vergoed vir die skade wat hy gely het. Daar moet gewaak word teen die gedagte dat die veroordeelde aan die klaer 'n boete betaal*
>
> *Daar moet daarteen gewaak word dat die strafsaak*

ontaard in 'n geskil oor die quantum. Nietemin moet die beskuldigde weet dat die hof besig is om die omvang van die skade te ondersoek en hy moet geleentheid kry om by wyse van vrae of eie bewyse die vasstelling daarvan te probeer beïnvloed

Die vasstelling van skade geskied na skuldigbevinding. Daarby is mediese koste en verlies aan inkomste ter sake, asook 'n bedrag vir pyn en lyding, wat binne die hof se goeddunke lê. Ander vermoënskade wat die benadeelde gely het, kan ook in ag geneem word

Die bedrag is nie beperk tot die landdros se boete bevoegdheid nie

Die betaalvermoë van die veroordeelde moet in gedagte gehou word. Derhalwe kan betaling in paaiemente beveel word. Dit is in orde om 'n bedrag toe te staan wat kleiner is as die werklike skade, bloot omdat die beskuldigde 'n groter bedrag nie redelikerwys kan betaal nie en tronk toe sal gaan, met die gevolg dat die klaer niks kry nie

Hoewel die bedrag vir pyn en lyding arbitrêr is, moet daar tog op die oorkonde verskyn op watter basis dit bereken is. Indien dit blyk dat die beskuldigde en die klaer op 'n bedrag ooreenge-

kom het, is daar geen probleem nie, en kan die straf opgeskort word op voorwaarde dat die beskuldigde sy onderneming binne 'n vasgestelde tyd uitvoer

Dit is in orde om slegs die vergoeding te laat betaal, onder opgeskorte strafbedreiging, sonder 'n boete of ander straf.

(Kriegler, 1993:735-736)

Die skrywer (1993:736) wys verder daarop dat skadeloosstelling alleen aan die klaer self betaal kan word en nie byvoorbeeld by manslag aan sy afhanklikes nie.

Vir navorser is bogenoemde bepalings betreffende skadeloosstelling soos wat dit vervat is in die Strafproseswet, wet nr 51 van 1977, die pilare waarop *restitusie* staan omrede daar reeds in die eerste drie beginsels dít vervat is waarop restitusie gebou is naamlik:

* om die oortreder uit die gevangenis te hou, (beginsel 1)

* om die oortreder met die gevolge van sy onverantwoordelike optrede te konfronteer wat as grondslag vir sy uiteindelike rehabilitasie kan dien, (beginsel 2)

* om die benadeelde slagoffer te vergoed vir die skade wat gely is as gevolg van die misdryf teen hom. (beginsel 3)

Artikel 300

Vergoeding wat deur die hof toegeken word waar die misdryf skade aan, of verlies van goed veroorsaak het, bepaal dat:

(1) " Waar iemand deur 'n hoër hof, 'n streekhof of 'n landdroshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat skade aan, of verlies van goed (met inbegrip van geld) behorende aan 'n ander persoon veroorsaak het, kan die betrokke hof, op aansoek van die benadeelde persoon of van die aanklaer wat in opdrag van die benadeelde persoon optree, onverwyld vergoeding aan die benadeelde persoon vir bedoelde skade of verlies toeken: Met dien verstande dat-

(a) 'n streekhof of 'n landdroshof nie so 'n toekenning doen nie indien die vergoeding waarom aansoek gedoen word, die bedrag wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die Staatskoerant ten opsigte van die onderskeie howe bepaal, te bowe gaan ".

(Kriegler, 1993:754). Gemelde skrywer (1993:755) wys daarop dat in 1992 is bedrae van R200 000 en R20 000 bepaal vir streekhowe en landdroshowe

onderskeidelik.

* **Vergoeding ingevolge artikel 300 of as opskortings voorwaardes ingevolge artikel 297**

Daar is twee maniere waarop die hof kan probeer om vergoeding aan die benadeelde te bewerkstellig:

* 'n voorwaarde van skadeloosstelling by 'n opgeskorte vonnis

* 'n bevel tot vergoeding kragtens hierdie artikel wat die uitwerking van 'n siviele vonnis het.
  Die volgende bepalings geld vir beide hierdie bevele:

* *Albei maniere is afhanklik van 'n skuldigbevinding waardeur skade berokken is; albei is diskresionêr; by albei gaan dit om <u>vergoeding</u> wat <u>benewens</u> straf gelas word en nie 'n " vergoedende boete " nie; en in albei gevalle bestaan daar ook 'n meganisme vir beraming van die skade*

* *Hierdie artikel is aangewese waar die persoon voldoende geld of uitwinbare bates besit om die skade in geheel of grotendeels te dek*

* *Hierdie artikel maak net voorsiening vir vergoeding weens " skade aan of verlies van goed " en gevolglik kan skadevergoeding vir aantasting van die klaer se liggaam, waardigheid of reputasie nie hieronder tuisgebring word nie.*
(Kriegler, 1993:757)

Wat betref die " totale skade " wat 'n slagoffer mag ly en wat ook kan insluit verkragting of aantasting van die klaer se liggaam, maak Artikel 300 nie voorsiening nie, en is die klaer is so 'n geval beter daaraan toe onder artikel 297.

Indien gekyk word na watter soort skade op vergoeding geregtig is , blyk dit dat diefstal van geld of eiendom, asook opsetlike saakbeskadiging onder Artikel 300 as gepaste misdrywe vir 'n vergoedingsbevel dien.

Kriegler (1993:756) maak verder melding van die feit dat **vergoedende boete** by veediefstal afgeskaf is deur 'n wysiging wat in Artikel 15 van die Wet op Veediefstal, wet nr 57 van 1959 aangebring is by Artikel 13(1) van Wet 102 van 1972. Die klaer by veediefstal is nou ook op hierdie artikel of op artikel 297 aangewese vir vergoeding.

Artikel 301

Ten opsigte van vergoeding aan die koper te goeder trou van goed wat wederregtelik verkry is, bepaal Artikel 301 dat:

* *" Waar iemand skuldig bevind word aan diefstal of aan 'n ander misdryf waardeur hy goed wederregtelik verkry het, en dit uit die getuienis aan die hof blyk dat so iemand bedoelde goed of 'n deel daarvan aan 'n ander verkoop het wat nie geweet het dat die goed gesteel is of wederregtelik verkry is nie, kan die hof, op aansoek van so 'n koper en by teruggawe van bedoelde goed aan die eienaar daarvan, beveel dat uit geld van so 'n veroordeelde persoon wat by sy inhegtenisneming van hom geneem is, 'n som wat nie die bedrag te bowe gaan wat deur die koper betaal is nie, aan hom terugbesorg word.*

Die koper te goeder trou van gesteelde goed wat hy weer moes afgee het kragtens hierdie wet geen ander regsmiddel nie as 'n aanspraak op geld wat van die beskuldigde geneem is ten tyde van sy arres. As die beskuldigde geen geld by hom gehad het nie, of te min, het die koper slegs 'n siviele eis. Kriegler, (1993:758-759) benadruk verder die feit dat die hof nie 'n koper te hulp sal kom wat in *pari delicto* was, soos as sou die koper geweet het dat dit gesteelde goed was wat die beskuldigde nie veronderstel was om te verkoop nie.

7.6 **DIE WET OP KORREKTIEWE DIENSTE, WET 8 VAN 1959**

Die wet op Korrektiewe Dienste, wet nr 8 van 1959 maak ook voorsiening vir die vergoeding aan die slagoffer van misdaad. Artikel 84 E(c) bepaal die volgende:

(1) Die Kommissaris kan, behoudens die bepalings van subartikel (2) en enige voorwaarde deur die hof bepaal, ter toepassing van korrektiewe toesig 'n toesiggeval inskakel by enige geskikte rehabilitasie- of ander program wat deur homself, 'n maatskaplike welsynsowerheid of enige ander instansie ingestel is om voorsiening te maak vir-

* die waarneming van en toesig oor toesiggevalle

* die verrigting van gemeenskaps- of ander diens deur toesiggevalle

* slagoffervergoeding, met inagneming van enige bevel wat die hof in diè verband uitgereik het

* die herinskakeling van toesiggevalle by die gemeenskap

* die rehabilitasie van toesiggevalle

* die invordering van fondse, met inbegrip van die invordering van koste van toesiggevalle ter uitvoering van die straf

* enige ander aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag.

(2) Wanneer die Kommissaris 'n toesiggeval kragtens subartikel (1) by 'n program inskakel wat deur 'n maatskaplike welsynsowerheid of ander instansie ingestel is, moet dit met die instemming van daardie owerheid of instansie, na gelang van die geval, geskied. (Kriegler, 1993:672)

Wanneer die hof beveel dat slagoffervergoeding betaal moet word, en die betaling geskied nie direk by die hof nie, moet die korrektiewe toesigbeampte dit as 'n voorwaarde van korrektiewe toesig stel. Die korrektiewe toesigbeampte moet met die toesiggeval ooreenkom of die bedrag eenmalig of in paaiemente betaal gaan word. By die berekening van 'n paaiementbedrag moet die toesiggeval se verdienste, finansiële vermoë, uitgawes en enige ander faktore van belang deeglik deur beide die korrektiewe toesigbeampte en die toesiggeval oorweeg word. Die Departement van Korrektiewe Dienste is verantwoordelik vir die administrasie en oorbetaling van die fondse en oorbetalings aan die slagoffer. Indien 'n toesiggeval nie die slagoffervergoeding betaal soos deur die hof gelas nie, is dit 'n verbreking van die toesigvoorwaardes en word daar paslik teen hom opgetree.

Die gemeenskapskorreksiekantoor moet verseker dat elke persoon wat slagoffervergoeding moet ontvang, daarvan in kennis gestel word en dat laasgenoemde aandui of die vergoeding persoonlik in ontvangs geneem of gepos moet word.

Wanneer die totale bedrag ten opsigte van slagoffervergoeding

oorbetaal is, moet die Hoof: Gemeenskapskorreksies die hof wat die slagoffervergoeding gelas het, skriftelik daarvan in kennis stel. Indien die tydperk van korrektiewe toesig verstryk alvorens die totale bedrag van slagoffervergoeding betaal is, moet die slagoffer dienooreenkomstig ingelig en versoek word om dit voortaan self te hanteer. Dit moet ook aan die hof per brief deurgegee word.

7.7 **SAMEVATTING**

Suid-Afrika was oor die dekades heen bekend daarvoor as 'n land wat van die hoogste gevangenisbevolkings in die wêreld het. Indien daar egter gesoek word na literatuur in verband met slagoffervergoeding het navorser gevind dat slagoffervergoeding soos in voorgaande bespreking, wel sy regmatige plek in die wetboek beklee, maar dat relevante literatuur en statistiek oor slagoffervergoeding in Suid-Afrika moeilik bekombaar is.

'n Verblydende ligpunt is die werksaamhede van die Waarheids - en Versoeningskommissie wat tans aan die gang is en waar, hoewel polities van aard die pendulum in die rigting van die slagoffer gedraai word.

Hoewel Suid-Afrika eiesoortige probleme het en nie onderwerp kan word onder slagoffermodelle van ander lande nie, is dit dwingend noodsaaklik dat so 'n vergoedingsmodel wat sowel restitusie as kompensasie insluit so spoedig moontlik in Suid-Afrika geïmplimenteer word ten einde die bes moontlik straf vir sowel

die oortreder, slagoffer as gemeenskap daar te stel. Aanbevelings vir die implimentering van slagoffervergoeding word in Hoofstuk 8 gemaak.

HOOFSTUK 8

SLOT

8.1 INLEIDING

Die Republiek van Suid-Afrika is tans in 'n proses van hervorming en verandering. Nie net op die politieke, maatkaplike en kulturele front word daar deurlopend besin oor die toekoms nie, maar ook op die terrein van die breë regspleging. Funksionarisse en navorsers worstel onverpoosd in 'n proses om die regsplegingstelsel tred te laat hou met die ontwikkeling in die land. Die hoë misdaadsyfer, ongekende vlaag van geweld en oorvol gevangenisse bemoeilik egter sinvolle wetenskaplike besinning en eksperimentering.

Die herbesinning oor die status quo bied egter ook die geleentheid om nuut te dink ten opsigte van aspekte wat binne die land se geografiese begrensing agterweë gebly het. Een so 'n aspek is die rol van die slagoffer van misdaad in die regsplegingstelsel. Waar die Republiek van Suid-Afrika onlosmaaklik deel is van Afrika, en sekere regsplegingsbeginsels in Afrika sekerlik ook in Suid-Afrika geld, moet die slagoffer as " verlore seun " van die regspleging vanuit 'n Afrika

perspektief weer onder die loep geneem word.

Tradisioneel is Afrikabeginsels geskoei op die goedmaking (reparation) van die misdaad en nie soseer op die vergelding (retribution) van die misdaad nie. Die slagoffer word dus sentraal gestel in die regspleging. Hierdie sogenaamde Afrikabeginsels sal sekerlik neerslag moet vind in die soeke na 'n stelsel waar die misdaadslagoffer tot sy reg sal kom. Die soeke na die herstelling van die rol van die slagoffer van misdaad kan ook verrykende gevolge hê vir die Regering se heropbou en ontwikkelingsprogram.

8.2 VERGOEDING AAN DIE SLAGOFFER VAN MISDAAD IN SUID AFRIKA

Soos blyk uit hoofstuk sewe, word daar baie min gedoen om die posisie van die slagoffer van misdaad in Suid Afrika te verbeter. Eerstens het die implimentering van 'n sentrale staatsfonds waar die slagoffer kompensasie ontvang, tot akademiese vertoë in hierdie verband beperk gebly en tweedens hoewel restitusie waar die slagoffer vergoeding van die oortreder ontvang deur die wet gemagtig is, word so 'n bevel selde uitgereik.

Uit hoofstuk twee behoort dit duidelik aan die leser te blyk dat die tradisionele strafvorme soos gevangenisstraf gefaal het in pogings om rehabilitasie by die oortreder en vergoeding aan die slagoffer te bied.

Dit het dus dringend noodsaaklik geword om 'n omvattende

slagofferkode daar te stel waar die slagoffer vergoeding kan ontvang vir die misdryf teen hom gepleeg. In hierdie slagofferkode moet die volgende vervat wees:

* die reg om restitusie van die oortreder te ontvang

* die reg om kompensasie van die staat te ontvang indien restitusie nie deur die oortreder gemaak kan word nie

* die reg tot bemiddeling gedurende enige stadium in die regsplegingsproses deur middel van raadgewing

* die reg om bystand te ontvang gedurende elke fase insluitende mediese, sielkundige, finansiële en regshulp

* die reg om beskerming teen kriminele viktimisasie deur die polisie en die wet

* die reg om ingelig te word oor elke stadium binne die strafregsisteem waarby die slagoffer belang het.

Hoewel hierdie proefskrif meer betrekking het op restitusie aan die slagoffer deur die oortreder, moet daar na die breë konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing gekyk word waarbinne 'n slagoffervergoedingstelsel moet funksioneer.

As daar na die breë konteks van die Suid Afrikaanse samelewing gekyk word waarbinne 'n slagoffervergoedingstelsel moet funksioneer, het navorser tot die slotsom gekom dat restitusie as selfstandige strafvorm, 'n defnitiewe impak kan maak veral as dit vir die uitvoering daarvan in sommige gevalle kan steun op 'n slagoffervergoedingsfonds.

Om hierdie rede gaan daar gekyk word na

* **restitusie** waar die oortreder aan die slagoffer vergoeding moet betaal en

* kompensasie uit 'n sentrale **slagoffervergoedingsfonds** waar dit nie vir die oortreder moontlik is om restitusie onmiddelik aan die slagoffer te betaal nie.

8.3 RESTITUSIE AS SLAGOFFERVERGOEDING

8.3.1 Aanbevelings betreffende die howekomponent en restitusie

Alvorens Restitusie as straf in Suid-Afrika beveel word, moet die howe besin oor die basiese toepassingsmaatreëls wat te make het met:

* die begrip slagoffer

* die bewyse van die misdryf teen die slagoffer en

* die tipe verlies wat vergoed moet word.

8.3.1.1 **Die begrip slagoffer**

Van der Westhuizen (1981:111) wys daarop dat onder "slagoffer" verstaan word die persoon wat as gevolg van omstandighede buite sy beheer; vermink, beseer, vernietig en doodgemaak word of wat sy besittings, gesondheid en eer moes prysgee. Die misdaadslagoffer kan dus volgens hierdie omskrywing gesien word as 'n persoon wat vanweë die wederregtelike doen en late van 'n ander persoon kwaadwillig ontneem word van sy lewe, liggaam, goed, eer of sekuriteit en wat daarop geregtig is om die oortreder te laat vervolg.

8.3.1.2 **Bewyse van die misdaad teen die slagoffer**

Lawton (Weatherill, 1986:460) wys daarop dat dit vir die strafreg voldoende is indien bewys kan word dat die verlies of skade wat die slagoffer gely het, die gevolg was van 'n misdaad teen hom. In Juridiese terme moet daar dus bewys kan word dat die oortreder 'n wederregtelike, willekeurige menslike handeling wat op straf verbied word teenoor 'n onskuldige ander persoon (slagoffer) gepleeg het.

8.3.1.3 **Die tipe verlies wat vergoed moet word**

'n Restitusiebevel kan teen die oortreder bestel word in alle gevalle van persoonlike beserings of vir verlies of skade wat die

slagoffer as gevolg van die misdaad sou ly. Skok wat die gevolg kan wees van eiendomsverliese of liggaamlike leed wat die slagoffer moes ly, kan anders as in die geval van kompensasie, ook vir vergoeding onder 'n restitusiebevel in aanmerking kom.

'n Bevel tot restitusie moet opgelê word as:

* 'n onafhanklike vonnis of

* as 'n strafvorm wat in samehang met 'n ander strafvorm opgelê word.

Restitusie moet gedurende drie stadiums in die strafproses geskied naamlik:

* ten tyde van die stadium wat bekend staan as die **inname stadium** in die strafproses. Hierdie stadium begin sodra die oortreder gekoppel kan word aan 'n spesifieke misdaad wat ter sake is, maar voordat die oortreder in die strafstelsel opgeneem word.

  Hierdie aanbeveling word gedoen omdat navorser restitusie op hierdie vlak wil koppel aan die **afwendingsgedagte** wat veral op die jeugoortreder of die eerste oortreder betrekking het. Daar word aanbeveel dat **bemiddeling** (mediation) hier 'n pertinente rol moet speel waar bemiddelaars wat bestaan uit

probasiebeamptes asook maatskaplike werkers, sielkundiges, onderwysers en predikante in samewerking met die polisie as bemiddelaars tussen die slagoffer en oortreder moet optree

* nadat die oortreder reeds in die strafstelsel opgeneem is byvoorbeeld waar daar reeds 'n soortgelyke oortreding bestaan het. Restitusie kan in hierdie geval as 'n selfstandige strafsanksie beveel word of dit kan gekoppel word as 'n **voorwaarde vir probasie**

* nadat die oortreder op **parool** 'n geringe misdaad gepleeg het wat van so 'n aard is dat dit nie nodig is dat die oortreder weer in die howe moet verskyn nie.

  Restitusie behoort in hierdie geval opgelê te word as 'n vorm van boete omdat die oortreder op parool hom skuldig gemaak het aan 'n misdryf.

8.3.2 Ontwikkeling van die restitusieplan - die bevel aan die oortreder

Na skuldigbevinding moet die volgende riglyne geld:

* die finansiële posisie van die oortreder, sowel as sy toekomstige finansiële posisie moet altyd bepaal word alvorens 'n bedrag vir restitusie

gestel word

* in gevalle waar liggaamlike beserings as gevolg van die misdaad opgedoen is, moet die restitusiebedrag vasgestel word op 'n bedrag wat gelykstaande is aan die finansiële onkostes wat die slagoffer moes ly as gevolg van mediese of sielkundige dienste aan hom gelewer

* in gevalle van beskadiging van eiendom of eiendomsverliese, moet die oortreder die eiendom terugbesorg indien dit nog in sy besit is of indien die waarde daarvan verminder het, moet 'n bedrag vir restitusie vasgestel word wat gelykstaande is aan die waarde wat die goedere gehad het ten tyde van die diefstal

* verlenging van die oortreder se probasieperiode behoort oorweging te geniet ten einde hom instaat te stel om die slagoffer ten volle vir die misdaad teen hom te vergoed

* indien die oortreder ondanks sy verlengde probasie periode nie instaat sal wees om volle restitusie te betaal nie, behoort die hof met in agneming van die finansiële posisie van die oortreder, 'n laer bedrag te bepaal as die volle bedrag wat benodig word

* restitusiebevele behoort onmiddelik van krag te wees

wat meebring dat onmiddelike betaling of betaling in paaiemente moet geskied.
Indien betaling in paaiemente beveel word, behoort die volgende riglyne te geld:

- restitusiebetalings moet voltooi word aan die einde van die probasieperiode of drie jaar vanaf die oplê van 'n bevel tot ondertoesigstelling

- vier jaar na voltooiing van gevangenisstraf of

- indien restitusie nie aan gevangenisstraf of probasie gekoppel word nie, vier jaar vanaf die oorspronkike datum waarop 'n bevel tot restitusie uitgereik is

* restitusie behoort voorang bo 'n boete te geniet indien die hof hom daarvan vergewis het dat die beskuldigde se finansiële posisie van sodanige aard is dat restitusie betalings wel gemaak kan word. Die rede hiervoor is dat die restitusiebedrag in die meeste gevalle hoër sal wees as die bedrag wat aan 'n boete betaal moet word.

8.3.3 **Ontwikkeling van die Restitusieplan - bystand aan die oortreder**

Dit sou as die ideaal beskou kon word indien oortreders in Suid Afrika soos in Amerika bystand van 'n verskeidenheid van

organisasies en instellings kon ontvang. Onder hierdie organisasies in Amerika tel werkondersteuningsagente, werkverskaffingsagente wat spesiaal hul mark rig op restitusiekliënte asook gesubsidieerde werkverskaffing, (sien 6.10.2)

Vanweë die swak toestand van die Suid Afrikaanse ekonomie is gemeenskapsdiens die enigste plek waar die oortreder wat tot restitusie beveel is, bystand kan verkry. Gemeenskapsdiens word verrig in die gemeenskap self of in 'n munisipaliteit soos byvoorbeeld die skoonmaak en opruiming van parke en openbare plekke. Die aantal ure wat aan gemeenskapsdiens bestee word, word bereken volgens die grootte van die restitusiebevel.

8.4 AANBEVELINGS BETREFFENDE 'N RESTITUSIEMODEL VIR SUID AFRIKA

'n Restitusiemodel in Suid-Afrika moet die volgende doelwitte nastreef:

* slagoffers van misdaad moet die vergoeding ontvang waarop hulle geregtig is

* programme moet aangebied word wat op die rehabilitasie van die oortreder gerig is en dus voorkomend van aard is

* gemeenskapsbetrokkenheid in die vorm van werkverskaffing deur instansies aan persone wat restitusie moet betaal

asook finansiële bydraes van kerke wat aangewend moet word vir rehabilitasieprogramme vir die oortreder sodat residivisme verminder kan word. Indien hierdie doelstelling bereik word, kan dit grooter veiligheid in die gemeenskap verseker.

* programme moet voorsienig maak vir bemiddeling tussen slagoffer en oortreder sodat 'n aanvaarbare oplossing vir die probleme van beide partye bereik kan word

* navorser beveel aan dat so 'n restitusiemodel binne die departement van Maatskaplike dienste moet funksioneer.
  Die administrasie moet deur probasiebeamptes en deeltydse personeel op die gebied van die kriminologie, penologie en sielkunde behartig word wat terselfdertyd ook as bemiddelaars en beraders kan optree.
  Sodoende maak dit die funksionering daarvan koste-efektief.

8.5 **SLAGOFFERVERGOEDINGSFONDS**

Navorser het aan die begin van hierdie hoofstuk gemeld dat betreffende slagoffervergoeding in Suid Afrika, daar ook gekyk moet word na restitusie wat in samehang met kompensasie aangewend kan word.

